

H A M L E T

PRINS VAN DENEMARKE

DEUR

WILLIAM SHAKESPEARE

VERTAAL DEUR

L. I. COERTZE

MET TEKENINGE VAN

MAUD SUMNER

STEWART

ALFREDSTRAAT — KAAPSTAD

1945




Te lewe of te sterwe: dis die vraag.

[Sien bladsy 79



TEKENINGE

Te lewe of te sterwe: dis die vraag -	Titelsplaat
	<i>Teenoor bladsy</i>
Laat my los, so nie maak ek 'n spook van hom wat my verhinder. Weg! - - - -	24
My heer, ek het van u gedagtenisse nog, wat ek al lank-al graag wou t'ruggee - - -	80
Daars roosmaryn, dis vir herinnering; ek smeeek u liefde wees getrou - - - -	96
Terwyl hy bid, kan ek dit maklik doen - -	112
Daar is 'n wilgerboom - - - - -	128



DRAMATIS PERSONAE.

CLAUDIUS, Koning van Denemarke.

GERTRUDE, Koningin van Denemarke en Hamlet se moeder.

HAMLET, seun van die vorige en neef van die teenwoordige koning.

POLONIUS, Hoofraadsman van die koning.

HORATIO, Hamlet se vriend.

LAERTES, Polonius se seun.

OPHELIA, Polonius se dogter en suster van Laertes.

VOLTIMAND,

CORNELIUS,

ROSENCRANTZ,

GULDENSTERN,

OSRIC,

'n Heer.

'n Predikant.

MARCELLUS,

BERNARDO,

FRANCISCO, 'n soldaat.

REYNALDO, 'n dienaar van Polonius.

Twee Harlekyne, doodgrawers.


FORTINBRAS, prins van Noorweë.

'n Kaptein.

Engelse Afgesante.

'n SPOOK, die gees van Hamlet se oorlede vader.

Howeniers, Hofdames, Offisiere, Soldate, Matrose,
Boodskappers, Dene en ander bediendes.



HAMLET

Prins van Denemarke

EERSTE BEDRYF

EERSTE TONEEL

Elsinore. 'n Skans voor die kasteel.*
(FRANCISCO staan wag en BERNARDO kom binne.)

BERNARDO: Werda?

FRANCISCO: Nee, antwoord my: hou halt en stel
uself bekend.

BERNARDO: Lank leef die koning!

FRANCISCO: Ber-
nardo?

BERNARDO: Ja hy.

FRANCISCO: U kom mooi stip op u
gesette tyd.

BERNARDO: Dis klokke-twaalf, gaan daad'-
lik slaap, Francisco.

FRANCISCO: Vir die verlossing dank ek u. Dis bit-
ter koud en ek is hartseer . . . moeg.

BERNARDO: Was al-
les stil?

FRANCISCO: Nie eens 'n muis gewaar nie.

* Spreek uit Elsinoor—drie lettergrepe.

BERNARDO :

Goei-

enag. Ontmoet u dalk Horatio
en Marcellus, my maters hier op wag,
laat hul tog gou-gou kom.

FRANCISCO :

Ek dink ek hoor
hul reeds. Staan stil! Werda?

(HORATIO en MARCELLUS kom binne.)

HORATIO :

Dis vriende hier.

MARCELLUS : En Deense onderdane.

FRANCISCO : Ek sê u nag.

MARCELLUS :

Soldaat, vaarwel, wie het
u afgelos?

FRANCISCO :

Bernardo het my plek.
Nou goeie nag.

MARCELLUS :

Holla! Bernardo!

BERNARDO : Is dit Horatio?

HORATIO :

'n Stuk van hom.

BERNARDO : Horatio, u's welkom. Welkom Mar-
cellus.

MARCELLUS : En het die ding alweer vannag
verskyn?

BERNARDO :

Nog niks gesien nie.

MARCELLUS :

Horatio sê dis ons verbeelding slegs.
Hyself glo niks, ja niks van wat reeds twee-
keer deur ons waargeneem is. Daarom het
ek hom gesmeek om saam die wag te hou
vannag, sodat as die gedaante sy
verskyning maak, hy ons moet glo en daar-
mee praat.

HORATIO :

Ag kom! daar sal tog niks verskyn
nie.

BERNARDO :

Sit 'n bietjie hier en neig u oor
steeds doof vir wat ons tweekeer moes aanskou.

HORATIO: Nou goed dan, laat ons sit en luister wat Bernardo te vertelle het.

BERNARDO: Verle-
de nag, toe daardie einste ster, die een aan die pool se weste kant, sy baan voltooi het tot die plek waar hy vanaand so mooi rooi gloei, het Marcellus en ek, die klok het juis toe een geslaan—

MARCELLUS: Genade man,
bly stil! Daar kom dit weer!

(SPOOK kom binne.)

BERNARDO: Die voorkoms laat
weer dink aan ons oorlede koning.

MARCELLUS: Hoog
is u geleerd, Horatio, toe, praat met die ding.

BERNARDO: Dit lyk na ons oorle-
de koning. Kyk, Horatio!

HORATIO: Presies
op hom. Ek word geteister met verba-
sing en met vrees.

BERNARDO: Kyk, dit verlang om aan-
gespreek te word.

MARCELLUS: Horatio, toe vra
dit uit.

HORATIO: Sê watter ding is u, wat in die donkerte en in die oorlogsdrag waarin die reeds begrawe majesteit van Denemarke soms marsjeer het, in ons buurte rond kom dwaal? Toe, praat met my in hemelsnaam.

MARCELLUS: Dit lyk vererg.

waarom die mark vir vreemde wapentuig juis hier is en waarom gedwonge arbeid, die skeepswerflawaai nie eens op Sondag laat verflou nie. Waartoe dien die haas wat mens en dier laat sweet, wat dag van nag en nag van dag moet maak? Sê, wie van u vertel my dit?

HORATIO :

Dit kan ek;

kyk, ons oorlede koning wat so pas aan ons verskyn het was 'n dapper man en Fortinbras van Noorweë wou net so dapper wees. Ons koning het hy uitgedaag om teen hom te gaan veg. Daarby, het Fortinbras gewed dat hy sal wen. As Fortinbras verloor—so het die wedenskap gelui—sou hy sowel sy lewe as sy grondgebied verloor. Hierteen het onverskrokke Hamlet—so is hy beoordeel in ons wêreld—ook iets ingesit wat hy sou moes verbeur, as Fortinbras sou wen. Met 'n verbintenis van eer, van wet en reg wat formeel aangegaan en uitgevoer is, is die saak bevestig. Hamlet het gewen. Tenminste, hierdie storie word hier sagkens rond vertel. Nou het klein Fortinbras, 'n seun met weinig ondervinding en 'n drifkop, ver van Noorweë 'n aantal wetelose lummels, wat vir kos en slaapplek al's sal waag, van oral bymekaar geskraap. Met hierdie raap- en skraapsels sowel as met geweld, wil hy sy vader se verlies op ons verhaal. Dit is die oorsaak en die rede hoor, (so lyk die saak vir my) van al ons voorbereidsels

van al ons halsoorkop gehaas en ook van hierdie nagtelike wagte.

BERNARDO :

U

is reg. Dit kan nie anders wees nie, dat die beeld van hom wat oorsaak van die oorlog is, juis nou gewapend deur ons wag kom sluip.

HORATIO :

Dit is 'n splinter in my gees-tesoog. In die bekende glorieryke stad, beroemde Rome, net voor die moord op grote Caesar het die graf-tes oopgeskeur en skrilte brabbelta-le van gekiste dooies uitgegaan dat alles duidelik gehoor kon word in elke straat van Rome. Aarde en die hemel was ontsteld. Die sterre was met bloed bedou en strepe vuur hul sleep. Ongustig het die son gestaan. Die maan, regeerder van die see, was siek en donker. Met dergelike voorbodes, die tou-leiers van bose rampe, inleiers van ongelukke het die hemele en aarde saam aan sterweling hul besoekings aangekondig. Maar sjuut, kyk, daar kom dit weer.

(SPOOK kom binne.)

Op risiko dat ek verbrand sal word, gaan ek daarop 'n kruis slaan. Staan verskynsel! As u geluid kan maak, of stem tot u beskikking het, praat met my: as iets gedoen moet word wat u tot rus sal bring en my genade sal verleen, praat met my:
As u bekend is met die noodlot van ons land

wat ons kan afweer as ons daarvan weet,
praat tog!

Of mog u soms 'n skat vergaar het en
in aardse boesem dit verberg het toe
u nog in lewe was, 'n rede waar-
om geeste soms kom dwaal, (so word gesê),

['n Haan kraai.

praat daarvan: Staan! Praat. Keer daar, Marcellus.

MARCELLUS: Sal ek hom met die wapen slaan?

HORATIO: Ja se-

ker, as dit net sal staan!

BERNARDO: Dis hier!

HORATIO: Dis hier!

[SPOOK af

MARCELLUS: Dis vort!

Ons doen verkeerd; aan iets so vol van ma-
jesteit is 'n klein krieseltjie geweld
of selfs 'n sweem daarvan 'n onreg. Dis
onkwesbaar soos die lug. Ons tevergeef-
se houe is kwaadaardige, onwaar-
dige gespot.

BERNARDO: Dit wou net praat toe kraai
die haan.

HORATIO: En toe het dit oploop gesit
soos een vol skuld, wat vir iets vreesliks in
die oproep skrik. Aan my is oor en oor
vertel hoe 'n hoenderhaan, basuin van mô-
restond, met trillend skerpe stem die dag-
god wek en elke luggees, seegees, aard-
gees, vuurgees wat 'n bietjie nog wil dwaal
weet dan dis tyd om tuistes op te spoor.
Na die gebeurtenisse van vannag
glo ek nou hierdie storie ook.

MARCELLUS: Met ha-
nekraai het dit verdwyn. Daar word gesê

dat immer as dit tyd word dat die mens juig oor die geboorte van die Saligmaker en dit moet herdenk, die dagbreekvoël die heelnag sing. Daarby vertel hul ook, dat in dié tyd geen gees sy aangewese skuilplek durf verlaat nie, as gevolg waarvan die naglug dan juis heilzaam is; geen nare siektes kom dan van kabouters of planete nie. Dis dan dat hekse ook geen mag het nie. Geseënd en so genadevol is hierdie tyd.

HORATIO: Dit het ek ook gehoor en glo dit ook gedeeltelik. Maar kyk, daar loop die môre reeds in roes gekleed op dou oor daardie oostelike bult en maak daarmee aan hierdie wag 'n end. Neem my advies nou aan en laat ons wat vannag gebeur het gaan vertel aan jong prins Hamlet, want hoewel vir ons skoon stom sal dit met hom tog seker praat. Stem in dat ons hom gaan vertel. Onmisbaar soos ons liefde is, so pas dit by ons plig.

MARCELLUS: Ek soebat u laat ons dit doen. Toevallig weet ek juis vanmôre waar om hom te vind en waar die nuus vir hom gerieflik meegedeel kan word.

[*Exeunt.*]

TONEEL II.

'n Kamer van die koning in die kasteel.

(KONING, KONINGIN, HAMLET, POLONIUS, LAERTES, VOLTIMAND, CORNELIUS, *here en bediendes.*)

KONING: Die dood van Hamlet, ons oorlede broer

is nog so vars in ons geheue dat dit uiters paslik is om hom in droefheid te gedenk en nie net ons nie maar ons hele koninkryk moet rou as een; tot in die mate het ons oordeel van ons aard verskil dat ons in koninklike droefheid hom gedenk, maar sonder om ons selwe te vergeet. Ons suster eertyds, nou ons koningin, beskikster saam met ons van hierdie staat, het ons tenspyte van bedorwe vreug, van laggend en betraande oog, van rousang met 'n brui-
lofslied te meng, tot vrou geneem—ons weeg ons vreug en droefheid in gelyke skaal. Soos u bekend my eed'le here het ons hier u wysheid nie verby gestreef nie, wat steeds vry met ons in hierdie saak gegaan het. Ja, u instemming is seer vertroostend. Daarvoor dank. En nou moet ek u sê het jonge Fortinbras, met onderskatting van ons krag, of denkende ons broer se sterfte het ons staat uit lit geruk en aangepor deur hierdie droom van meerderwaardigheid, met skrif en mondelinge woord ons tot vervelens-toe getreiter om die grondgebied wat deur ou Fortinbras verbeur is aan ons dapper broer, terug te kry. Hy dreig selfs met geweld en dit tenspyte daarvan dat die grondgebied sedeer is ooreenkoms-
stig reg. Van hom genoeg. Ons sake vir vandag is dit: vir Noorweë se koning, kleine Fortinbras se oom wat bedlêend onmagtig en onkundig is omtrent sy neef se streke het ons hier

presies geskryf en hom gevra dat hy sy neef in toom moet hou, want al sy voorbereidsels word gemaak op Noorse grondgebied en onder Noorse onderdane. Nou, Cornelius en u my goeie Voltimand, na Noorweë word u gestuur met hierdie groete. U bevoegdheid strek nie verder as in hierdie brief geskrywe staan. Geen ander opdrag word u meegee nie. Voorspoed op u reis. U haas moet selfs u pligsbesef oortref. Vaarwel.

CORNELIUS EN VOLTIMAND: Soas in alle ander take sal ons hierin ook ons plig getrou verrig.

KONING: Ons twyfel nie daaraan nie, hartelik vaarwel.

[*Exeunt* VOLTIMAND en CORNELIUS.]

En nou Laertes, wat kan ons vir u tans doen? U het ons reeds van 'n versoek verwittig. Wat is daar wat redelik gevra kan word, waaroor u hoef te swyg? Laat hoor u stem. Wat kan u vra, wat nie u bede nie maar ons geskenk sal wees? 'n Mens se hoof is aan sy hart nie meer verwant, sy hand nie meer noodsaaklik vir sy mond nie, dan jou vader vir en aan die troon van Denemarke. Wat wil u hê Laertes?

LAERTES:

Vreselik-

e heer, verlos en guns om weer na Frankryk t'rug te keer, vanwaar ek vir u kroningsplegtigheid gekom het, maar, nou dat die plig volbring is, neig my binneste

gedagtes en begeertes t'rug na Frankryk. Hiervoor word verlof gevra en u genadige verskoning.

KONING: U vader se verlof, is dié al ingewin? Wat sê Polonius?

POLONIUS: Hy het, my heer, my trae instemming met sy aanhoudende gesmeek, verwerf. Op sy gesoebat is my hart vermurwe. Laat hom tog maar gaan, versoek ek u.

KONING: U is volkome vry, Laertes, om na willekeur u doen en late self te reël. En nou neef Hamlet, tans my seun—

HAMLET (*tersy*): Meer neef as seun, meer seun as goed is.

KONING: Waarom hang die wolke nog om jou?

HAMLET: Nee, edel heer, die sonlig val te veel op my.

KONINGIN: My goeie Hamlet, toe, laat jou swartgalligheid tog los; bekyk ons Denemarke met bevriende oog en soek nie altyd met terneergeslane blik, jou vader in die stof waar hy nie is nie. Dis gewoon dat al wat leef moet sterf om so die ewigheid te erf.

HAMLET: Dit is gewoon, Mevrou.

KONINGIN: Maar waarom skyn in jou geval dit dan so erg besonder?

HAMLET: Skyn, Mevrou? O nee! Dit is. Ek ken geen skyn nie, moeder, nóg terneergedrukte houding nóg die roukleed, nóg die plegtigheid van swart drag, nóg

die oorvol oogfonteine, nóg forseerde winderige sugte nóg 'n ander droefheidsbui kan my tipeer. Ja hierdie dinge is die tooisel en die tuig van droefheid; stukke wat 'n man kan speel. Dis hulle wat slegs skyn is, maar wat ek vertoon dit leef in my.


KONING:

Dis mooi en prysenswaardig, Hamlet, om teenoor u vader hierdie rou-verpligtings na te kom, maar altyd moet u tog onthou, u vader het die sterfte van sy vader ook betreur en daardie vader weer sy vader en so meer. Op sy beurt was mos elke seun verplig tot roubetoon. Die eerbied eis dit, ja, maar slegs vir 'n bepaalde tyd—nie langer nie. Om steeds in roubeklag voortdurend deur te gaan is heiligskennis, onvergeeflike hardnekkigheid, onmanlik selfs. Dit toon 'n inkorrekte houding teenoor die Voorsienigheid. Dit openbaar 'n onversterkte hart, 'n ongeduldigheid van gees, 'n kinderagtige begrip van alledaagse dinge, wat 'n opgevoede man soos jou onwaardig is. Waarom sal ons in knorrige verset dit alles so ter harte neem? Foei, dis fout om so te murmureer, 'n fout teenoor die hemel, dooies en natuur. Dis dwaas om nog te redeneer waar die natuur se tema is, 'n reeks van afgestorwe vaders waar vanaf die eerste lyk tot die wat net vandag gestorwe is, gesê kan word „Dit moet so wees.” Ons soebat u begraaf



*Laat my los, so nie maak ek
'n spook van hom wat my verhinder. Weg!*

[Sien bladsy 40



die nuttelose droefheid. Dink aan ons as aan 'n vader. Aan ons troon staan u die naaste. Daarvan moet die wêreld kennis neem. Wat ons teenoor u koester is nie minder edel as die teerste liefde van die trouste vader. Daarom is ons ongeneë om te sien dat u terug na skool in Wittenberg vertrek. Ons smeek u dat u hier vertoef; in vrolikheid en troos van ons geselskap bly, as ons vernaamste howenier, ons neef, ons seun.

KONINGIN: Laat my gebede tog verhoor word, Hamlet, bly by ons. Ek smeek jou gaan tog nie na Wittenberg.

HAMLET: Mevrou, aan u sal ek so goed ek kan gehoorsaam wees.

KONING: 'n Liefdevolle en 'n goeie antwoord. Mooi so! Wees soos ons in Denemarke. Kom, Mevrou, my hart voel bly oor die sagaardige, toegeeflike instemmingheid van Hamlet. Dus, ter ere hiervan sal daar nou gedrink word onder die gebulder van ons groot kanon, wat met 'n aardse donder aan die wolke sal verkondig dat 'n koning hom vannag oordrink. Ons gaan, mevrou.

[*Exeunt almal behalwe* HAMLET.]

HAMLET: O laat die vaste, veels te vaste, vlees tog smelt, in dou verander. Mog die Allerhoogste nooit op selfmoord sy verbod geplaas het nie. O God, O God, hoe erg vervelend, hoe afmattend, leeg, hoe afgesaag en doelloos is die lewe, alles op die wêreld. Ag, foci, 'n vervuil-

de tuin is dit, waar onkruid besig is
om saad te skiet. Dit word bewoon deur wal-
gelike dinge. Dat dit nou moet gebeur!
Slegs twee maande dood. Nee nie twee nie.
En so 'n goeie koning! Vergelyk
ons hom met hierdie een, dan sien ons hoe
Hyperion langs aan 'n bosgod lyk;
so lief had hy my moeder dat hy selfs
die winde nie wou toelaat om te hard
teen haar gesig te waai nie. Liewe he-
mel, waarom moet ek alles tog onthou?
Aan hom het sy gehang met 'n begeerte
wat skynbaar deur bevrediging steeds aan-
gewas het. En tog minder as 'n maand—
ek moenie daarvoor dink nie. Broosheid jou naam
is vrou—'n kleine maand, nog voor die skoe-
ne wat sy aangehad het, ja, toe sy
die ene trane soos Niobe va-
der kerkhof-toe gevolg het, halfslyt was,
toe trou sy weer en trou sy met my oom,
'n broer van vader, maar hoewel aan hom
verwant, is hy so min aan hom gelyk
as ek aan Hercules. Die sout van god-
delose trane het haar oë nog
nie rooi gebrand nie—minder as 'n maand—
toe trou sy weer. 'n Redelose dier
sou langer uitgehou het. Goddeloos-
ste haastigheid. Dit is nie goed nie. Goed
kan dit nie baar nie. Breek my hart, ek mag
daar nie oor praat nie.

(HORATIO, MARCELLUS *en* BERNARDO *kom binne.*)

HORATIO: Gegroet u heerskap!

HAMLET: Ek is verheug om u gesond te sien.

Dis mos Horatio? Vergis ek my?

HORATIO: Dieselfde een, my edele, u dienaar tot u diens.

HAMLET: My goeie *vriend* ; dit is die naam wat ek met u sal wissel. Hoekom is u hier instede van in Wittenberg? Wat bring u tuis, Horatio? En Marcellus?

MARCELLUS: My edele heer—

HAMLET: Dis 'n plesier om u te sien. Gegroet. Wat bring u hier?

HORATIO: Die lus tot stokkiesdraai, my edele heer.

HAMLET: U vyand sal dit nie van u kan sê nie. Waarom moet u nou my oor geweld aandoen deur van u self te sê wat nie geglo kan word nie. Stokkies sal u nooit nie draai nie. Watter sake het u hier in Elsinore? Voor u vertrek sal ons u leer hoe om te drink. So leef ons nou in hierdie plek.

HORATIO: My heer, vir die begrafnis van u vader was my koms.

HAMLET: Studentemaat, ek smeeek u, moenie spot nie. Ek vrees dit was die bruilof van my moeder wat u hier gebring het.

HORATIO: Dis waar; dit het heel gou daarop gevolg.

HAMLET: Dis spaarsaamheid, Horatio, slegs spaarsaamheid wat hier begrafniskos op bruilofstafels koud laat smaak het. Mog ek liewers my ergste vyand in d'hiernamaals raakgeloop het as om hierdie dag te ondervind, Horatio, my vader—my dunk ek sien my vader.

HORATIO: Wa— waar my heer?

HAMLET: In my geestesoog, Horatio.

HORATIO: Ja, een-
keer het ek hom gesien. Aansienlik was
sy koninklike voorkoms.

HAMLET: Hy was 'n man van kop tot toon. Uit een stuk
was hy en weergaloos, sal sy gely-
ke nie gesien word nie.

HORATIO: My heer, ek glo
hy is verlede nag deur my gesien.

HAMLET: Gesien? Wie?

HORATIO: My heer, die koning, u oorlede vader—

HAMLET: Wat?

HORATIO: —Kalmere uself. 'n Wonder moet ek u
vertel, met hierdie here tot getuies.

HAMLET: In hemelsnaam, vertel tog gou!

HORATIO: 'n Sonderlinge voorval was die on-
dervinding van die here, Marcellus
en Bernardo. Reeds twee keer is hul op
hul wag en in die diepte van die nag
oorval deur 'n gedaante soos u va-
der, wat van kop tot toon gewapend is,
voor hul verskyn en statig plegtig by
hulle verby marsjeer't. Reeds drie keer het
hy voor hul oë, binne kierieleng-
te van hul af verbygegaan. Terwyl
deur doodse vrees bevange hulle as-
vaal stom gestaan het. My het hulle dit
as 'n geheim vertel. Toe het ek saam
die derde nag gegaan om wag te hou.
En daar is elke woord van hul verhaal
bewaarheid. Die gedaante het presies
verskyn soos hul vertel het, wat die uur
en uiterlik betref. U vader het
ek goed geken; en die verskynsel lyk
na hom, soos my twee hande op mekaar.

HAMLET: Maar waar was dit?

MARCELLUS : My heer, daar buite op
die steier waar die wag geplaas is.

HAMLET : Het
u dit nie aangespreek nie?

HORATIO : Ja, my heer,
ek het, maar antwoord was daar nie. Dit het
gelyk of dit wou praat; die hoof net een
keer opgelig asof dit iets wou sê,
toe kraai 'n haan. Met hierdie hoenderkraai
het dit in haas verkrimp en so voor ons
gesig verdwyn.

HAMLET : Dis baie snaaks.

HORATIO : So waar
ek leef, dis waar, my heer. Ons het gedink
ons plig dikteer dat ons dit u moes kom
vertel.

HAMLET : Natuurlik, inderdaad, menere maar
dit hinder my. Wie staan vannag op wag?

MARCELLUS EN BERNARDO : Ons, my edele heer.

HAMLET : Gewapend, nè?

MARCELLUS EN BERNARDO : Gewapend, ja, edele heer.

HAMLET : Van kop tot tone?

MARCELLUS EN BERNARDO : Edele heer, van onder af tot bo.

HAMLET : En sy gesig, het julle dié gesien?

HORATIO : O ja, my heer, sy helmklep was opgelig.

HAMLET : Hoe't hy gelyk? Was daar in sy gesig
'n frons van gramskap?

HORATIO : Eerder droefheid as
'n blik van gramskap sou ek sê.

HAMLET : Was dit bleek
of rooi?

HORATIO : Nee, baie bleek.

HAMLET : Met oë stip
op u gevestig?

HORATIO: Ja, voortdurend stip
op my gevestig.

HAMLET: Ai, ek wens ek was
ook daar gewees.

HORATIO: Dit sou u dronkgeslaan
het.

HAMLET: Heel waarskynlik, heel waarskynlik. Het
dit lank gebly?

HORATIO: Omtrent so lank as no-
dig is om met 'n redelike vaart
'n honderdtal te tel.

MARCELLUS en BERNARDO: Nee langer, dit
was langer.

HORATIO: Nie toe ek daarna gekyk
het nie.

HAMLET: Sy baard, was dit grou-grys? Nie?

HORATIO: Nee,
dit was soos toe hy nog gelewe het,
'n grys haar hier en daar, maar verder swart.

HAMLET: Vannag staan ek ook wag. Dalk loop dit weer.

HORATIO: Ek kan dit waarborg.

HAMLET: As dit hom as va-
der voordoen sal ek daarmee praat, al gaap
die hel voor my met opdrag dat ek stil
moet bly. Ek vra u almal om, indien
u niks van hierdie saak tot nou gerep
het nie, daaroor nog verder ook te swyg.
En praat tog ook geen woord van wat vannag
nog sal gebeur. U liefde sal beloon
word. Wees gegroet u almal. Tussen elf
en twaalf besoek ek u op wag.

ALMAL: Ons plig
is onderworpe aan u eer.

[*Exeunt* HORATIO, MARCELLUS en BERNARDO.]

HAMLET: Gewapend, op mars, is die gees van my vader;
 verkeerd is die dinge wat om my gebeur.
 Dis vuilspel wat ek nou vermoed. Ek wou
 dit was al nag; tot dan nog wag.
 Gemene dade sal verrys al is
 die hele aarde self die hoop wat hul-
 le vir die menselike oog begrawe.

[*Exit* HAMLET.]

TONEEL III.

'n Kamer in Polonius se huis.

(LAERTES en OPHELIA kom binne.)

LAERTES: Al my bagasie is aan boord, vaarwel:
 my sustertjie, solang daar winde waai
 sal daar ook skepe wees om jou berig-
 te aan my oor te bring. Moet dus nie slaap nie,
 maar skryf vir my—

OPHELIA: Maar twyfel jy daaraan?

LAERTES: Wat Hamlet en sy guns betref: onthou
 dis mode vir 'n jonge man om aan-
 dag aan 'n nôi te skenk. Daarby kan dit
 'n streek van hartstog wees. Die knop van 'n
 violtjie in die vroeë lente, ou-
 lik, maar seer kort van duur, ook soet maar se-
 kerlik nie duursaam nie; so 'n sekun-
 de lange geur en pret. Meer nie.

OPHELIA: Nie meer
 as dit nie?

LAERTES: Ja, skat dit nie hoër nie,
 want onderworpe aan verandering
 en groei is die natuur en ook die mens
 en as die mens uitdy is dit nie slegs
 sy vlees en spiere nie, dis ook die bin-

neste wat groei. Hy mag vir jou vandag bemin met niks wat tans sy suiwerste bedoelinge beswadder of besmeer nie; maar pasop. Oorweeg sy status. Sy wil is nie sy eie nie. Dis aan sy herkoms onderworpe. Hy kan nie soas gewone mense, eie wense volg nie, want die veiligheid en rus van hierdie ganse staat hang van sy keuse af; dit word beïnvloed deur die wel en wee van daardie liggaam waarvan hy die hoof is. Dus, as hy sou sê hy het jou lief, dan moet jou wysheid dit gerade ag om so sy woord te neem soas van iemand wat geplaas soos hy, die woord dalk nie gestand kan doen nie; want meer as die Deense volkstem hou die woord nie in nie. Oorweeg wat jy aan eer sou kan verbeur as jy oorgretig na sy sange luis-ter, of verlief sou raak; miskien jou kuise skat gaan open aan 'n onbetuëlde geleëntheid. Pasop Ophelia, pasop my liewe sus. Deur buite trefafstand te bly kan jy gevare wat daar in begeertes skuil vermy; bly by die agterpunt van jou gesindheid; die mees beskroomde nôï verkwis voldoende as sy net haar skoonheid vir die maan ontmasker. Deug ontsnap aan lasterhale nooit. Deur kankerwurm word die suigeling van die lente voor hul knopmaak vaak verteer; dis in die vroegte van die môre as die dou nog nat is dat aansteeklike vernietigers juis dreigend is. Wees wakker dan en koester vrees

my sussie, daarin lê die grootste veiligheid. Die jeug is teen homself opstandig by gebrek aan ander teenstand.

OPHELIA: Die indruk van jou goeie les sal ek verhef tot wagter van my hart; my goeie broer, moet net nie soos 'n predikant wat van genade nog maar min ontvang het, my die enge weg vol dorings na die hemel toe bedui nie, terwyl hyself tog o! so opgeblaas en roekeloos losbandig, die breë weg van lekkerleef bedrentel en eie raad vir winde strooi.

LAERTES: Bekommer jou maar nie oor my nie. Veels te lank draai ek. Hier kom ons vader in;

(POLONIUS kom binne.)

'n dubbel seën lei tot dubbel die genade. Die geleentheid glimlag nog 'n afskeid toe.

POLONIUS: Is jy nog hier Laertes!
Skande man, aan boord! aan boord! Die seile bol reeds in die wind. Vir jou word daar gewag. Laat ek jou groet en seën.

[Hy laat sy hand op LAERTES se kop rus.

Met hierdie raad

in jou geheue ingegrif vind jy karakter. Loop met jou gedagtes nooit te koop nie. Maak van ongebalanseerde denke nooit 'n daad nie. Wees in die omgang vriendelik en vry, nie laf of te gemeensaam nie. Wees trou aan troue vriende. Klamp hul aan jou hart met stale hake vas. Verswak jou oordeel nie deur omgang met Janrap en Jan se maters. Pas

vir rusie op, maar as dit kom laat jou dan geld, sodat jou teenstander vir jou wakker loop. Hoor elkeen uit, maar praat self min. Verneem van ander hul opinies maar, jou oordeel hou jy t'rug. Vermy in jou kledy die tierlantyne. Klee met smaak; wees deftig, lyk selfs ryk, maar nooit nie ryker as jou beurs kan dra nie. Onthou die vere maak ook soms die voël. In Frankryk lyk die beste mense altyd deftig. Hul kies met smaak hul drag. Onthou die flukes leen geen geld nie—hul vlyt word daardeur afgestomp—en skiet dit ook nie aan hul vriende voor nie. As hul iets verloor, verloor hul vriend sowel as geld.

Maar wees bo alles aan jouself getrou en daaruit volg, so seker as die nag op dag, dat jy teenoor geeneen ontrou of vals sal wees nie. Vaarwel.

En mag my seën dít in jou tot rypheid bring.

LAERTES: Seer nederig neem ek my afskeid vader.

POLONIUS: Jou tyd verstryk. Toe gaan nou! Jou bedien-
des wag.

LAERTES: Vaarwel Ophelia. Onthou
wat ek aan jou gesê het.

OPHELIA: Dis in my
geheue opgesluit en jy mag self
die sleutel hou.

LAERTES: Vaarwel. [Exit LAERTES.

POLONIUS: Ophelia!
en wat is dit wat hy aan jou gesê het?

OPHELIA: Met u verlof, dis iets omtrent lord Hamlet.

POLONIUS: Gedorie waar dis goed dat hy daaraan
gedink het. Oor lord Hamlet word my mee-
gedeel dat hy vaak in die jongste tyd

sy aandag en sy tyd aan jou bestee
 het; ook dat jy met jou aanwesigheid
 nogal vrygewig, selfs milddadig was.
 As dit die ware toedrag is—en so
 word dit aan my vertel om my te waarsku—
 dan moet ek aan jou sê dat jy jouself
 wel nie so goed verstaan, soos dit my dog-
 ter en jou eer betaam nie. Wat is daar
 nou tussen julle? Vertel die waarheid.

OPHELIA: Veel betuiginge het ek van hom onlangs
 omtrent sy toegeneëtheid teenoor
 myself ontvang.

POLONIUS: Sy toegeneëtheid! Kom bog. Terwyl
 jy sonder ondervinding in gevaar
 verkeer, praat jy soos een wat groen is. Glo
 jy sy betuiginge, soos jy dit noem?

OPHELIA: Ek weet nie, vader, wat daarvan te dink
 nie.

POLONIUS: Ek sal jou gedoriewaar vertel
 wat jy moet dink. Dink, jy is 'n babetjie
 omdat jy sy betuigenisse, wat
 hy onopreg bedoel het, aangeneem
 het vir opreg. Kyk, hou jouself 'n iet-
 sie skaarser of—laat ek dit ongewoon
 uitdruk—ons sit met jou en joue op-
 geskeep.

OPHELIA: Meneer, in eerbaar vorm het hy
 sy liefde aan my aangebied.

POLONIUS: A! vorm.
 Noem dit maar vorm. Toe nou, toe nou!

OPHELIA: Meneer,
 hy het sy toespraak ondersteun met feit-
 lik al die heilige beloftes van
 die hemel.

POLONIUS : H'm, valstrikke om houtsnippe mee te vang. Ek weet mos as die are brand, dan stuur die siel verkwisterig beloftes op die tong. My dogtertjie, neem hierdie brande wat meer lig as hitte gee tog nooit vir vuur nie; uitgedoof is beide, selfs hul moontlikhede, sodra 'n man dit maak. Van nou af aan moet jy 'n ietsie skrapser werk met jou teenwoordigheid. Stel jou geselskap ietwat duurder as bevele om te praat. En wat lord Hamlet aangaan, glo so veel van hom dat hy nog jonk en nie so kort soos jy oplyn geslaan is nie. Glo sy beloftes nie. Hul is die makelaars wat nie die kleur het van hul drag, behartigers van kwaai sake, wat om beter te bedrieg, in vroomheid pleit vir huwliks bande. Nou vir eens en altyd: ek wil nie dat jy die skinderpraatjies uitlok deur jou vrye ure in geselskap van lord Hamlet deur te bring nie. Dit beveel ek jou. Sien toe. Gaan verder nou jou gang.

OPHELIA : Meneer, ek sal gehoorsaam wees.

[*Exeunt albei.*]

TONEEL IV.

Skans voor die kasteel.

(HAMLET, HORATIO en MARCELLUS kom binne.)

HAMLET : Die lug is koud; dit byt geniepsig.

HORATIO :

dit sny so deur 'n mens.

Ja,

HAMLET : Hoe laat is dit?

HORATIO : So skuins voor twaalf, dink ek.

MARCELLUS : O nee, die klok
het al geslaan.

HORATIO : Sowaar? Ek het dit nie
gehoor nie, maar dan het die tyd waarop
die gees gewoonlik sy verskyning maak
nou aangebreek.

[*Hulle hoor trompetgeskral en kanonbulder binne.*

En wat beteken die
lawaai, my edele heer?

HAMLET : Die koning waak vannag en hou 'n fuif.
Terwyl hy die opspringriel windmaak'rig dans,
oordrink hy hom en as die Rynse wyn
so langs sy keel afvloei, dan blaas trompet
en raas tamboer om sy kapasiteit
vir drank te vier.

HORATIO : Is dit gebruiklik?

HAMLET : Ja,

gedoriewaar dit is. Sover my ei-
e kennis egter strek—en ek is hier
gebore en getoë—is om daar-
van af te sien nog eerbaarder as dit
in stand te hou. Die slemp- en swelgparty-
e oos en wes, is oorsaak daarvan dat
die ander volke ons beskinder en
veroordeel. Hulle noem ons dronkaards en
met varkens word ons vergelyk. So word
ons goeie naam besoedel. Ons presta-
sies, al is hul hoe luisterryk ook nog,
word hierdeur van hul pit en murg beroof.
So vaak gebeur dit dat die deug in se-
k're mense, deur natuurlike gebre-
ke in hul inbors (wat hul ingebo-
re word en dus die skuld daarvan nie dra

nie, omdat niemand mos sy inbors of sy herkoms kies nie) of in hulle ewewig, wat perke, ja, en vestings van gesonde oordeel afbreek of deur slegte aanwendsels wat aangename voorkoms en maniere suurmaak, ja, die deug —sê ek—van dié besondere mense, gebukkend gaande met 'n las wat hulle deur die groot natuur bedeel is of wat hul verwerf het as gevolg van ongelukkige gesternte, word oor die hoof gesien en nie geskat na waarde nie, al staan die reinheid van hul deug gelyk aan reinheid van genade en al is sy omvang onbeperk, so groot soos deug kan wees en dit net as gevolg van slegs een fout. So word 'n mens se deug en edelheid volkome afgebreek tot eie skande deur 'n dragma kwaad.

HORATIO: Kyk, daar kom dit, edele heer.

(SPOOK kom binne.)

HAMLET: Engele en verkondigers van genade, beskerm ons. Is u 'n goeie gees of een uit die verdoemenis? Bring u met u hemelgeure of verskroeiensse uit die hel? Is u bedoelings goddeloos? Is hul mensliewend? U verskyning lyk so verdag, dat ek met u wil praat. Ek sal u Hamlet noem, my vader, majesteit en koninklike Deen, o antwoord my. Laat my tog nie in my nuuskierigheid verbrand nie, maar sê waarom u reeds begrawe en gekanoniseer-

de bene uit hul doodskleed uitgebars
 het en waarom die graf waarin ons u
 so rustig neer sien lê het, sy swa-
 re marmerkake oopgetrek het om
 u uit te werp? Wat kan die oorsaak wees
 dat u wat reeds 'n lyk is, in u vol-
 le staalmondering tans die nag afskuw'-
 lik maak deur in die maanskyn rond te dwaal
 en ons, natuur se gekke, uit ons al-
 ledaagse doen en uit die perke wat
 gestel is vir ons siel, totaal uitruk?
 Toe sê waarom, waarvoor dit is en sê
 wat ons moet doen. *[Die spook roep HAMLET.]*

HORATIO: Dit wink vir u asof
 dit iets vir u alleen wil sê.

MARCELLUS: Kyk, hoe hoflik wink dit. Dis duidelik
 aan u gerig om hom te volg na el-
 ders, maar moet dít nie doen nie.

HORATIO: In geen geval tog nie.

HAMLET: Dit wil nie praat
 nie, dus, moet ek dit volg.

HORATIO: Doen dit nou nie,
 my heer.

HAMLET: En hoekom nie? Wat is daar om
 te vrees? Ek skat die waarde van my le-
 we nie 'n greintjie hoër as 'n speld
 se kop. En wat my siel betref, hoe kan
 dit nou beskadig word, dis net soos hier-
 die ding onsterwelik? Dit wuif nog steeds.
 Ek sal dit seker volg.

HORATIO: En sê dit lok
 u see-toe, edel heer, of dalk na die
 gevreesde bopunt van die klipkrans, wat
 van uit sy fondament die hoogste in-
 skiet om vandaar weer see-toe oor te hel;

en sê dit neem dalk daar 'n, wie weet, watter afgryslieke gedaante aan wat u van u verstand beroof en u skoon gek maak. Dink daaraan! Die einste plek laat men se sonder oorsaak wanhoop en die gekste giere kry as hul die hoogtes afkyk en daaronder, diep die see hoor donder.

HAMLET: Dit wuif nog steeds. Gaan voort, ek sal u volg.

MARCELLUS: U sal nie gaan nie, edel heer.

HAMLET: Hou tuis
jul hande.

HORATIO: Wees geadviseerd. U kan
nie gaan nie, edel heer.

HAMLET: My noodlot roep
en maak daarmee my kleinste aartjie aan
die stale senings van die leeu van Nemea gelyk. Nog steeds word ek geroep.
Menere, laat my los, so nie maak ek
'n spook van hom wat my verhinder. Weg!
Gaan voort, ek volg jou. [*Exeunt* HAMLET en SPOOK.]

HORATIO: Sy verbeelding maak
hom desperaat.

MARCELLUS: Laat ons hom volg. Gehoor-
saamheid van hierdie soort is onvanpas.

HORATIO: Nou toe nou? Waarheen moet dit alles lei?

MARCELLUS: Daar's iets verrot in hierdie Deense staat.

HORATIO: Die Heer regeer.

MARCELLUS: Laat ons hom volg.
[*Exeunt omnes.*]

TONEEL V.

'n Ander deel van die skans.

(SPOOK en HAMLET kom binne.)

HAMLET: Waarheen word ek gelei? Toe praat. Ek gaan
nie verder loop nie.

SPOOK : Luister.

HAMLET : Goed, ek sal.

SPOOK : Die uur sal netnou slaan waarop ek t'rug moet gaan na folterende swawelvlamme.

HAMLET : Arme wandelaar, helaas!

SPOOK : Moet my nie jammer kry nie, maar wy net u aandag aan wat ek gaan openbaar.

HAMLET : Praat. Tot horens-toe is ek gereed en ook verplig.

SPOOK : Dis ook wat u van wraak moet sê na ek eers klaar gepraat het.

HAMLET : Wat?

SPOOK : Ek is

die gees van u gestorwe vader wat gedoem is om by nag te dwaal, oordag in vuur te vas totdat my snode dade wat gepleeg is toe ek nog op aarde was, verbrand en ek gereinig is. As dit geoorloof was geheime van my kerker bloot te lê, sou u vanaand nog 'n relaas van feite hoor waarvan die minste een u siel sal folter en u bloed laat stol. Soos sterre sal u oë rek en seker uit hul kaste spring. U mooi gekamde en gekrulde hare sal elkeen soos penne van 'n ystervark wat regtig knorrig is, apart orent gaan staan. Maar so 'n openbaring van die ewigheid is nie vir vlees en bloed bedoel nie. Luister, luister, luister mooi! Indien u ooit u vader liefgehad het—

HAMLET : Here God!

SPOOK: Wreek dan die wrede sno-
de moord op hom.

HAMLET: Moord!

SPOOK: Ja moord en op sy bes-
te vuil en vreemd sowel as onnatuur-
lik.

HAMLET: Stel tog alles gou aan my bekend
dat ek so snel as 'n gedagte van
'n peinser of 'n minnaar my kan af-
stort op die wraak.

SPOOK: Ek dink jy is geskik.
Indien jy nie aan hierdie saak sou roer
nie, is jy bot en stomp soos onkruid vet
wat sig in selfvergetelheid gemak-
lik aan die walle van die Lethé wor-
tel. Hamlet, luister mooi. Offisieel
is 'n verhaal die wêreld ingestuur
as sou 'n slang my doodgebyt het on-
derwyl ek in my tuin sou lê en slaap
het. Die verhaal is vals en elke een
in Denemarke word daardeur bedrieg.
Maar jy, my edel seun moet weet dat hy,
die slang, wat my beroof het van my le-
we, nou gekroon is met jou vaders kroon.

HAMLET: Hoe profeties was my voorgevoel, my oom!

SPOOK: Ja, die geskandvlekte bloedskandige
gedierte het met toorgoed in sy stem
en met verraderlike gifte—o god-
delose stem en gifte wat die krag-
te het om iemand te verlei—daarin
geslaag om my seer skynbaar-deugszaam ko-
ningin na skandelijke wellus oor
te haal. A! Hamlet, hoe het sy haar van
my afgekeer, van my wat haar met waar-
digheid bemin het en selfs letterlik

presies die plegtige geloftes van ons troudag nagekom het. Tot die skurkepeil van een wat in natuurlike begaafdheid hom bevind seer ver benede my, is sy gesonke. Maar soos kuisheid onbevlek sal bly as wulpsheid, selfs in hemelse vermomming, haar die hof kom maak, net so sal wellus, ja, al word dit aan 'n luisterryke engel in 'n engele-bed gekoppel op die uit-skot aas en haar met afval dikmaak. Sjuut, my dunk, ek ruik die môrelug. Laat ek nou kort en bondig spreek. Terwyl ek sonder agterdog te koester in my tuin gelê en slaap het soas my gewoonte smiddags was, toe het jou oom die sap van die vervloekte taksisboom van uit 'n flessie in my oor gegooi; en die melaatse stooksel vloei so snel soos kwik dwarsdeur 'n man se are groot en klein. Soas suurdruppels melk laat dik word, so is hierdie gif se werkinge. Dit stol die dunne en gesonde bloed en maak daar klonte in. Net so het dit met myne ook gemaak. In minder as 'n oomblik was my anders so gesonde lyf en ook my gladde vel vol vrot rowe, met lasarus oortrek. So het my broer, terwyl ek slaap my in een slag van kroon, van lewe en van koningin beroof. In sonde is ek afgesny en dit selfs sonder dat ek vrede met my medemens gemaak het, ongesalf, onvoorbereid en onvergewe, in my onvolmaaktheid moes ek gaan verskyn om re-

kenskap te gee. Dis vreeslik, verskrikkelik, afskuwelik. As daar in jou gevoel is, moet jy hierdie dinge nie verdra nie. Moet tog nie die bed van Deense konings tot 'n ledekant van wel-lus en tot lêplek van die sondige bloedskandiges verlaag nie. Máár. wat jy hierin mag doen, besoedel nie jou gees of siel deur teen jou moeder iets te doen nie. Laat haar aan d'hiernamaals oor en aan die dorings van gewete wat gesetel in haar bors, sal prik en steek. En nou, meteen vaarwel. Ligkewers en glimwurms se lig word reeds verbleek en dit beteken dat die môre klaar in aantog is.

Adieu, adieu, vergeet my nie.

[*Exit* SPOOK.]

HAMLET: O heirskare van die hemel en van aarde—en sal ek die hel s'n byvoeg?—wat nog? O foci, bly heel my hart, bly jonk my spiere, dra my regop. Ek vir u vergeet? Solank geheue nog in my verwarde hoof gesetel is, sal ek onthou. Vir u vergeet? Uit my geheue sal ek alle nietighede skrap en alle spreuke wat ek in 'n boek geleer het, elke vorm en elke indruk wat my jeug en opmerkingsvermoë neergeskryf het sal ek uitvee. Slegs u bevel sal lewe in die boek en omvang van my brein en sonder dit te meng met iets wat minder werd is. Ja, waaragtig ja! O verderfelike vroumens. O skelm, skelm, glimlaggende skobbejak. Vervloekte skurk! My skryfblok, goed is dit dat ek dit neerskryf hoe 'n mens 'n skurk

kan wees en nog kan glimlag, glimlag. Só, tenminste is dit in ons Denemarke, daarvan is ek seker. Dáár, my oom, dáár staan dit nou. En nóu moet ek my wagwoord opskryf, naamelik, „Adieu, adieu, [*Hy skryf in die skryfblok.*

vergeet my nie.” Dit is ’n eed.

HOR. EN MAR. : My heer, my heer!

MARCELLUS : Lord Hamlet!

HORATIO : Mag die hemel hom bewaar het.

HAMLET : Dit sy so.

HORATIO : Illo! ho! ho! my heer.

HAMLET : Hillo ho ho!

kom voël, kom hier.

[HORATIO en MARCELLUS kom binne.

MARCELLUS : Hoe gaan dit edele heer?

HORATIO : Wat se nuus kan u vertel?

HAMLET : O wonderlik.

HORATIO : Vertel dit ons.

HAMLET : Nee, u sal dit oorvertel.

HORATIO : Nog nooit nie ek nie, edel heer, sowaar.

MARCELLUS : Nog minder ek, my heer.

HAMLET : Nou goed dan. Sou ’n mens dit ooit kon dink? Maar sal u dit geheim kan hou?

HORATIO EN MARCELLUS : Ja, by die hemel ja, my heer.

HAMLET : In Denemarke woon daar nie ’n skurk wat nie ook nog ’n seer deurtrapte skelm is nie.

HORATIO : ’n Spook hoef daarvoor nie van uit sy graf te gaan om dit aan ons te kom vertel nie.

HAMLET: Raai, u's reg, u's heeltemal reg.
 En nouja, sonder verder omslag ag
 ek dit geskik dat ons mekaar hier groet
 en elkeen na sy besigheid en die
 verlangstes van my hart, want elkeen koes-
 ter sy verlangstes, en elkeen het sy be-
 sigheid, wat dit mag wees. Op my gering-
 e beurt, menere, wel . . . ek gaan kerk-toe.

HORATIO: Dis wild en warrelende woorde wat
 u praat.

HAMLET: Van ganser harte spyt dit my
 dat hulle aanstoot gee. Van ganser harte.

HORATIO: My heer, ek weet u het geen kwaad bedoel
 nie, dus, ook geen oortreding nie.

HAMLET: Maar by
 St. Patrick, vriend, daar is 'n groot oortre-
 ding, selfs 'n misdad. Aangaande hierdie vi-
 sioen, laat ek u sê, die spook is eer-
 lik. Dus oorkom maar u begeerte om
 te weet wat tussen ons bestaan so goed
 u kan. En nou my goeie vriende, as
 geleerdes en soldate, gun my een
 geringe guns.

HORATIO: Heel graag my heer. Sê wat?

HAMLET: Maak nooit bekend wat u vannag gesien
 het nie.

HOR. en MAR.: My heer, ons sal nooit nie.

HAMLET: Sweer eers.

HORATIO: Sowaar, my heer, ek sal nie.

MARCELLUS: Nóg ek, my heer, sowaar.

HAMLET: Sweer op my swaard.

MARCELLUS: Ons het alreeds gesweer.

HAMLET: Maar op my swaard moet dit geskied.

SPOOK (*benede*) Sweer!

HAMLET: A, sê jy ook so ou kêrel? Toe, sweer hier. U hoor mos wat die ou daaruit die kelder skree. Stem in en sweer.

HORATIO: Sê hoe die eed moet lui, my heer.

HAMLET: Rep nooit 'n woord van hierdie voorval nie. Beëdig dít hier op my swaard.

SPOOK (*benede*): Sweer!

HAMLET: *Hic et ubique:* goed dan verskuif ons maar. Hierheen, mene-re, lê hier weer u hande op my swaard. Rep nooit 'n woord van hierdie voorval nie. Beëdig dit hier op my swaard. Sweer nou.

SPOOK (*benede*) Sweer!

HAMLET: Goed gesê ou mol. Dis net 'n baas-mynwerker wat soos jy kan tonnel. Weer moet ons verskuif, my vriende.

HORATIO: Dag en nag maar dit is wonderbaarlik vreemd.

HAMLET: Verwelkom dan die vreemdeling. In hemel en op aarde is daar baie meer as u en filosowe oor kan droom. Maar kom. Doen hier nou net soos voorheen, met genade tot getuie. As ek my van nou af aan miskien dalk vreemd of snaaks sal voordoen soos dit my mag pas, moet nie met u gevoude arms of hoofgeskud, of twyfelagtig woord, soos, „Wel, wel ons is nie verbaas nie” of, „As ons maar net wou praat,” of „Daar's veel te sê oor hierdie saak, deur dié wat weet,” of „Dis beter om te swyg,” of met ander opmerkings wat dubbelsinnig klink, die indruk ooit verwek dat u van hierdie saak iets meer

as ander mense weet. So help u God en die Genade, as u dit die mees- te nodig het. Sweer.

SPOOK (*benede*):

Sweer!

HAMLET:

Rus, rus nou rus- telose gees. [*Hulle sweer.*] En nou, my here, word ek deur my liefde by u aangeprys. En alles wat 'n arm man soos Ham- let kan vermag om liefde en sy vriend- skap teenoor u te toon, dit sal as God dit wil, geskied. Laat ons tesame bin- negaan. Maar hou u hand tog voor u mond. Die tyd waarin ons leef is moeilik. Dit is uit lit gepluk. Die noodlot is verfoeilik, wat my die plig oplê om dit weer reg te ruk. Laat ons tesame binnegaan.

[*Exeunt omnes.*]

TWEEDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

'n Kamer in Polonius se huis.

(POLONIUS en REYNALDO kom binne.)

POLONIUS: Gee hom die geld sowel as hierdie brief,
Reynaldo.

REYNALDO: Goed my heer, ek sal.

POLONIUS: Wonderlik verstandig sal u wees
Reynaldo, om eers goed navraag te doen
oor sy gedrag voordat u hom besoek.

REYNALDO: My heer dit is my plan.

POLONIUS: Gedorie goed
geantwoord, goed gesê. Verstaan nou mooi,
meneer, kom eers te wete welke De-
ne in Parys vertoef. Vind ook uit
op welk' manier en waar en saam met wie
hul woon, wat hulle uitgawes en hulle
geselskap is en na u deur dié rond-
omtalie-ondersoek ontdek het dat
my seun aan hul bekend is, kom dan nader
aan die punt waaroor u navraag doen. Maak
asof u hom so ver langs ken. Byvoorbeeld:
„Ek ken sy vader en sy vriende, hom
so ver langs.” Begryp u dit, Reynaldo?

REYNALDO: Ja, baie goed my heer.

POLONIUS: „En hom so ver langs, maar nie goed nie,”
 so kan u sê, „maar as dit hy is,
 waaraan ek dink, wel, 'n wilde vent is hy
 geneig tot so en so,” maak hom dan sleg
 soos u verbeelding voorskryf. Maar kyk, lê hom
 gedorie waar nie so 'n ding ten laste as
 wat hom tot oneer strek nie. Maar beklad
 hom met verhale van gewone wil-
 de dade van losbandigheid en misstappe
 wat kensketsend van jongmense is,
 waarvan die wilde hare nog moet uitval.

REYNALDO: Soos dobbelary byvoorbeeld, my heer?

POLONIUS: Ja, en met suipery en vloek, met swaar-
 de veg en rusie-soek. Tot sover kan
 jy gaan. Maar so behendig moet jy van
 hom skinder dat die foute wat jy noem
 na streke eerder as na smette lyk—
 en streke van 'n gees vol vuur, die uit-
 barstings van ongetemde bloed soas
 van jongmense verwag kan word.

REYNALDO: My eed'
 le heer, maar—

POLONIUS: Waarom moet u dit doen?

REYNALDO: Ek sou dit graag
 wil weet, my heer.

POLONIUS: Gedorie man, kyk hier
 is my gedagtegang. Om alles uit
 te vind moet u met draaie loop of po-
 litiek gebruik. Dis wat u doen as u
 my seun beskryf as iets wat deur gebruik
 so effentjies besmeer geraak het.
 Ek is oortuig daarvan dat met die slen-
 terdraai van my u alles sal ontdek
 wat daar te wete is. Kyk nou, as die
 [POLONIUS doen iets om sy verveligheid te beklemtoon.

persoon waarmee u praat—die een waaraan u voel vir inligting—wel ooit die jongeling waarvan u fluister aan die voorgemelde misstappe gesien vergryp het, sal hy dadelik met u daaroor gaan handel. Dan sal hy gou sê, „Goed, meneer” of so, of „Vriend” of „Edele heer,” altyd ooreenkomstig die gebruik of aanspreekswyse van die man en van sy land.

REYNALDO: Goed, my heer, en dan?

POLONIUS: En dan, meneer, dan doen hy dit: hy doen—hy doen—maar wat wou ek nou net gesê het? By die mis, ek het mos op die punt gestaan om iets te sê. Waarvan het ek nou net gepraat?

REYNALDO: Van „dadelik daaroor gaan handel” en van, „vriend” en, „aanspreekswyse.”

POLONIUS: Ha, van dadelik daaroor gaan handel. Ja, dis reg, gedoriewaar. Hy handel so met u daaroor, „Ek ken die edele heer. Nog gister het ek hom gesien of eergister of ander dag met dié of daardie, en soos u sê, hy was met dobbel besig, of ergens anders het hy hom oordrink.” Of, „Oor tennisspeel 'n twis begin,” of miskien sal hy ook sê, „By so of so 'n winkel het ek hom sien binnegaan.” Verstaan u nou, Reynaldo? Met u aas van valsheid vang u dan 'n vis van waarheid gou. Op die manier sal ons met wysheid en versinsels, draaie en met kronkels, onregstreeks ons doel regstreeks bereik. Dan kan u aan my seun advies gee of u kan hom ook betig soos ek u nou bedui het. U verstaan my tog, nie waar?

REYNALDO : My heer,
ek het.

POLONIUS : God sy met u, vaarwel.

REYNALDO : U word
bedank, my heer.

POLONIUS : Bekyk hom goed en hou
u observasies vir uself.

REYNALDO : Ek sal,
my heer.

POLONIUS : Laat hom sy gang maar gaan.

REYNALDO : Dis goed
my heer, gegroet.

POLONIUS : Vaarwel.

[Exit REYNALDO, OPHELIA kom binne.

En nou

Ophelia wat is daar nou verkeerd?

OPHELIA : My heer, my edele heer, ek het so
geskrik.

POLONIUS : Waaroor in godesnaam?

OPHELIA : Lord Hamlet het, terwyl ek sit en naald-
werk doen in my private kamertjie,
voor my verskyn. En sy wambuis was los-
geknoop, sy kop was kaal, om sy enkels het
sy kouse vuil gehang soos boeie aan
sy bene, sy kniekoppe het teen mekaar
geslaan, hy was, spierwit soas sy hemp
van kleur, en so erbarmlik het hy
daaruit gesien, dat mens sou kon gedink
het dat hy uit die hel uit losgebreek
het om van gruwels en afgryflikheid
te kom vertel. Hy staan toe so voor my.

POLONIUS : H'm stapelgek verlief!

OPHELIA : My heer, ek weet
dit nie; maar ek vrees opreg dit lyk daarna.

POLONIUS : Wat sê hy toe?

OPHELIA : Hy het my pols geneem
en dit styf vasgehou, die lengte van
sy arm terug gestaan, sy oë met
sy hand beskut, toe my gesig bekyk,
en so sorgvuldig het hy dit gedoen
asof hy dit wou teken. So het hy
vir 'n geruime tyd bly staan. Tenslot,
het hy sy kop so driemaal op en af
geskud en ook my arm en toe het hy
'n sug geslaak, so jammerlik en diep
dat ek gedink het dat sy lyf daardeur
verskeur sou word en hy die lewe daar-
mee laat. Toe het hy my laat los. Daarop
het hy sy koers na buite toe geneem,
maar sonder om te kyk waarheen hy loop,
want hy het omgekyk en my voortdu-
rend in die oog gehou totdat hy bui-
te was.

POLONIUS : Kom saam met my. Ek gaan die ko-
ning spreek. Dit is die ware raserny
wat op verliefdheid volg wat so onstui-
mig van geaardheid is dat dit sigself
verdelg. Net soas enig ander harts-
tog hier op aarde wat ons mensekin-
ders kwel, kan dít hom ook tot roekelo-
se ondernemings voer. Dit spyt my erg.
En was jy in die jongste tyd onvrien-
delik teenoor hom?

OPHELIA : Nee, my goeie heer,
maar ooreenkomstig u bevel het ek
sy briewe weer teruggestuur en sy
besoeke afgesê.

POLONIUS : Dit het hom mal
gemaak. Ek moes met groter nadenke
en beter op my hoede hom beoor-

deel het. Dit spyt my seer. Ek was bevrees dat hy met jou gevoelens slegs wou speel en jou verongeluk. Vervloek sy my afgunstigheid. Dit wil my voorkom dat ook ou mense, soas by jongeres die reël is, soms 'n gebrek aan oordeel het. Jy moet saam na die koning gaan. Hy moet dit weet. Om dit nou dig te hou kan groter onheil bring as ergernis oor liefde. Kom.

[*Exeunt albei.*

TONELL II.

'n Kamer in die kasteel.

(*Die KONING, die KONINGIN, ROSENCRANTZ, GULDENSTERN en bediendes kom binne.*)

KONING: Welkom lieue Rosencrantz en Guildenstern! Behalwe ons verlange om u weer te sien, het ons u hier bestel omdat ons u ook dringend nodig het. U het tog seker al verneem van die gedaantewisseling—soos ek dit noem—van Hamlet? Nóg inwendig nóg uitwendig lyk hy na die man van eertyds. 'n Ietsie meer as net die sterfte van sy vader moes hom so ver buitekant homself gevoer het, maar ons kan nie raai wat dit kan wees nie. Aangesien u met hom opgegroeï het en van jongsaf sy geaardheid ken, vra ek u beide om uself 'n kortewyle in ons hof die rus te gun, om so deur u geselskap hom 'n biet-

jie op te vrolik en om by geleentheid te ontdek of iets aan ons nog onbekend, hom so erg kwel, wat dan ontdek en so genees kan word.

KONINGIN: My goeie here, my seun het veel van u gepraat. Oortuig is ek dat daar nie nog twee mense leef, waaraan hy meer geheg kan wees nie. As dit u belief om u welwillendheid aan ons te gun deur by ons te vertoef, tot voordeel van verwagtings wat ons koester, sal u besoek die dank ontvang wat by 'n koning se geheue pas.

ROSENCRANTZ: Albei u majesteite kan, uit hoofde van u vorstelik gesag oor ons, tog eerder ons beveel as ons versoek om u gevreesde wense uit te voer.

GULDENSTERN: Gehoorzaam is ons twee. Ons lê onself sowel as al ons kragte aan u voete tot u diens gereed, vir u om te beveel.

KONING: Dankie Rosencrantz en liewe Guildenstern.

KONINGIN: Dankie Guildenstern en liewe Rosencrantz.

My eed'le here, ek versoek u om nou dadelik my seun wat so verander het, te gaan besoek. Hier! een van julle gaan en wys aan hierdie here waar lord Hamlet is. [KONINGIN roep 'n bediende.

GULDENSTERN: Mag die hemel gee dat ons teenwoordigheid tesame met ons besigheid vir hom behulpsaam en vermaaklik is.

KONINGIN: Ai, amen.

[*Exeunt* ROSENCRANTZ, GULDENSTERN en 'n paar bediendes.

(POLONIUS *kom binne.*)

POLONIUS: U twee ambassadeurs na Noorweë
het veilig weer teruggekeer, my e-
del heer.

KONING: Van goeie nuus was u nog steeds
die vader.

POLONIUS: Ek, my heer? Die sekerheid
het u, o vors, dat ek my plig so hoog
skat as my siel, vir God en u my goei-
e majesteit. Ek dink ek het die reg-
te oorsaak van die malheid van prins Ham-
let nagespeur, of so nie kan my in-
sig minder goed as voorheen spoorsny.

KONING: O praat daarvan. Dáárvan hoor ek graag.

POLONIUS: Verleen eers oudiënsie aan u af-
gesante. Daarna volg my nuus soas
'n nagereg by lekker ete.

KONING: Goed,
spreek u dan self die seën uit deur hul-
le in te bring. [Exit POLONIUS.

Ek hoor van hom, my lie-
we Gertrude, dat die bron en herkoms van
u seun se ongesteldheid deur hom na-
gespeur is.

KONINGIN: Ag, ek vrees dit is geen an-
der as die hoofbron namelik, sy va-
der se oorlyding en ons huwelik,
oorhastig soos dit was.

KONING: Ons sal hom sif.

(POLONIUS *kom weer in met VOLTIMAND en CORNELIUS.*)

Gegroet en welkom t'rug my vriende. Sê
gou Voltimand, wat van ons broer in Noor-
weë?

VOLTIMAND : Hy wens u alles van die beste en hy stuur sy beste groete. Na ons eerste onderhoud, het hy dadelik die opgekommandeerde troepe van sy neef wat in sy oë voorgekom het as die voorbereidsels teen die Pole maar by nader ondersoek geblyk het teen uself gemik te wees, laat onderdruk. Hy voel bedroef dat hy bedrieg is as gevolg van siekte, van sy ouderdom en sy onmagtigheid; onmiddellik het hy vir Fortinbras beveel om sy bedrywighede stop te sit, wat dadelik gehoorsaam is; daarop is hy berispe en bestraf; tenslot het Fortinbras op woord van eer beloof om nooit weer teen u majesteit die wapens op te neem nie. Hierop het die vreugde Fortinbras se oom oormees-ter en hy was oorstelp daarvan, so selfs dat hy drieduisend krone as 'n jaargeld aan sy nefie toegesê het plus verlof om die soldate wat hy op die been gekry het, teen die Pole te gebruik. Hy vra u tans in hierdie protokol, om vrye deurtog vir die troepemag deur u domein, maar onderhe- wig aan wat hy nog nader hierin stipuleer omtrent u veiligheid.

KONING :

Ons hou daarvan; en ter geleëner tyd sal ons dit lees, beantwoord en oorweeg. Nou word u ondertussen wel bedank vir die bekwame kwyting van u taak. Gaan rus nou maar; vannag vier ons tesame fees. Seer welkom tuis. [*Exeunt* CORNELIUS *en* VOLTIMAND.]

POLONIUS : Die saak het mooi verloop.

My koning en mevrou, om 'n verhoog te hou ten aansien van wat majesteit behoort te wees, oor wat plig is, waarom dag dag is, nag nag en tyd ook tyd is, is nie iets minder as om dag, nag en ons tyd te mors. Langdradigheid is die versiersels aan die buitekant, maar kort en bondigheid die wese van verstand, en daarom sal ek kort en bondig spreek. U eed'le seun is mal, ja mal sê ek, skoon mal, want om te sê wat malheid regtig is, om dit te definieer is maligheid. Maar slaan dit oor.

KONINGIN : Meer inhoud as seblief, met minder smuk en tooisel.

POLONIUS : Maar, mevrou, ek sweer dat ek nóg smuk nóg tooisel hier gebruik. Dis waar, u seun is mal: dis waar dis jammer so, en jammer is dit dat dit waar is — dis 'n dwase woordspeling; laat dit maar vaar, want ek gebruik nóg smuk nóg tooisel as ek spreek. Laat ons dan aanneem dat hy mal is, dan resteer vir ons die taak om die effek se oorsaak vas te stel, of laat ons liewers sê die defek se oorsaak, want 'n defektief effek moet tog 'n oorsaak hê, en dit resteer en die restant is dit: dink na. 'n Dogter het ek — wyl sy myne is — wat uit gehoorsaamheid en pligsbesef, gee ag, my dít ter hand gestel het. Luister hier en vestig u vermoedens. [Hy lees.
„Aan die hemelse en my siel se afgod die mees verfraaide Ophelia” —

die sinsdeel klink my sieklik, dis 'n nare uitdrukking, „die mees verfraaide”, maar hier is nog meer. *[Hy lees verder.*

„Vir haar voortrefflike

en reine boesem hierdie” en so voorts—

KONINGIN: Kom dit van Hamlet na haar?

POLONIUS: Goeie mevrou, 'n oomblik slegs, ek bly getrou. *[Hy lees weer.*

„Betwyfel dat 'n ster uit vuur bestaan,
Betwyfel dat die son ooit roer
Betwyfel dat die waarheid leuens vertel
Maar betwyfel nooit dat ek bemin.”

[Hy lees nog verder.

„My liewe Ophelia, moeg is ek vir poësie en onbekwaam om my verdriet bekend te maak, maar glo dat ek jou lief het baie lief. Adieu.

Immer joue so lank die masjien

Nog loop,

HAMLET.”

In gehoorsaamheid aan my bevele het my dogter, die geskifte my getoon en buitendien my van sy aansoeke verwittig hoe, waar en wanneer hy dié aan haar gerig het.

KONING: Hoe het sy, sy liefde in ontvangs geneem?

POLONIUS: Maar wat dink u van my?

KONING: Van u dink ek dat u getrou en eerbaar is.

POLONIUS: Ek sou u dunk graag waardig wees. Maar wat sou u daarvan gesê 't as ek die warme liefde snel in vlug sien kom het—soas ek die koms daarvan

bespeur het voor my dogter my daarvan verwittig het, dit moet ek sê—wat sou u of my liewe majesteit, u koningin daarvan gedink het as ek dalk die rol van lessenaar of memorandumboek gespeel het, of my hart die wenk gegee het om maar stil en stom te wees of so-so, die liefde met onverskilligheid bejeën het, wat sou u nie van my kon dink nie? Nee, my plig het ek toe somaar dadelik gedoen: die meisiekind streng aangespreek as volg, „Lord Hamlet is 'n prins, verby jou horison; die liefde moet nie wees nie.” Haar het ek die raad gegee om uit sy pad te bly, aandenkings te vermy en om beriggewers die toegang te ontsê. Die raad is aangeneem en hy wat so ontwyk is, het—om kort daaroor te praat—toe eers in droefenis verval, daarna gevas en toe in afwagting gewaak wat hom verswak het en waarop lighoofdigheid gevolg het. Hierdie agteruitgang het hom rasend mal gemaak, waaroor ons almal treur.

KONING: Dink u dis dit?

KONINGIN: Dis heel waarskynlik.

POLONIUS: Was daar ooit 'n keer gewees waarop ek positief gesê het, „Dit is so,” wat anders uitgeval het?—graag sou ek daarvan wil weet.

KONING: Nog nie sover ek weet.

POLONIUS (*terwyl hy wys na sy kop en skouers met 'n gebaar wat daarop dui dat hy sy kop wil laat afsny*):

Neem' dit van dit, indien dit anders blyk te wees. Indien omstandighede my behulpsaam is, sal ek ontdek waar waarheid weggesteek is selfs al is dit in die middel van die aarde diep verberg.

KONING: Hoe sal ons dit dan verder vasstel?

POLONIUS: Kyk,
vir ure loop hy soms in hierdie voorportaal.

KONINGIN: Dit doen hy seer gereeld.

POLONIUS: Op so
'n tyd sal ons my dogter op hom loslaat; dan sal ons—dis u en ek—hier agter die behangsel skuil en die ontmoeting gadeslaan. As hy nie regtig smoorverlief is en dit nie die rede is waarom hy sy verstand verloor het nie, dan weier ek om verder nog die raadsman van 'n staat te wees en gaan ek boer en ook transportry.

KONING: Goed, op proef kan ons dit stel.

KONINGIN: Maar kyk daar, ag, hoe treurig kom die arme drommel aangestap en lees.

POLONIUS: Gaan weg, ek smeek u albei gaan gou weg.

[*Exeunt* KONING en KONINGIN.]

(HAMLET kom binne en lees.)

Met u verlof hoe gaan dit met my lord Hamlet?

HAMLET: Goed. Dank sy God.

POLONIUS: Is ek aan u bekend, my heer?

HAMLET: Al te seker, 'n handelaar in vis is u.

POLONIUS: Nog nooit nie ek nie, eed'le heer.

HAMLET: Dan wens ek u was so eerlik.

POLONIUS: Eerlik heer?

HAMLET: Eerlik ja, meneer, 'n man met eerlikheid is een gekore uit tien duisende—soos dit in hierdie wêreld toegaan—

POLONIUS: Baie waar is dit, my heer.

HAMLET: —en in 'n wêreld waar 'n goeie hemelliggaam, soos die son, selfs maaiers teel wanneer dit aas, soos 'n gevrekte hond byvoorbeeld, met 'n soen vereer. Maar, u het 'n dogter?

POLONIUS: Ja, ek het, my heer.

HAMLET: Moet haar nie in die son laat loop nie, vriend, pasop.

POLONIUS (*tersy*): Wat sou hy nou hiermee bedoel? Voortdurend maal hy oor my dogter; eers my nie herken nie; toe gesê ek is 'n handelaar in vis; hy het dit erg te pak, heel erg. Ek moes deur liefde in my jeug 'n lyding amper net so erg soos hierdie tot die uiterste verduur. Ek sal my nogeens tot hom rig. Wat lees u nou edele heer?

HAMLET: Woorde, woorde en nog woorde.

POLONIUS: Wat is dit nou weer, my edele heer?

HAMLET: Weer met wie?

POLONIUS: Ek vra wat is dit nou weer wat u lees?

HAMLET: Meneer, dis lastertaal. Die satiriese karnallie skryf hier dat ou mans se baarde grys is en dat hul verrimpelde gesigte het, dat dik harpuis en pruimboomgom aan hulle oë goudgeel dra, verstand by hul in oormaat skaars is en dat hulle dye uiters swak is. Ek glo alles sterk en kragtig wat hy hier geskrywe het, maar om dit so uiteen te sit, meen ek is onbetaamlik; want kyk, meneer, u kan so oud as ek wees, maar dan moet u ook in staat wees om 'n kreeftegang te gaan.

POLONIUS: Hoewel dit waansin is, het dit bepaald 'n draad. Sal u uit hierdie lug uitstap, meneer?

HAMLET: Reg in my graf.

POLONIUS: Dis uit die lug uit inderdaad. Hoe swanger van betekenis gaan baie van sy antwoorde? Dis 'n geluk

wat malles vaak oorkom, maar selde uit die rede en gesond verstand gebaar kan word. Ek sal hom nou verlaat om spoedig middels te versin dat hy my dogter raak kan loop. My eerbaar heer, heel nederig vra ek verlof om afskeid nou van u te neem.

HAMLET: U kan van my niks neem, meneer, wat ek met groter graagte kwyt wil wees uitgesluit my lewe, uitgesluit my lewe, uitgesluit my lewe.

POLONIUS: Dit gaan u goed, my heer.

HAMLET: Die vervelende ou dwase.

(ROSENCRANTZ en GULDENSTERN kom binne.)

POLONIUS: Soek u lord Hamlet? Wel, dáár staan hy.

ROS. (aan POL.): God sy met u, meneer. [Exit POLONIUS.]

GULDENSTERN: My eerbaar heer.

ROSENCRANTZ: My liefste heer!

HAMLET: My eksellente goeie vriende: en hoe gaan dit Guildenstern? So Rosencrantz, hoe gaan dit kêrels?

ROSENCRANTZ: Soos met die wat middelmatig oor die weg kom.

GULDENSTERN: Ja, ons is gelukkig daarin dat ons gladnie oor-gelukkig is nie. Sien, op die Geluksgodin se skerppunt-pet is ons nie juis die klos nie.

HAMLET: Nóg die sole van haar skoene, nè!

ROSENCRANTZ: Geeneen van die twee uiterstes, my heer.

HAMLET: Dan leef u in die middel van haar guns en gawes. Wat se nuus het u?

ROSENCRANTZ: My heer, behalwe dat die wêreld eerlik word, het ons geen nuus nie.

HAMLET: Dan is die oordeelsdag naby. Maar u nuus is onwaar. Laat ek u nader ondervra. Wat is die Geluksgodin aan u verskuldig dat sy u hierheen tronk-toe stuur?

GULDENSTERN: Tronk, my heer?

HAMLET: Denemarke is 'n tronk.

ROSENCRANTZ: Dan is die hele wêreld ook 'n tronk.

HAMLET: Ja, erg 'n tronk, waarin daar baie kamers, kerkers en opsluitplekke is; onder die ergste hiervan tel ons Denemarke.

ROSENCRANTZ: Dis nie ons gedagtes nie, my heer.

HAMLET: Dan is dit nie 'n tronk vir u nie; nóg goed nóg kwaad is iets, net ons gedagtes maak dit so. Vir my is dit 'n tronk.

ROSENCRANTZ: Dan is dit u ambisie wat dit tot tronk maak. U gees voel daarin beklem.

HAMLET: O God, as ek in 'n notedop ingekerker word, sou ek my 'n koning oor onbeperkte ruimtes ag, as dit nie was dat ek slegte drome droom nie.

GULDENSTERN: Daardie drome is ambisie, want die neerslag van ambisie is slegs die skaduwee van 'n droom.

HAMLET: 'n Droom is maar net 'n skaduwee.

ROSENCRANTZ: Ek glo ambisie se geaardheid is so lig en vlugtig dat dit maar net 'n skaduwee se skaduwee is.

HAMLET: Dan verskyn ons bedelaars in vastigheid; ons konings en gevierde helde is die skaduwees van bedelaars.* Maar laat ons na die hof verdaag. Hierdie redenasies is sowaar ver bo my vuurmaakplek.

ROS. EN GULDENSTERN: Ons sal u bedien.

HAMLET: Niks van die aard nie. Ek sal u nie onder my bediendes reken nie; daarby kom nog dat ek—om die

* Met hierdie opmerking wys Hamlet vir Rosencrantz en Guildenstern tereg vir hulle belaglike diskoers. Baie verstaanbaar is dit nie. Om hierdie rede volg hier 'n parafrase van wat Hamlet bedoel:—

HAMLET: Dan verskyn ons bedelaars in vastigheid. Hulle teenoorgesteldes, ons konings en ons gevierde helde, d.i. diegene met ambisie, moet dan skaduwees wees. Omdat konings also skaduwees is, en bedelaars ook skaduwees werp, is konings aan bedelaars se skaduwees gelyk. Maar laat ons na die hof verdaag, ens., ens.

waarheid soos 'n man wat eerlik is te sê—ontsettend-vreeslik goed bedien word. Maar vertel my soos vriende, wat al sakke sout te same opgeëet het, wat kom u maak in Elsinore?

ROSENCRANTZ: Ons kom u besoek, my heer; om geen ander rede is ons hier nie.

HAMLET: Bedelaar soos wat ek is, ek is selfs arm aan dankbaarheid. Ontvang my dank. Maar vriende, is my dank nie duurder as wat ek behoort te gee nie? Is u nie ontbied nie? Is dit uit eie beweging? Geskied dit uit vrye wil? Kom, wees teenoor 'n vriend opreg en praat reguit.

GULDENSTERN: Wat moet ons sê, my heer?

HAMLET: Wel, sê net wat u wil. Dit moet net waarheid wees. U is ontbied geword. Ek lees 'n skulderkenning in u oog wat u eerbaarheid weens 'n gebrek aan geslepenheid nie kan bedek nie. Ek weet, die goeie koning en die koningin het u versoek dat u moet kom.

ROSENCRANTZ: Vir welke doel, my heer?

HAMLET: Dit moet u my vertel. Ek doen 'n beroep op u, om my te sê, terwille van ons jeug se harmonie en terwille van ons kameraadskap sowel as wedersydse liefde, wat nog altyd duur, of u ontbied is; ja, op grond van wat veel sterker is, as wat 'n beter spreker uit kan dink, beveel ek u om met my opreg te praat en reguit. Is om u gestuur of nie?

ROSENCRANTZ (*aan GULDENSTERN tersy*): Wat moet ons sê?

HAMLET (*tersy*): Nee? Goed dan. Ek sal u in die oog moet hou. As u my regtig lief het, wees dan nie terughoudend nie.

GULDENSTERN: My heer, ons is ontbied geword.

HAMLET: Ek sal u vertel waarom. Op die manier sal ek vooruit met my verduidelikings u ontdekkings oorbodig maak; en u plig om 'n geheim teenoor die koning en die koningin te hou, sal nie geskend word nie. In die

jongste tyd—waarom weet ek nie—het ek al my vrolikheid verloor, sowel as my gewoonte om oefening te neem en dit gaan so sleg met my dat hierdie goeie steunpunt die aarde, vir my na 'n steriele voorgebergte lyk; hierdie wonderlike hemelgewelf, die lug, verstaan u, die fyn oorhangende firmament, die majestueuse dak, versier met fraai gedrewe werk van goue vuur, lyk vir my—waarom?—na niks anders as 'n vieslike en verpestende versameling van dampe. En wat 'n meesterstuk, die mens! hoe edel is sy rede! hoe onbeperk sy aanleg! hoe uitdruklik en bewonderenswaardig is sy vorm en beweging! soos van 'n engel is sy aksie! sy begrip aan die van 'n god gelyk! hy, die mooiheid van die aarde, die toonbeeld van voortreflikheid bo alle diere! en tog, vir my, wat beteken hierdie kwintessens van stof? Die mens behaag my nie, nóg man nóg vrou. Van u glimlag lei ek af dat u anders daarvoor dink.

ROSENCRANTZ: My heer, daar is in my gedagtes nie soiets nie.

HAMLET: Waarom het u dan gelag toe ek gesê het, „die mens behaag my nie”?

ROSENCRANTZ: Om te dink my heer, as die mens u nie behaag nie, watter skraal onthaal die spelers sal ontvang van u. Ons het hulle op pad verbygegaan. Hulle kom hierheen, tot u diens bereid.

HAMLET: Hy wat die koning speel, sal welkom wees: hulde sal sy majesteit van my ontvang; die ridder, avontuurlik soos hy is, kan sy skermsabel en sy skild gebruik; die minnaar sal nie gratis sug nie; die nukkerige een sal sy stuk in vrede eindig; die harlekyn sal die laat lag wat longe het wat maklik afgaan; die dame kan haar stuk maar vry opsê, so nie sal sy die rymlose vers bederf. Watter spelers is dit?

ROSENCRANTZ: Dieselfde waar u so baie van gehou het, die treurspelspelers van die stad.

HAMLET: Maar waarom toer hulle dan? Om in die stad te bly en daar te speel, is vir hulle reputasie en profyte beter.

ROSENCRANTZ: Ek dink die jongste nuwigheid het hulle spel in die stad gestuit.

HAMLET: Word hulle nog so hoog waardeer soos toe ek hulle in die stad leer ken het. Trek hulle nog groot gehore?

ROSENCRANTZ: Nee gladnie.

HAMLET: Hoekom dan nie; is hulle aan verroeste?

ROSENCRANTZ: Nee, hulle is so goed soos altyd; maar daar is 'n nes vol kinders, valkkuikens sonder vere, wat met hulle skerp stemme harder skree as nodig is en wat die buitensporigste applous ontlok. Hulle is nou die mode. In hulle rolle wat spesiaal geskrywe word, bespot hulle die gewone drama en die spelers in die mate dat baie wat rapiere dra, die gansveer vrees en so nie durf om die gewone teaters te besoek nie.

HAMLET: Wat? Is hulle gewone kinders? Wie betaal hulle? En deur wie word hulle onderhou? Sal hulle die toneel tot loopbaan kies slegs so lank hulle kan sing? Sal hulle nie daarna, as hulle tot gewone spelers uitgegroeï het—soos hoogswaarskynlik sal gebeur, tensy hulle ander middele het—die skrywers gaan verwyte maak nie, omdat daardie skrywers die kinders teen hulle toekoms laat deklameer het?

ROSENCRANTZ: Aan beide kante was daar net 'n groot gedoente. Die hele volk was van oordeel dat dit geen sonde is om hulle tot die twisgeskrywe aan te spoor nie. Daar was selfs 'n tyd gewees toe daar vir 'n toneelstuk geen geld was, tensy die strydvraag by die hare deur die skrywer en die spelers, daarby gesleep is.

HAMLET: Is dit moontlik?

GULDENSTERN: O, nogal heel wat harsings is oor die sakie ingespan.

HAMLET: En het die seuns nogal sukses?

ROSENCRANTZ: Ja, hulle vee alles voor hulle weg, selfs Hercules met sy vrag.

HAMLET: Dis nie baie snaaks nie. My oom is nou van Denemarke koning. Die wat vir hom gedurende die lewe van my vader skewe mond sou getrek het, betaal vandag twintig, veertig, vyftig tot 'n honderd dukate vir 'n klein afbeeldinkie van hom. Mintag, hierin is daar meer as slegs natuur; as die wysbegeerte dit maar kon ontdek! *[Trompetgeskál word gehoor.]*

GULDENSTERN: Daar's die spelers.

HAMLET: My here, ek verwelkom u in Elsinore. Laat ek u hande skud. Die aanhangsels van welkom is mode en seremonies. Laat ek u ooreenkomstig die seremonies behandel, anders sal my vriendelikheid teenoor u te kort skiet in vergelyking met my gedrag—wat baie vriendelik gaan wees—teenoor die spelers wat u hierheen gebring het. U is welkom, maar laat ek u een ding sê, my vader-oom en tante-moeder word bedrieg.

GULDENSTERN: Hoe?

HAMLET: Ek is slegs mal, noord-noord-wes. As die wind uit die suide waai, dan weet ek hoe 'n valk en hoe 'n reier lyk.

(POLONIUS kom binne.)

POLONIUS: Dit gaan u goed my here.

HAMLET: Hoor hom, Guildenstern en u ook; luister met albei ore. Daardie groot baba wat u dáár sien, is nog in sy luierdoeke.

ROSENCRANTZ: Moontlik is hy vir die tweede keer daarin. Tweemaal is 'n ou man mos 'n kind, so word gesê.

HAMLET: Ek profeteer, dis oor die spelers wat hy kom. Luister maar gerus. U is reg, menere, dit was op 'n Maandag-môre, reg-genoeg.

POLONIUS: My heer, ek het nuus vir u.

HAMLET: My heer, ek het nuus vir u. Toe Roscius akteur in Rome was—

POLONIUS: Die spelers het gearriveer, my heer.

HAMLET: Buz, buz!

POLONIUS: Op my ere—

HAMLET: —het elke speler op sy esel aangery gekom.

POLONIUS: Die beste spelers op die wêreld vir tragedie, herder- of pastorale spel, komedie of geskiedenis, komies-pastoraal, histories-tragies, of histories-komies-pastoraal, almal dramas waarin die eenheid bewaar of nie bewaar is nie. Seneca kan nie swaar genoeg en Plautus te lig wees nie. Vir klassieke en romantiese dramas is die twee outeurs respektiewelik, die enigste wat tel.

HAMLET: O rigter van Israel, O Jephthah, wat 'n skat het u besit!

POLONIUS: Wat se skat het hy besit, my heer?

HAMLET: Maar hoe dan? „Een mooi dogter en nie meer nie wat hy baie liefgehad het.”

POLONIUS (*tersy*): Hy maal nog altyd oor my dogter.

HAMLET: Maar, ou Jephthah, ek is mos reg of hoe?

POLONIUS: As u my Jephthah noem, my heer, ek het 'n dogter wat ek baie lief het.

HAMLET: Neé, dit volg nie.

POLONIUS: Wat volg dan, my heer?

HAMLET: Maar hoe dan? Eers kom:

„Soos by lot, God weet”
en dan daarna, weet u, volg

„Het dit gebeur soos dit moes kom”—

Die eerste reël van die gewyde lied sal u nog meer kan sê. Gaan kyk daarna, want hier kom iets wat my voordrag gaan verkort.

(*Vier of vyf spelers kom binne.*)

Welkom, meesters in die spelkuns; u is almal welkom.

Bly is ek om u gesond te sien. Welkom goeie vriende. Ha, my ou vriend, jou gesig het fraaiings aan gekry van ek jou laas gesien het. Kom jy my met baard trotseer in Denemarke? So my jonge dame en gebiedster; so warempel waar, van ek u laas gesien het is u nader aan die hemel met die hoogte van 'n Spaanse hiel. Mag die Here gee dat u stem nog nie aan kraak is nie, soos die klank van slegte munt, onbruikbaar as gevolg van barste. Meesterspelers, u is almal welkom. Soos Franse valkeniers, sal ons bevie wat voorkom; gee ons dadelik 'n toespraak, sodat ons 'n voorsmaak kry van die gehalte van u kuns; kom, gee ons 'n stuk van hartstog vol.

EERSTE SPELER: Watter stuk, my heer?

HAMLET: Eenmaal het ek jou iets hoor voordra, wat nooit opgevoer is nie, of as dit opgevoer was, dan nie meer as een keer nie, want so ver ek my herinner is die toneelstuk nie deur die menigte waardeer nie; dit was vir gewone mense kaviaar, maar na my gevoelens—en volgens ander wat in sulke sake 'n beter oordeel het as ek—was dit as 'n drama eksellent, goed verwerk en gerangskik in die tonele, met matigheid en net soveel bedrewenheid uiteengesit. Ek onthou dat iemand gesê het, dat daar nêrens pikante opmerkings aanwesig was, om aan die inhoud geur te gee nie; ook in die dialoog was daar niks wat die outeur van gemaaktheid in sy styl sou kon beskuldig nie; intendeel, die opset en die uitvoering was eg eerlik en net so eerlik as aangenaam en baie mooier as wat dit pronkerig was. Daar was 'n toespraak waarvan ek besonder veel gehou het: dit was Aenéas se verhaal aan Dido; daar rond waar hy van Príamus se dood vertel. As u dit nog onthou, begin by hierdie reël: wag, laat ek sien, wag so 'n bietjie. „Die woestaard Pyrrhus, soos 'n ondie uit Hyrcania”—nee, nee, nie so nie, dit begin met Pyrrhus—

„Die woestaard Pyrrhus, wie se donker arms,
swart as sy strewe aan die nag gelyk,
het, terwyl hy in die perd van onheil lê,
sy seer gevreesde swarte uiterlik
met kentekens, nog aakliger, besmeer.
Geheel en al van kop tot tone, rooi
met bloed besmeer, was hy verlelik, bloed
van vaders, moeders, seuns en dogters en
gebak, na dit met stof gemeng en toe
tot modder taai getrap is, stof van stra-
te wat verskroei 'n woeste en net so
vervloekte lig gewerp het op hul heer
se moord: vol gramskap en vol vuur en so
bepleister met geronne bloed, met oë soos
karbonkels, het die helse Pyrrhus
gesoek na grootvaer Priamus”

So, gaan nou aan hiervandaan.

POLONIUS: So waar as God, my heer, dis mooi geresiteer
met goeie klem en net so goeie oordeel.

EERSTE SPELER: „Strakkies vind hy hom waar hy te kort
na Grieke kap; sy ouderwetse sa-
bel vir sy arms veels te swaar, bly
van leierskap afkering lê, waar dit
terwyl hy veg geval het. In ongelyke stryd
kap Pyrrhus wild na Priamus; die bie-
tjie wind wat van sy swaard afkom, wáái die swak
ou vader om. Dit het geskyn of le-
wenlose Ilium die slag gevoel het:
met dak wat brand het dit soos donder,
afskuwelik hard tot in sy fundamen-
te omgekantel, daarop Pyrrhus se oor
met die gedreun gepak, want kyk die woese
te swaard wat op die gryse hoof van eer-
biedwaardig Priamus te neer sou daal,

het in die lug bly steek. En toe het Pyrrhus so bly staan soos 'n geskilderde tiran, neutraal teenoor wat daar gebeur en niks gedoen nie. Maar soos ons net voor 'n storm vaak kan waarneem, hoe die hemel swygsaam word, die wolkedak beweegloos hang, hoe harde winde sonder asem word, 'n stilte oor die aarde val en hoe weldra, 'n harde donderslag die wêreld en die stilte skeur, so het Pyrrhus deur wraaksug aangevuur, opnuut begin. Op Mars se harnas, gesweis om ewigdurend stand te hou, het Cycloop se hamerslae nooit nie harder neergereën, as die moerhoue van Pyrrhus se bebloede swaard op Priamus. Weg, Fortuna, weg Geluksgodin! Laat al die gode in 'n algemeen sinode haar bevoegdheid en haar krag vernietig en ook al die speke van haar wiel verbreek, die ronde naaf daarvan skoon uit die hemel rol dat dit so laag soos duiwels val—"

POLONIUS: Dis glad te lank.

HAMLET: Tesame met u baard, sal ons dit na die kapper stuur. Ek soebat u, gaan maar aan. Hy prefereer 'n musikale skets met 'n nar daarin, of anders slaap hy. Gaan aan. Kom by Hecuba.

EERSTE SPELER: „Maar, wie die omfloerste koningin gesien het—"

HAMLET: „Omfloerste koningin?"

POLONIUS: Dis goed, „omfloerste koningin" klink goed.

EERSTE SPELER: „—terwyl sy kaalvoet op en neer aan hardloop was, hoe sy in sterke tranenvloed wat haar verblind, die vlamme wou bestry, om daardie kop 'n doek waar onlangs nog

'n diadeem gepryk het, 'n kombes,
 wat sy in haas van vrees gegryp het, oor
 haar maer en uitgewerkte lendene
 getrek. Wie dit kon sien, sou met sy tong
 in gif gedoop verraad teen die Geluks-
 godin se mag geskree het; as die go-
 de haar gesien het toe sy sien hoe Pyrr-
 hus 'n boosaardige vermaak daarvan
 gemaak het om haar eggenoot se le-
 demate met sy sabel te verflen-
 ter en as hulle toe die jammerlik-
 e weeklagte gehoor het—tensy 'n
 sterweling se sake hulle koud laat—
 sou alle oë van die hemel, brandend
 'n sagte dou gegiet het deur die swaar
 aandoening.”

POLONIUS: Kyk, die man het bleek geword en in sy oë is daar
 tranes. Bly nou asseblieftog stil.

HAMLET: Dis goed. Die res sal ek u nog gou laat uitspreek.
 Meneer, sal u toesien dat hierdie spelers goed gehuisves
 word? Verstaan u, laat hulle dit gerieflik hê, want hulle
 is die mense wat in abstraksie ons eie tyd aan onself
 voorhou; dis beter as u na u dood 'n slegte grafskrif
 het, as hulle slegte dunk terwyl u leef.

POLONIUS: My heer, aan hulle sal ek gee wat hulle verdien.

HAMLET: Nee, vervloeks nie, man! Behandel hulle baie beter.
 Gee elke man wat hy verdien en wie sal die karwats
 ontkom? Behandel hulle soos u eer en waardigheid
 dikteer. Hoe minder hulle verdien, hoe kosteliker u
 milddadigheid. Neem hulle in.

POLONIUS: Kom menere!

HAMLET: Volg hom vriende. More hoor ons 'n toneelstuk.

[*Exit* POLONIUS met die spelers, behalwe die eerste speler.
 Luister my ou vriend, kan jy „Gonzago's Moord” op-
 voer?

EERSTE SPELER: Maar al te seker, my edele heer.

HAMLET: More-nag moet ons dit hê. Kan jy, indien dit nodig is, 'n toespraak van sowat 'n dosyn of sestien reëls gaan instudeer? Dis iets wat ek sal skryf om in te voeg. Kan jy?

EERSTE SPELER: Al te seker, edele heer.

HAMLET: Baie gaaf. Volg daardie heer, maar pasop, moet hom nie hoon nie. [Exit EERSTE SPELER.

My goeie vriende, tot vanaand moet ek u nou verlaat. U is welkom in Elsinore.

ROSENCRANTZ: Goed, my heer.

HAMLET: Ag so, God sy met u. [Exeunt GUILD. en ROS.

So, nou is ek alleen—

O wat 'n skurk en botte lunsriem is ek tog!

Dit kom my meer as monsteragtig voor, dat versinsels en 'n droom van hartstog, die siel van hierdie speler so kan roer, dat uit verbeelding sy gesig verbleek, sy oë traan, verward sy voorkoms word, sy stem selfs breek, soas sy hele wese hom geheel by sy verbeelding aanpas. En dit vir niks!

Vir Hecuba!

Wat's Hecuba van hom of hy van Hecuba dat hy oor haar sal ween? En wat sou hy gedoen het met soveel aanmoediging en rede tot hartstogtelike drif as ek juis het? Die toneel sou hy verspoel met trane, die lug laat skeur met 'n aaklig toespraak, die skuldiges sou hy laat vrees opdat ook hulle nie sou sondig nie, die onkundiges sou dronkgeslaan wees, die vermoë van oë en ore sou hy selfs verbyster het.

Maar ek?

'n Botte skurk, met moddertrae moed,
steriel in goeie planne vir my taak,
op soek na uitvlugte, 'n Jan Dromer, ek sê
niks nie, nie eens vir 'n koning,
aan wie se lewe, bates, vrou en kroon
'n vuige nederlaag besorg is.

Is ek 'n lafaard dan? Wie noem my skelm?
Wie splyt my harspan? Wie trek my baard uit
en blaas dit hard in my gesig terug?

Wie ruk en pluk my aan my neus? Wie noem
my leuenaar en druk die leuen reg in
my keel terug, diep na my longe af?

Ja, wie doen my dit aan? Hè?

Ek sweer by al die wonde van 'n Christus
dat ek dit sal verdra; dit kan nie an-
ders as, dat ek bedeel is met 'n duif
se lewer en aan gal tekort kom om
verdrukking te verbitter, of ek sou
al kant en klaar die kuikendiewe van
die hele omtrek met die slaaf se af-
val vet gevoer het.

Vervloekte lae skurkse skobbejak.

O wraak! Wat 'n esel is ek tog:
dis uitermate onverskrokkenheid
van my, dat ek, die seun van 'n vermoor-
like vader, aangepor tot wraak
deur hel en hemel, net 'n vloektaal
soos 'n kyfbeluste wyf verval, my hart
met woorde uitpak en soas 'n eg-
te slet moet skel, 'n ware lamsak! Foei!
Begin tog met 'n plan my brein. Ek het
verneem dat skepsels met 'n skuldige
gewete, tydens 'n toneelspel so
tot in die siel getref word deur die slu-
heid in die voorstelling, dat hulle wel-

dra hul misdadighede uitbasuin;
want moord, hoewel tog sonder tong, sal praat
as is dit met die wonderlikste spreek-
orgaan. Ek sal die spelers iets laat op-
voer voor my oom wat aan die moord van va-
der sal laat denk: ek sal hom dan goed dophou,
terwyl ek hom tot in die lewe met
die skerpste steke uittart en as hy
nou net die minste t'rugdeins is my weg
bekend. Die gees wat ek gesien het, mag
die duiwel wees. Die duiwel het die mag
om aangenaam te wees en aangesien
hy baas oor bose geeste is, kan hy
my swakheid en melankolie misbruik,
om my in die verderf te lei. Ek moet
nog sterker gronde hê as wat ek het.
Ek glo 'n opvoering is net geskik,
om my 'n koning se gewete te verklik.

DERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

*'n Kamer in die kasteel.**(KONING, KONINGIN, POLONIUS en OPHELIA,
ROSENCRANTZ en GULDENSTERN, kom binne.)*

KONING: En kon u geensins langs 'n omweg uit hom kry waarom dit is dat hy sy stille dae met kranksinnigheid, onstui mig en gevaarlik, knarsend barstig deurbring?

ROSENCRANTZ: Dat hy verward voel, dit erken hy, maar hy weier absoluut om oor die oorsaak iets te sê.

GULDENSTERN: Ons vind hy's gladnie gretig om gepols te word nie, maar heel listig bly hy handig op 'n afstand elke keer, sodra ons hom wil noop om oor sy ware toestand iets te openbaar.

KONINGIN: Het hy u goed ontvang?

ROSENCRANTZ: Fatsoenlik soos 'n heer.

GULDENSTERN: Maar met 'n sware inspanning.

ROSENCRANTZ: Met vrae was hy suinig, maar met antwoorde op wat deur ons gevra is, vry.

KONINGIN: Het u hom aangespoor tot enig tydverdryf?

ROSENCRANTZ: Mevrouw, die toeval wou dit hê dat ons opweg hierheen 'n paar akteurs

kon ingehaal het. Hiervan het ons hom vertel en dit wou skyn asof die nuus nogal 'n soort van blydschap by hom opgewek het. Tans is hulle aan u hof en na ons meen het hulle reeds bevel ontvang om voor hom nog vanaand te speel.

POLONIUS: Dis meer as waar; en hy het my gesmeek om u te soebat dat u beide majesteite tog die opvoering mog bywoon.

KONING: Graag, en dit van ganser harte, want dit stel my seer tevrede om van hierdie neiging te verneem. My goeie here, hits hom verder aan en rig nog meer sy strewe op die soort genot.

ROSENCRANTZ: Ons sal, my heer. [*Exeunt* ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN.

KONING: En nou, my liefste Gertrude, moet u ons verlaat; ons het vir Hamlet dringend opgedra om hiernatoe te kom, sodat hy kastig per ongeluk Ophelia kan raakloop, terwyl haar vader en eksel self ons gaan verskuil, om soas wettig luistervinke ongesien te sien wat die ontmoeting openbaar, sodat ons duidelik kan oordeel of sy kwelings uit die liefde spruit of nie.

KONINGIN: Ek sal gehoorsaam wees en u Ophelia, wat u betref, wens ek dat u aantreklikhede die gelukkig oorsaak is van Hamlet se waansinnigheid: so hoop ek dat u deugde hom weer tot homself sal bring tot ere van u albei.

OPHELIA: Mevrou, dis ook my wens. [*Exit* KONINGIN.

POLONIUS : Ophelia,
loop hier nou op en af, soas dit jou
betaam. Ons sal ons gaan versteek. Lees hier-
die boek, sodat dit lyk of jy met boe-
kevat jou eensaamheid verslyt. Dis oor
en oor bewys dat ons vaak skuldig is
daaraan dat ons met skyn van godsdiens en
met vrome dade selfs die duiwel met
die heuningkwas bewerk.

KONING (*tersy*): Dis al te waar.
Hoe seer word my gewete nou deur daar-
die opmerking gegésel. Ai, 'n hoer
se wang versier met pleisterkuns is vir
die goeters wat dit help nie leliker,
as my daad vir my mees versierde taal.
O sware las!

POLONIUS : Ek hoor hom kom. Ons gaan opsy.
[*Exeunt* KONING *en* POLONIUS.]

(HAMLET kom binne.)

HAMLET: Te lewe of te sterwe: dis die vraag.
Of dit edeler in gees is om die pyle en
die slingerstene van die ongeluk te ly,
as om teen 'n see van moeilikhede
die wapens op te neem en so deur weerstand
'n end daaraan te maak. Te sterf, te slaap;
niks meer; om dan te sê dat ons deur slaap
die duisend alledaagse stampe, erfenis
van vlees, vir altyd sal beëindig,
is 'n vervulling waarvoor vroom gebid kan word.
Te sterf, te slaap; te slaap! miskien nog droom!
A, daar's die haakplek, want wat-
ter drome kan daar dalk in daardie dood-
slaap kom, na ons die sterfelike wind-



*My heer, ek het van u gedagtenisse nog,
wat ek al lank-al graag wou t'ruggee.*

[Sien bladsy 81

HAMLET: Nederig bedank ek u. Goed, goed, goed.

OPHELIA: My heer, ek het van u gedagtenisse nog,
wat ek al lank-al graag wou t'ruggee.

Ek bid u, ontvang hul nou.

HAMLET: Nie ek nie! Nog nooit het ek u iets gegee nie.

OPHELIA: Geëerde heer, u weet tog al te goed
wat u aan my gegee het en dit gepaard
met woorde wat so soet geadem is,
dat u geskenke daardeur toe nog kos-
baarder geword het. Hulle het hul geur
verloor. So neem dit asseblief terug,
want vir die edel inbors word die ryk-
ste gawes arm as die skenkers nie
meer vriend'lik is nie. Hier is dit, my heer.

HAMLET: Ha, ha! is u kuis?

OPHELIA: My heer!

HAMLET: Is u mooi?

OPHELIA: Wat bedoel u heerskap nou?

HAMLET: Dat as u kuis en mooi is, moet u kuisheid nie ge-
meenskap met u skoonheid hou nie.

OPHELIA: My heer, kan skoonheid ooit 'n beter metgesel as
kuisheid hê?

HAMLET: Al te seker, want die mag van skoonheid sal kuis-
heid eerder ondermyn, ja, van haar 'n koppelaarster
maak, as wat die krag van kuisheid, skoonheid
daartoe sal bring dat dit gelyk aan kuisheid is. Voor-
heen was dit 'n paradoks, maar vandag word dit be-
wys. Ek het u eertyds liefgehad.

OPHELIA: Inderdaad, my heer, u het my dit laat glo.

HAMLET: U moes my nie geglo het nie, want daar gaan altyd
van ons ou stam iets oor na die botsels van die ent as
deug daarop geënt word. Ek het u nie bemin nie.

OPHELIA: Soveel te meer is ek mislei geword.

HAMLET: Maak dat jy in 'n nonneklooster kom: waarom sou
jy sondaars teel? Ek ag my draaglik eerlik, maar van

sulke dinge kan ek my beskuldig dat dit beter sou gewees het, as my moeder my nie gebaar het nie. Ek is uiters trots, wraaksugtig, vol ambisie met meer sondes op my program, as ek oor kan dink, of as ek verbeelding het om daaraan fatsoen te gee, of tyd het om hulle in te doen. Waarom moet sulke skepsels soas ek tussen aarde en hemel kruip? Ons almal is deur-trapte skurke; glo geen een nie. Maak dat jy in 'n klooster kom. Waar is u vader?

OPHELIA: Tuis, my heer.

HAMLET: Laat die deure agter hom gesluit bly, sodat hy nergens anders as in sy huis die gek kan skeer nie. Vaarwel.

OPHELIA: Ag help hom, soetste hemel!

HAMLET: As jy trou, gee ek jou as bruidskat hierdie plaag: mag jy so koud soos ys wees, so rein soos sneeu, maar nie aan lastertaal ontkom nie. Maak dat jy in 'n klooster kom, gaan, vaarwel. Of as jy dan moet trou, trou dan 'n dwaas: want mans met wysheid weet al te goed, welke monsters julle van hulle maak. Voort na 'n nonneklooster, gaan en vinnig ook. Vaarwel.

OPHELIA: O! hemelse kragte, maak hom tog gesond!

HAMLET: Ek het ook verneem hoe julle vrouens julle verf. Verstaan! God het julle een gesig gegee en julle maak vir julle 'n ander een. Julle dans, julle trippel en julle lispel, gee byname aan God se skepsels en julle pleit onkunde as ekskuus vir julle ligsinnigheid. Trap! daarvan moet ek niks meer hê nie. Dit het my gek gemaak. Ek sê daar sal geen trouery meer wees nie: almal wat getroud is buiten een sal lewe; die res sal bly soos hulle is. Gaan na 'n klooster, toe gaan! [Exit HAMLET.

OPHELIA: Maar ai, hoe los het hier 'n edel gees, weg van sy anker afgeskeur en vort gedryf. Die howenier, geleerde en soldaat se oog, se rede en sy swaard,

die hoop en blom van almal se verwagtinge, die verpersoonliking van goeismaak, 'n toonbeeld van die hoflike innemendheid, die voorbeeld waarna almal opsien, weg, terneergeslaan. En ek? 'n Mees bedrukte armsalig' vroumens, wat die heuning van geloftes, musieksoet gedrink het, hoor die oppermagtigste en edel rede soos 'n ru en vals gekryskrysk, afkomstig van 'n klokkespel eers voorheen soet, maar nou skoon vals. Sy weergalose voorkoms en sy jeug in volle bloei tans deur kranksinnigheid geheel-en-al verwoes. Ai, wee my om dit wat ek gesien het, en, om tans te sien, wat ek nou sien.

(KONING en POLONIUS kom binne.)

KONING: Liefde!

Nee, daarheen neig hy nie. 'n Ietsie ongewoon is wat hy sê, maar waansin kan dit kwalik wees. In sy gemoed bestaan daar iets waaroor sy malheid broei, die uitkoms daarvan kan vir my gevaarlik wees—dis sonder twyfel—en dít moet ek vermy, daarom het ek as volg besluit: in alle haas moet hy na Engeland om agterstallige belastinge vir ons op te eis. Besmoontlik dat die see sowel as daardie staat gevul is met 'n groot verskeidenheid van afleidings, wat hierdie neerslag in sy hart waarop sy harsings tans voortdurend maal en hy hom so te buite gaan, heel moontlik sal verdryf. Wat dink u van my plan?

POLONIUS: U plan klink deugdelik. Maar ek glo nog die oorsprong en begin van al sy kwelings setel in verworpe liefde. Kyk, Ophelia, daar ons tog elke woord van ons lord Hamlet se gesprek met jou gehoor het, hoef jy niks aan ons te sê oor die gebeurde nie. My heer, u kan maar maak soas u wil, maar as u dit soms raadsaam ag, laat dan die koningin, sy moeder, na die opvoering, hom spreek oor sy verdriet en ronduit hom die waarheid vra. Met u verlof, sal ek myself so plaas dat niks van hulle konferensie aan my oor ontsnap nie en indien sy niks ontdek nie, stuur hom dan na Engeland of plaas hom daar waar u in wysheid dit die beste ag.

KONING: Dit sal so wees.
 Kranksinnigheid by magtiges moet altyd in die oog gehou word.

TWEEDE TONEEL.

Saal in die paleis.

(HAMLET en verskeie spelers kom binne.)

HAMLET: Sê die toespraak asseblief so op soos ek dit aan u voorgesê het, glad en gemaklik; maar as u dit insluk of binnesmonds hou, soos baie van julle spelers dit kan doen, kry ek liewers 'n openbare omroeper om die reëls, wat ek geskryf het uit te spreek. Moet ook nie die lug te veel met u hande klowe nie, so, maar gebruik alles saggies; want in die ergste stortvloed, storm, en

sal ek sê, die dwarrelwind van hartstog, moet u selfbeheersing en matigheid beoefen, sodat 'n gladde vloeibaarheid van spel verseker word. O! dit erger my tot in my siel as ek hoor, hoe 'n luidgekeelde vent met 'n bepruikte harspan 'n stuk vol hartstog verrinnweer, ja selfs aan flenters skeur en dit net om die gespeupel, wat slegs in staat is om lawaai en onverstaanbare gebarespele te waardeer, se ore te laat tuit. So 'n vent sou ek met 'n karwats laat deurloop omdat hy Termagant verbystreef en meer as Herodes te kere gaan. Vermy so iets asseblief.

EERSTE SPELER: Ek verseker u dit sal vermy word.

HAMLET: Maar moet nou ook nie weer te mak wees nie; laat u deur u eie oordeel lei: pas u spel by die woorde aan en die woorde by u spel; gee veral ag dat u die matigheid van die natuur nie oorskry nie: want alles wat oordrywe word, is strydig met die doel van die toneel. Die doel van 'n drama, eertyds sowel as tans, is namelik, as't ware, om spieël voor te hou aan die natuur, sodat aan deug haar ware vorm vertoon kan word en sy in staat is om haar eie beeltenis te hoon, ja, om 'n geslag en die gemeenskapslewe aan die waarnemers te toon. As dít nou oordryf of traag gespeel word, al laat dit die oningeligtes lag, dan kan die oordeelkundiges niks anders doen as treur nie; die afkeuring van een van laasgenoemdes moet swaarder weeg as 'n teater vol van eersgenoemdes—dit gee u tog seker toe? O, daar is spelers wat ek sien speel het, wat deur ander nogal hoog geprys word, wat nie die uitspraak van 'n beskaafde man het nie, nóg sy houding, hulle mis selfs die houding van 'n barbaar of van 'n gewone mens, wat so trots en pronkerig stap en bulk dat ek gedink het, die natuur se meesterwerkers het ook probeer om 'n mens te maak, maar met min sukses het hulle slegs die natuur afskuwelik nageaap.

EERSTE SPELER: Ek hoop ons het daardie mode redelik by ons hervorm.

HAMLET: Hervorm dit heeltemal en laat hulle wat die rol van harlekyne speel, nie meer sê as wat vir hulle geskryf is nie; want daar is sulkes wat self sal lag net om 'n aantal onontvanklike toeskouers hul laglus te laat botvier, terwyl juis dan 'n noodsaaklike aspek van die spel oorweeg en waardeer behoort te word. Soiets is laag en openbaar 'n armsalige ambisie by die dwaas wat dit gebruik. Gaan en maak u nou gereed.

[*Exeunt spelers.*]

(POLONIUS, ROSENCRANTZ en GULDENSTERN kom binne.)

En nou, my heer, sal die koning na hierdie werk kom kyk?

POLONIUS: En ook die koningin en dit dadelik.

HAMLET: Vra die spelers om tog gou te maak.

[*Exit* POLONIUS.]

Sal u twee gaan help om hulle aan te jaag?

ROSENCRANTZ en GULDENSTERN: Ons sal, my heer.

[*Exeunt* ROSENCRANTZ en GULDENSTERN.]

(HORATIO kom binne.)

HAMLET: Hello, Horatio.

HORATIO: Hier my goeie heer, tot u diens.

HAMLET: Horatio, jy is die eerlikste van al die mans wat ek in my bestaan al ooit ontmoet het.

HORATIO: Maar my heer—

HAMLET: Nee wag,
moet tog nie dink ek vlei nie,
want watter voordele kan ek van jou
verwag, waar jy slegs opgewektheid het
as bate om jou mee te klee en voed?

Waarom sou armes ooit om iets gevlei word?
Nee, laat heuningtonge lek aan dwase prag
en praal, laat vleiers hul gerede knie-
ë krom waar voordeel volg op kruip van wit-
voetsoekers. Volg jy wat ek bedoel?
Vandat my innerlike self 'n keus
kon maak en mense kon beoordeel, het
ek jou verkies, wyl jy in grootste ly-
ding jou gedra soos een wat niks kan deer nie,
en die Geluksgodin se teenslag en
beloning ewe moedig neem en met
gelyke dankbaarheid. Geseënd is hul-
le wie se hartstogte met oordeel so
gemeng is, dat hulle nie 'n fluit in die
Geluksgodin se hande is nie,
wat willoos fluit as sy na willkeur
gerede kleppe druk. Gee my 'n man
wat nie sy hartstogte se slaaf is nie
en in my hart se pit sal ek hom dra,
ja, in my hart se binneste, waar ek
jou dra. Maar hiervan nou genoeg. . . . Vannag
word daar 'n drama voor die koning op-
gevoer; die spelverhaal in een toneel
lui min of meer gelyk aan die omstan-
digheid waarin my vader dood is, soos
ek jou noukerig voorheen reeds vertel het.
Nou vra ek jou dat jy, met al jou aandag,
my oom moet dophou as daardie toneel
gespeel word. Kyk, as sy bedekte skuld
nie uit die hok spring nie, by 'n beson-
der dialoog, dan is die spook wat ons
gesien het een uit die verdoemenis,
en my verbeeldingsvlugte vuil soas
Vulkaan se smedery.

HORATIO :

Heel goed my heer,

as hy iets steel, terwyl gespeel word, son-
der om op heterdaad betrap te word,
sal ek die skade ly.

HAMLET: Hier kom hul reeds.
Ek moet nou weer my snaakse houding aan-
neem. Kies vir jou 'n plek.

(*Deense marsmusiek, trompetgeskral, die KONING, KONINGIN,
POLONIUS, OPHELIA, ROSENCRANTZ, GULDENSTERN en andere
kom binne.*)

KONING: Hoe leef my neef Hamlet nog?

HAMLET: Eerste klas, glo my. Ek leef van trapsuutjie-kos, ek
eet lug wat van verwagtings propvol is. U kan kapoene
nie so voer nie.

KONING: Hamlet, aan hierdie antwoord het ek niks. U
woorde slaan ook nie op myne nie.

HAMLET: En ook nie op myne nie. (*Aan POLONIUS*): My heer,
u sê u het eenkeer aan die universiteit toneel gespeel.

POLONIUS: Ja, my heer, ek het. Ek was nogal 'n goeie speler.

HAMLET: En wat het u gespeel?

POLONIUS: Die rol van Julius Cæsar. Op die Capitoel is ek
vermoor. Brutus was die moordenaar.

HAMLET: Dit was brutaal van hom om so 'n gawe kalf dáár
dood te slaan. Is die spelers daar?

ROSENCRANTZ: Ja, my heer, hulle wag vir u gerief.

KONINGIN: Kom sit hier by my, my liewe Hamlet.

HAMLET: Nee, my goeie moeder, hier is aantrekliker metaal.

(*HAMLET gaan aan die voete van Ophelia lê.*)

POLONIUS (*aan die koning*): Ihm-ihm. Sien u dit?

HAMLET: Mejuffrou, mag ek op u skoot lê?

OPHELIA: Nee, my heer.

HAMLET: Ek bedoel, mag ek met my kop op u skoot lê?

OPHELIA: Nee, my heer, u is vrolik vandag, my heer.

HAMLET: Wie? Ek?

OPHELIA: Ja, my heer.

HAMLET: O God, u enigste grappemaker. Wat sal 'n man anders doen as vrolik wees, want kyk, kyk, hoe vrolik is my moeder. Sy is die opgewektheid self en my vader is twee uur gelede dood.

OPHELIA: Nee, my heer, dis twee keer twee maande.

HAMLET: Al so lank gelede? Nee, laat die duiwel dan in swart gekleed gaan; ek verkies 'n pak van sabelbont. O hemel, reeds twee maande lank oorlede en nog word hy onthou. Dan is daar hoop dat 'n beroemde man se nagedagtenis, hom 'n halwe jaar lank sal oorlewe. Maar, by Maria, dan moet hy kerke bou, so nie sal hy onder die vergetelheid gaan ly, soos die geval met die hobbelperd tans is. Sy grafskrif lui mos: „Want o, want o, die hobbelperdje is vergeet.”

(Hobospel. 'n Gebarespel neem 'n aanvang. 'n Koning en 'n koningin kom langsaam binne. Hulle omhels mekaar. Eers hy, dan sy. Sy kniel en maak duidelike tekens dat sy met iets nie tevrede is nie. Hy tel haar op en lê sy kop op haar skouer. Daarna gaan hy tussen 'n klomp blomme lê en slaap. Toe sy sien hy slaap, verlaat sy hom. Weldra kom daar 'n vent in, neem die koning se kroon, soen dit en gooi gif in die koning se ore. Hy vertrek. Die koningin keer terug en ontdek dat die koning dood is. Sy maak hartstogtelik misbaar. Die gifmenger, met twee of meer stommes, kom weer binne en maak of hulle saam met haar treur. Daarna word die lyk weggedra. Dan begin die gifmenger met geskenke aan die koningin die hof te maak. Eers is sy afkerig, maar dit duur nie lank nie of sy neem sy liefde aan.) [Exeunt gebarespelers.

OPHELIA: Wat beteken dit, my heer?

HAMLET: Gedorie, dit lyk na onderduimse streke.

Dit beteken kwaad.

OPHELIA: Miskien is dit die spelverhaal se knoop.

(PROLOOG *kom binne.*)

HAMLET: Hierdie kêrel sal ons sê. Spelers hou gewoonlik niks geheim nie. Hulle sal die laaste ding vertel.

OPHELIA: Sal hy die betekenis van die vertoning aan ons blootlê?

HAMLET: Ja, en van al sulke vertonings as wat u kan toon. As u nie skaam is nie, sal hy nie skaam wees om te sê wat dit beteken nie.

OPHELIA: Nou word u baie stout. Ek sal my aandag aan die spel gaan wy.

PROLOOG: „Vir ons en vir ons spel van treurigheid
Smeek ons u buigend om lankmoedigheid
Ons soebat, hoor ons met geduldigheid.”

HAMLET: Is dit 'n voorspel of 'n ringvers?

OPHELIA: Dis kort, my heer.

HAMLET: Soos 'n vrou se liefde.

(*Spelerkoning en -koningin kom binne.*)

SPELERKONING: Die wa van Phœbus het sy baan reeds dertig
keer voltooi

en Neptuun sy sout oor Tellus' omkringde grond ge-
gooi;

die maan het met geleende glans, wel twaalfmaal der-
tig keer,

om die wêreld heen en weer gereis en nog iets meer,
sedert harteliefde ons en Hymen ook ons hande,
onderling verenig het, met gewyde bande.

SPELERKONINGIN: Laat son en maan nog soveel reise maak eerdat ons tere liefde op sal raak.

U jongste siekte maak die weemoed tot my lot.

So erg het u verander en so sonder vreug is u dat ek onrustig voel. Vergeet my onrus asseblief, dit kan vir u niks anders bring, as ongerief.

Vroueliefde stem ooreen met vrouevrees, of groot of klein sal elkeen altyd wees.

Wat die omvang van my liefde is, dit weet u reeds; my vrees is van dieselfde grootte as my liefde is.

Waar liefde regtig innig is, bring kleinste kwellings vrees

waar kleinste kwellings groot vrees bring, moet groot liefde wees.

SPELERKONING: My troue skat, ek moet van u weggaan en gou daarby.

Ek voel my krag neem af, my einde is naby, en in ons skone wêreld sal u agterbly geëer, bemin en toeval sal 'n ander eggenoot—

SPELERKONINGIN: Slaan oor die res. Verraad is sulke liefde in my hart. Laat ek vervloek word met 'n tweede man, want niemand trou 'n tweede een, wat nie die eerste een vermoor het nie.

HAMLET (*tersy*): Dis raak! Dis raak!

SPELERKONINGIN: En die beweeg-

krag tot 'n tweede huwelik is glad-nie liefde nie, maar minderwaardige oorwegings van profyt. 'n Tweede keer word my gemaal deur my gedood as ek in bed gekus word deur 'n tweede eggenoot.

SPELERKONING: Ek glo u is opreg terwyl u praat; maar vaak verbreek ons wat ons vas besluit en 'n besluit se voortbestaan

hang af van ons geheuensduur; 'n fors gestalte by geboorte, wat 'n wasdom steeds vertenger: tans soas 'n groen vrug vas, terwyl bekwaam dit val selfs sonder dat 'n takkie roer. Om te vergeet is noodsaak, want dit stel die moontlikheid dat ons, aan ons ook reg kan laat geskied. Waartoe ons vas in drif besluit, verflou sodra die drifbui uitgewoed het. In-nigheid van droefenis of vreug, vernietig sy beweegkrag met sigself. Waar blydskap die uitbundigste vertoon, klink leed se jammerklag die diepste. Droefheid juig en vreugde treur, deur blote ongeluk. Die wêreld bly nie soos hy is vir ewig nie en vreemd dus nie dat ons geneent-hede, sig met ons fortuin steeds wysig nie; die vraag resteer vir ons om te bewys of liefde die fortuin se leier is, dan wel fortuin die liefde s 'n. Sodra die groot man val, weg vlug die gunsteling; sodra die arm man opkom, maak hy vriende met sy vyande. Tot dusver het die liefde op fortuin geleun, want wie aan niks te kort kom, skort ook nooit 'n vriend en wie in nood om steun hom tot 'n onopregte vriend durf wend, berei onmiddellik vir hom 'n vyand voor. Maar om weer tot die aanvang t'rug te keer: ons wense en ons lot loop steeds uiteen, sodat ons planne altyd skipbreuk ly. Dis ons gedagtes, maar die uitkoms gladnie van ons maaksel nie. En so besluit jy om geen tweede ooit te trou, maar wel dra na jou eerste man se dood, sterf hierdie opset tog maar gou.

SPELERKONINGIN: Laat die aarde voedsel en die hemel lig,
 die dag ontspanning en die nag sy rus
 van my onthou, laat wanhoop in die plek
 kom van geloof en hoop, my lot wees
 die van 'n kluisenaar wat ingekerker is,
 laat alles maar gebeur wat vreugde se
 gesig uitwis, laat dit vernietig word
 wat ek graag wil, sowel hierna as nou,
 as ek as weduwee, ooit weer genoem word vrou.

HAMLET: As sy dít nou moet verbreek!

SPELERKONING: 'n Dure eed!

My skat verlaat my nou. My krag neem af,
 die dag vermoei my gou; aan slaap wil ek
 my toevertrou. [Hy gaan slaap.]

SPELERKONINGIN: Mag slaap u sus. Mag daar
 tog nooit iets kom wat ons sal skei nie.

[Exit SPELERKONINGIN.]

HAMLET: Mevrou, hoe hou u van die opvoering?

KONINGIN: Dit kom my voor, die vrou bedui te veel.

HAMLET: O, maar haar woord sal sy tog seker hou.

KONING: Ken u die spel se knoop? Is daarin niks wat aan-
 stoot gee nie?

HAMLET: Nee, slegs skerts is dit. Vergiftiging in skerts. Geen
 aanstoot in die minste nie.

KONING: Wat word die stuk genoem?

HAMLET: Die muisval, gedorie. Dit wil sê figuurlik uitgedruk.
 Die stuk is 'n nabootsing van 'n Weense moord. Die
 naam van die hertog is Gonzago, sy vrou s'n Baptista.
 So straks sal u dit sien; 'n skurwe stukkie werk is dit;
 maar wat daarvan? U majesteit en ek het vry gewetens.
 Laat die wat skurf is krap, ons twee is brandsiekvry.

(LUCIANUS kom in.)

Dis 'n sekere Lucianus, die koning se neef.

OPHELIA: My heer, u is soos 'n koor so goed.

HAMLET: Ek sou alles tussen u en 'n minnaar kan verduidelik,
as ek net die marionette kan sien vry.

OPHELIA: U is skerpsinnig, my heer, seer skerpsinnig.

HAMLET: U sal kreun om my skerpte stomp te kry.

OPHELIA: U antwoord beter en slegter.

HAMLET: Dis hoe u u man moet trou. Toe moordenaar begin.
Pes, slaan die skewe-bek-getrek maar oor. Kom! „Die
krysende kraai, kwaak om sy wraak.”

LUCIANUS: Gedagtes gemeen; hande wat regstaan
Geleentheid geskik; gif wat kan werk
'n Bondgenoot trou; geen skepsel wat merk;
'n Stooksel stink van middernagtlike kruid
Deur Hecaté driewerf bespuit,
Toorgoed met doodmaak-geaardheid
wat lewens beroof in baie min tyd.

(Hy gooi gif in die slapende se oor.)

HAMLET: In die tuin is hy vergiftig om sy boedel. Gonzago is
sy naam; die storie is bekend. Dis geskrywe in die
keurigste Italiaans. U sal straks nog sien hoe die
moordenaar die liefde van Gonzago se vrou verwerf.

OPHELIA: Die koning staan op.

HAMLET: Wat! Bang vir blinde skote?

KONINGIN: Hoe voel my heer?

POLONIUS: Staak die spel.

KONING: Gee my lig, 'n bietjie lig. Gaan weg.

ALMAL: Maak lig, maak lig, maak lig.

[Exeunt almal, behalwe HAMLET en HORATIO.]

HAMLET: Laat die verskrikte takbok ween,
Die ongekweste hert gaan juig,
Party moet waak, party moet slaap,
So is die wêreld se beloop.
En, meneer, sal 'n sukses soos dit, 'n bos vere en twee

rose van Provence op my met snywerk versierde skoene—gestel dat al my sake die papierepompweg op sou gaan—my geen vennootskap in 'n teaterbesigheid besorg nie?

HORATIO: 'n Halwe aandeel.

HAMLET: 'n Volle aandeel.

Want u moet weet, my liewe Damon,
Volgens my geloof
Is hierdie staat van niemand minder
As Zeus self beroof.

En nou heers hier 'n lae, lae pou—

HORATIO: U kon dit laat rym het.

HAMLET: My goeie Horatio, 'n duisend pond sou ek op die spook se woord wil waag. Het jy gesien?

HORATIO: Baie goed, my heer.

HAMLET: Toe daar van gif gepraat is?

HORATIO: Ek het hom goed dopgehou.

HAMLET: Ha, ha, kom. Maak musiek. Waar's die musikante?
As die koning nie van die toneelspel hou nie, verdorie,
dan hou hy nie daarvan nie. Kom maak musiek.

(ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN *kom binne.*)

GULDENSTERN: My goeie heer, gun my 'n enkel woord.

HAMLET: 'n Hele geskiedenis, meneer.

GULDENSTERN: Meneer, die koning—

HAMLET: Ja, meneer, wat van hom?

GULDENSTERN: —is in sy afgesonderheid erg versteur.

HAMLET: Deur drank, meneer?

GULDENSTERN: Nee, meneer, deur toorn.

HAMLET: Ryker sal u oordeel sig vertoon as u die feit aan sy geneesheer sou bekend stel, want die purgasie wat ek hom sou wil toedien, sal sy gebelgdheid eerder nog verhoog.

GULDENSTERN: My goeie heer, bring tog in u diskoers 'n weinig rede. Moet nie so wild, my in die rede val nie.

HAMLET: Ek is mak, meneer, praat.

GULDENSTERN: Onder diepe droefheid het die koningin, u moeder, my na u gestuur.

HAMLET: U is welkom.

GULDENSTERN: Nee, my goeie heer, dié beleefdheid is nie van die regte kleur nie. Gee my 'n gesonde antwoord asseblief en dan sal ek u moeder se bevel uitvoer: indien nie, sal u pardon en my terugkeer die end van my sending wees.

HAMLET: Meneer, ek kan nie—

GULDENSTERN: Kan nie wat nie?

HAMLET: —u 'n gesonde antwoord gee nie. Ek is siek van gees, maar tot so 'n antwoord soos ek kan gee, kan u of liewers, soos u sê, my moeder, my beveel. Hiermee uit: ter sake; my moeder sê u?

ROSENCRANTZ: Sy sê dit: u gedrag het haar verstom en met verbasing is sy vervul.

HAMLET: O wonderlike seun, wat so 'n moeder kan verbaas. Maar is daar nie 'n vervolg op dié moeder se verbasing nie? Deel mee!

ROSENCRANTZ: Voor u ter ruste gaan, wil sy u onder vier oë in haar kamer spreek.

HAMLET: Ons sal gehoorsaam, al was sy ons moeder tienkeer oor. Het u nog iets om ons te sê?

ROSENCRANTZ: Meneer, u het vroeër van my gehou.

HAMLET: En nou nog, met beide hande.

ROSENCRANTZ: My goeie heer, wat is dan tog die oorsaak van u ongesteldheid? U is self die rower van u eie vryheid deur u griewe vir uself te hou.

HAMLET: Aan vooruitsigte, meneer, ly ek gebrek.

ROSENCRANTZ: Hoe kan dit wees wanneer die koning self u opvolging op die troon van Denemarke ondersteun?



*Daar's roosmaryn, dis vir herinnering;
ek smeek u liefde wees getrou.
En daar's gesiggies vir gedagtes.*

HAMLET: Ja, almaskie, maar, „terwyl die gras groei,”—ek erken die spreekwoord is verroes—„vrek 'n dom perd.”

(Die musikante waaronder fluitspelers, kom binne.)

O, die fluitspelers: bring een hier. Kom hierheen, saam met my. Waarom kom u bokant my wind, asof u my wil dryf in die arms van die jagter wat my voorlê?

GULDENSTERN: As my plig my voorbarig maak, is my groot liefde daar om my maniere aan te vul.

HAMLET: Dit begryp ek nie presies nie. Speel op hierdie fluit 'n bietjie.

GULDENSTERN: Meneer, ek kan nie.

HAMLET: Ek soebat u.

GULDENSTERN: Glo my ek kan nie.

HAMLET: Ek smeek u.

GULDENSTERN: My heer, ek ken die kuns gladnie.

HAMLET: Dis as lieg so maklik: beheer die windgate met u duim en vingers. Blaas die wind met u mond hier in en u maak die mees welluidende musiek. Kyk, hier is die kleppe.

GULDENSTERN: Maar ek kan dit nie beheers, dat daar iets harmonieus uit voortkom nie. Ek mis die bedrewenheid totaal.

HAMLET: Nou kyk, wat 'n lae dunk het u van my; u trag om musiek uit my te kry; dit skyn of u my note ken; tot my geheim se kern sou u graag wil binnedring; u sou trag om my laagste noot tot die hoogste toe te ondersoek: daar is baie klanke en uitstekende musiek in hierdie instrument; en tog, u kan daar geen geluid uit kry nie. Dink u verduiwels, dat ek makliker bespeel kan word as hierdie fluit? Verbeel u ek is watter instrument ook al, erger my met u getokkel, maar moet u nie verbeel dat u op my kan speel nie.

(POLONIUS *kom binne.*)

God seën u, meneer.

POLONIUS: Meneer, die koningin wil u aanstons spreek.

HAMLET: Sien u daardie wolk, daar gunter? Dit lyk na 'n kameel.

POLONIUS: Ja sowaar, dit lyk na 'n kameel. Regtig.

HAMLET: Ek dink dis 'n muishond—

POLONIUS: Dit het 'n muishondrug.

HAMLET: —of 'n walvis.

POLONIUS: Dit lyk baie na 'n walvis.

HAMLET: Ek sal so strakkies na my moeder gaan. (*Tersy*): Dis 'n gekskeerdery tot bo my gal. (*Aan POLONIUS*): Ek sal strakkies kom.

POLONIUS: Ek sal dit sê.

HAMLET: Dis maklik om *strak*kies te gaan sê.

[*Exit* POLONIUS.

Verlaat my vriende. [*Exeunt almal, behalwe* HAMLET.

Dis diepe nag, dis egte heksetyd,
wanneer graftes gaap, die hel ook self die
aarde aansteek met sy sondevlamme.

Dis nou wanneer ek rooi bloed, warm kan drink
en sulke wrede snode dade pleeg,
dat dié dag, wat daarop lig sal sidder.

Nou moet ek stadig oor die klippe gaan—
my moeder wag. My hart, verloor tog nooit
nie jou geaardheid nie. Laat Nero's siel
so nimmer nooit nie in my boesem kom
nie. Laat ek wreed, maar tog natuurlik op-
tree. Laat my tong en nie my hande nie
die dolk hanteer, terwyl my mond en siel
skynheilig bly. Hoe swaar ek haar met woord
mag gésel, nooit nie gee my siel verlof
dat ek tot dade oorgaan nie.

[*Exit* HAMLET.

dit breek, elkeen, al is sy aanhegsel
of sy betekenis ook hoe gering,
'n begeleier is van 'n rumoerig ruïnasie.
Nooit steun 'n koning of aan alle kan-
te word gekreun.

KONING: Ek bid u rus u uit
vir hierdie snelle reis, want die gevaar,
wat veels te veel op vrye voet verkeer,
wil ons in boeie slaan.

ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN: Ons sal ons haas.

[*Exeunt* ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN.]

(POLONIUS *kom binne.*)

POLONIUS: My heer, hy gaan so strakkies na sy moe-
der se private kamer. Agter die
behangsel gaan ek skuil om alles aan
te hoor. Ek gee u die garansie dat
sy hom erg swaar op proef sal stel, en soos
u sê, verstandiglik is dit gesê,
dis nodig dat 'n ander oor as slegs
'n moederlike die gesprek moet hoor,
want van natuur is moeders tog partydig.
U word gegroet. Nog voordat u vannag
ter ruste gaan, kom ek u opsoek om
u mee te deel wat ek gehoor het.

KONING: Dankie, heer.

[*Exit* POLONIUS.]

My daad grief my, dit walg ten hemel.
Dit dra die oervloeksbrandmerk, broedermoord.
Ek wil graag bid; hoe hard ek egter dit
probeer, ek kan maar nie. Verydel word
my hardste pogings steeds deur my nog meer
verharde hart se skuld. Soos iemand wat
twee take moet vervul staan ek en twy-

fel waar om te begin en doen geen een
nie. As my hande nou, vervloek soos hul
reeds is, met broederbloed oordek, sal daar
nie in die wye grootse uitpansel
voldoende reën in voorraad wees waarin
ek my so skoon soos sneeu kan reinig nie?
En waartoe dien genade anders as
om sonde reg in die gesig te kyk?
En watter kragte lê daar in gebed,
behalwe twee: om ons van val te hoed, en
indien ons struikel vergiffenis te bring?
Dán mag ons vrymoedig opkyk. Ons son-
de hoort dan tot die dag van gister.
Maar hoe moet die gebed nou lui wat my
geval moet dek? „O Here vergewe my,
my broer se moord.” Hoe kan dit ooit solank
ek nog die voordeel durf behou, waarvoor ék
die snode moord gepleeg het, naamlik
my kroon, my heerssug en my koningin?
Kan mens vergiffenis ontvang en nog
die voordeel van sy sonde ook geniet?
In die korrupte onderstromings van
die wêreld sien ons vaak die goue hand
van misdaad skelm skuif om die regver-
digheid te onderkruip. Die wins uit son-
de word sêlfs aangewend tot uitkoop van
die reg. Maar so sal dit daar bo nie gaan
nie. Daar's geen kans vir skuifmeul nie. Daar wag
die aksie in sy ware aard op ons.
En selfs is ons verplig om in ons kwaad
se aangesig persoonlik teen ons te
getuig. Wat dan? Wat bly daar oor? Wat kan
berou vermag? Wat kan dit nie? Waartoe
is dit instaat indien 'n mens gebrek
het aan berou? O wrede toestand. O!

my boesem, swart soas die dood! Ai my, my siel op soek na vryheid, worstel, raak soos vleuels wat in voël-ent spartel, nog meer verstrik. Ag engele, help my, help my tog, beproef my weer. Trae knieë buig nou. Word week my hart van stale senuwees, word sag gelyk 'n pasgebore kind se hart. Miskien gaan alles dalk nog goed.

[*Die koning kniel en bid.*

(HAMLET kom binne.)

HAMLET: Terwyl hy bid, kan ek dit maklik doen; net so, en daar trek hy vort hemel-toe, en wraak het ek geneem. Maar dit moet ek eers weer oorweeg. Van sy lewe word my vader deur 'n skurk beroof; ek, sy seun, die enigste, help hierdie skobbejak weg hemel-toe. Maar dit is mos nie wraak nie. Diens en loon is dit. In sy trotsheid, sorgelose rus, ja vol oorfloedig brood, te midde van gedane sondes in die somer van sy kwaad, is my vader wreed bekruip. En hoe sy rekening tans staan, weet slegs die hemel. Maar na ons omstandigheid gereken en na ons gedagtes, kry hy baie swaar. Het ek nou regtig wraak geneem, indien ek hom sou dood terwyl sy siel gereinig word en hy gereed vir uitvaart is?

Nee.

Terug my swaard. 'n Aakliger geleentheid wens ek jou in hierdie taak—aan slaap in dronkmansroes, of woede wreed of tydens sy bloedskandige genietinge of vloek-

bui, dubbelspel of ander growwe handeling wat g'n sweem van redding dra nie. Dan moet ons sy anker lig sodat sy skene teen die hemel klap en dat sy siel verdoem kan wees, ja swart soas die hel waarheen dit gaan. My moeder wag. Om so te kniel is medisyne wat jou walgelike dae net verleng. [Exit HAMLET.]

KONING: My woorde styg; my denke bly benede.
Verhoor word 'n gebed van woorde nooit.

[Exit KONING.]

TONEEL IV.

('n Ander kamer in die kasteel.)

(KONINGIN en POLONIUS kom binne.)

POLONIUS: Hy kom strakkies.

Mevrou, u moet hom hard aanspreek en sê sy lawwe kaskenades het die perke van welvoeglikheid oorskry en hoe dat u verdraagsaamheid nou skoon opraak, hoe u welwillendheid hom baie keer teen tergend ergenis beskerm het.

Ek steek my weg terwyl u reguit praat.

HAMLET: Moeder! moeder! moeder!

KONINGIN: U kan op my vertrou, vrees nie. Gaan weg, ek hoor hom kom.

[POLONIUS versteek hom agter die behangsel.]

(HAMLET kom binne.)

KONINGIN: Hamlet, jy het jou vader erg versteur.

HAMLET: Moeder, u het my vader erg versteur.

KONINGIN: Kom, kom, jy antwoord met 'n dwase tong.

HAMLET: Loop, loop, u ondervra met 'n goddelose tong.

KONINGIN: Nou toe nou, Hamlet.

HAMLET: Wat is nou verkeerd?

KONINGIN: Het jy vergeet, wie met jou praat?

HAMLET: Nee gits

nee, by die kruis, gladnie. U is die koningin, u eggenoot se broer se vrou en u—ek wou dit was nie so nie—is my moeder.

KONINGIN: Goed, dan sit ek dié op jou wat wel mag praat.

HAMLET: Gaan sit. U sal u nie verroer nie, voordat ek aan u 'n spieël getoon het waarin u, u diepste siel sal sien.

KONINGIN: Wat wil jy hê? Wil jy my vermoor? Help Help! hoi!

POLONIUS (*agter die behangsel*): Wat hoi! help, help, help hier!

HAMLET: Ha, 'n rot.

[*Hy trek sy swaard uit en steek deur die behangsel.*

Dood vir 'n oulap, so dood soos 'n mossie.

POLONIUS (*van agter die behangsel*): O! ek sterf.

[*Val en sterwe.*

KONINGIN: O wat het jy gedoen?

HAMLET: Nee wat? Was dit die koning?

KONINGIN: Wat 'n bloedige en onbesonne daad is dit!

HAMLET: 'n Bloedige en onbesonne daad? A, my goeie moeder, amper net so erg as om 'n koning dood te slaan en met sy broer te trou.

KONINGIN: 'n Koning dood te slaan?

HAMLET: Ja, Mevrouw, dis wat ek gesê het.

[*Hy lig die behangsel op en sien* POLONIUS.

Ellendig, onbesonne, lastig dwaas,
 vaarwel, ek dag dit was jou meerdere.
 So neem jou lot. Jy het ontdek dat jou
 oormatige bedrywigheid gevaar
 inhou. Laat staan die handgewring en sit.
 (*Aan die koningin*):

Ek gaan u hart nou wring; dit is indien
 u hart gemaak is van deurdringbaar stof:
 indien vervloekt' gewoonte dit nie so
 verhard het nie, dat dit 'n bolwerk is
 bestand teen die gevoel.

KONINGIN: En wat het ek
 gedoen, dat jy jou tong met die lawaai
 so onbeleef teen my durf swaai?

HAMLET: 'n Daad
 wat die bekoorlikheid en blos van in-
 getoënheid bevlek, wat deug geveinsd-
 heid noem, die blom afpluk van die opreg-
 te voorhoof van onskuldig' liefde en
 'n blaar daar brand, wat troubeloftes net
 so vals soos dobbelaars se ede maak;
 o, 'n daad wat 'n troukontrak se siel
 uitpluk en soete godsdiens tot 'n rap-
 sodie van woorde maak, 'n daad waarvoor
 die hemel bloos; ja hierdie stewigheid
 en saamgestelde massa het 'n droe-
 we aangesig asof die oordeelsdag
 naby gekom het, ja, ook hy is tam
 van hierdie daad.

KONINGIN: Ai my en wat se daad
 is dit, wat so hard brul en donder in
 die aanhef?

HAMLET: Kyk hier, na hierdie prent en dan na hier-
 die een, die beeltenisse van twee broers.
 Kyk hoe bekoorlik hierdie voorhoof is:

Hyperion se krulle, voor lyk dit
na Zeus, die oog van Mars om te beveel
of dreig, sy houding soos die boodskapper
Mercurius, wat lig geland het op
'n wolkbekuste berg; dit is 'n saam-
gestelde uiterlik en vorm wat lyk
asof die gode elke een sy seël daarop
gedruk het om 'n man te toon aan hier-
die wêreld. Dit, Mevrouw, was u gemaal.
Nou moet u kyk wat volg: u eggenoot
van tans: 'n roesaar, wat sy gawe broer
verteer. Waar is u oë? Kan u hier-
die skone berg verlaat om vet te word
op dié moeras? Waar is u oë, hè?
U kan dit kwalik liefde noem, want op
u ouderdom is bloed se hoogty ook
verby; dis tam, dis nederig, dit wag
op ryp beraad se oordeel. Welke oor-
deel sal 'n ruil soos dit vir dit gaan maak?
U het tog sekerlik gevoel want hoe
sal u dan anders kan beweeg? Maar net
so sekerlik is die gevoel verlam.
Kranksinigheid sal nie so dwaal nie, nóg
sal die gevoel in opgetoënheid,
ooit so verslaaf word dat sy onbekwaam
is om 'n keus te maak nie. Watter dui-
wel het by blindemol u so bedrieg?
U het 'n oog wat niks gewaar, gevoel
met geen gesig en ore sonder hand
of oog en almal sonder reuk; nie eens
'n siek gedeelte van 'n gawe sin-
tuig kan so dwaal nie.
O! skaamte waar's jou blos? Rebelse hel
as jy 'n middeljarig vrou daartoe
kan bring om teen haar leeftyd so te munit,

laat dan die kuisheid vir die vuur'ge jeug
so wees as was en in haar eie vuur
versmelt: verklaar dit nie tot skande as
die dwingend gloed tot storm oplaai, want ys
brand net so seer en rede dien as kop-
pelaar van wil.

KONINGIN: O Hamlet bly tog stil.
Genoeg is dit. Jy dwing my oog tot in
my diepste siel en daar is smet op smet
van vaste kleur wat weier om te bleik.

HAMLET: Nee, maar om in 'n walm van verderf
te leef, te vry, te liefkoos in 'n vuile varkhok—

KONINGIN: O, moet nie verder met my praat nie,
Jou woorde steek soos dolke in my ore.
Genoeg my liewe Hamlet.

HAMLET: 'n Moordenaar en skurk, 'n slaaf wat nie
die twintigste gedeelte van 'n tien-
de van u vorige gemaal is nie;
paljas van konings; dief van staat en lands-
bestuur, wat van die rak die kosb're kroon
gesteel en in sy sak gesteeke het—

KONINGIN: Genoeg.

HAMLET: 'n Vors uit lap en toiings.

(SPOOK kom binne.)

Wagte van die hemel, red my, dek my
met u vleuels. Genadige verskyning
wat wil u?

KONINGIN: Hy's mal helaas.

HAMLET: Kom u nou nie miskien u trae seun
skrobeer, omdat hy met sy uitstel en
gemoedsopwellings, die belangrike
voltrekking van u streng bevel, steeds af-
stel? Sê tog gou.

SPOOK: Begryp my goed. Ek bring besoek om bot geworde doelstellings 'n bietjie aan te sit. Maar kyk nou, oor jou moeder staan verbasing heen geskryf. Jy moet nog dieper in haar siel inboor. Verbeelding werk by swak gestelle swaarder in. Spreek haar aan, Hamlet.

HAMLET: Hoe's dit met u gesteld, mevrou?

KONINGIN: Hoe's dit helaas, met u gesteld, my seun, dat u so wesenloos bly staan en staar en met die lug geselskap voer? U oog staan wild, en net soas soldate wat aan slaap is as die alarm blaas, so spring u hare wat so netjies lê, regop asof daar lewe in gespring het en nou staan dit pen-orent. My sagte seun besprinkel tog die vlammend hitte van jou kwaal met koel geduld. Waarna kyk u?

HAMLET: Na hom, na hom! Kyk dan hoe bleek hy is, hoe woes sy blik! As sy gedaante en sy saak te saam aan stene bloot gelê sou word, sal daarin lewe kom. Moet my nie so bekyk nie want u jammerlike blik kan my van stryk-af bring en dít kan dalk, wat ek moet doen se ware kleur verbleik; dalk vloei daar trane pleks van bloed.

KONINGIN: Met wie praat u?

HAMLET:

Sien u dan niks nie?

KONINGIN:

Niks

geheel-en-al en tog kan ek al's sien.

HAMLET: En het u niks gehoor nie?

KONINGIN:

Niks behal-

we ons gesprek.

HAMLET:

Maar kyk dan daar; sien u hoe sluip dit weg, my vader in sy al-

ledaagse drag. Kyk daar loop hy—nou net uit die portaal.

[*Exit* SPOOK.]

KONINGIN: Dit is versinsels van jou brein—bedrogvol onliggaamlik skepings van kranksinnigheid.

HAMLET: Kranksinnigheid!

Net so bedoord as u pols klop, net so gesond klink die musiek wat myne maak. Uit waansin het ek nie aan praat gegaan nie, hoor. Toets dit gerus deur my te vra om elke woord wat ek gesê het te herhaal en ek sê dit presies weer oor—dis iets wat malheid bokke sal laat spring! Terwille van genade-liefde moeder moet tog nie probeer om u gewete stil te maak deur sulke vleisalf dat dit nie u sondes maar my waansin is wat praat. Dit sal die etterplek slegs aan die buitekant gesond laat lyk, terwyl die geil korrupsie binnekant nog welig tier en al's besmet. Bely u sondes tog voor God; betuig berou oor u verlede en vermy wat nog moet kom. Laat na om mis oor onkruid uit te spreid om dit nog weliger te maak. Vergeve my, my deug want in die voorspoed van ons sondevolle tyd moet deug die ondeug om verskoning bid, ja buig en soebat om verlossing om dit 'n guns te doen.

KONINGIN: My seun jy het my hart in twee gesplyt.

HAMLET: Verwerp die slegte deel daarvan en leef dan reiner met die helfte wat daar agterbly. Ek wens u goeie nag. Vermy my oom se bed; indien u kuisheid mis, gee voor dat u daarmee bedeed is. Daar-

die monster, die gewoonte wat ons fyn gevoel verwoes (die duiwel van gebruike) is in sover tog 'n engel dat dit aan gewoonte om ook reg en goed te doen, 'n rok of 'n mondering skenk, wat heel gerieflik aangetrek kan word. Bly weg vannag en dit sal u 'n soort gemaklikheid verskaf as u die volgende onthouding wil beoefen en so nog gemakliker die volgende; want die gewoonte kan natuur se stempel haas verander, ja, die duiwel self oormeester, of met wonderlike krag hom uitwerp. Goeie nag nogmaals. As u opreg begerig is om van die hemele geseën te word, sal ek 'n seën van u kom smeek. Wat hierdie heer betref

[*Hy wys na* POLONIUS.

het ek berou: maar die Voorsienigheid wou dit so hê dat ek hiermee en dit met my gestraf moet word, dat ek moet wees Sy gésel en Sy afgesant. Ek sal hom ergens gaan besorg en dan die dood wat ek hom opgelê het, gaan verklaar. So goeie nag, nog eens. Om sag te wees is ek verplig om wreed te wees. Nou het die kwaad begin, die ergste moet nog kom. Wil u nog iets, mevrou?

KONINGIN: Wat moet ek doen?

HAMLET: Net een ding nie, dit bid ek u. Moet nie die opgeblase koning die geleentheid gee om u nog eens na sy bed te lok nie, of om speels 'n knypie aan u wang te waag of u sy muis te noem. Moet hom nie toelaat, dat hy met sy smerige

gesoen of met gekielie in u nek
 deur sy vervloekte vingers, hierdie saak
 ontrafel nie, die saak dat ek in werk-
 likheid nie mal is nie, maar mal uit lis.
 Maar lig hom in. Dis net so goed as u
 dit doen, want wie wat niks is, as ko-
 ningin, verstandig, mooi en sober ook,
 sou vir 'n padda, vlermuis, kater, iets
 wat hom so innig raak gaan wegsteek, hè?
 Wie sal dit doen? In weerwil van verstand
 en stilswye, ruk oop die mandjie op
 die huis se nok en laat die voëltjies vlie, en—
 soos die beroemde aap gevolgtrekkings
 wou toets—breek af u nek.

KONINGIN: Indien 'n woord van asemhaal en a-
 semhaal op sy beurt weer, die voortbrenghel
 van lewe is, het ek geen lewe om
 'n woord te uiter van wat hier gesê is nie.

HAMLET: Ek moet na Engeland; weet u dit ook?

KONINGIN: Helaas. Ek het vergeet. Dis so besluit.

HAMLET: Daar is verseelde briewe wat deur my
 twee skoolmaats afgelewer sal moet word.
 Die twee vertrou ek soos 'n slang met gif-
 tande. Dis hulle wat my lei en my
 weg baan na skurkery. Maar laat dit werk.
 Die sport is juis om in die put, vir an-
 der diep gegraaf, die putgrawers te vang.
 My taak sal moeilik wees, maar hul geknoei
 sal ek deurgrond en beide maan-toe stuur,
 Dit is besonder aangenaam as lis-
 tigheid deur lis vernietig word. Met hier-
 die man kry ek my koers. Die lyk sal ek
 besorg hier langsaan hierdie kamer. Goei-
 e nag nou, moeder. Hierdie raadsheer is
 seer stil, geheimvol en gewigtig ook.

'n Dwase babbelkous was hy toe hy
aan lewe was. Kom saam, meneer, om met
u af te sluit.

Goeie nag, moeder.

[*Exit* HAMLET, *terwyl hy die lyk van*
POLONIUS *agter hom aan trek.*



*Terwyl hy bid, kan ek dit maklik doen;
net so, en daar trek hy vort hemel-toe,
en wraak het ek geneem. Maar dit moet ek
eers weer oorweeg.*

[Sien bladsy 102]

VIERDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

Kamer in die kasteel.

(KONING, KONINGIN, ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN
kom binne.)

KONING: Ja agter hierdie sugte, hierdie die-
pe slakings sit daar iets wat u sal moet
deurgrond. Ons moet daaragter kom. Waar is
u seun?

KONINGIN: Gun hierdie plek 'n oomblikkie
aan ons alleen.

[*Exeunt* ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN.

My heer, ai, wat het ek
vannag gesien!

KONING: Wat Gertrude, wat maak Hamlet?

KONINGIN: Hy's mal soas die wind en see as hul-
le stry om heerskappy: want toe hy iets
van agter die gordyn gewaar, het hy
sy sabel uitgepluk en uitgeroep,
„'n rot, 'n rot!” daarop in eie-wy-
se toeval, sonder die ou goeie man
te sien, hom net daar doodgesteek.

KONING: O sno-
de daad. Dit was ons lot gewees as ons
daar was. Sy vryheid hou gevaar vir al-
mal in. Vir u, vir ons, vir elke een.

Helaas, hoe sal die bloedig daad verantwoord word? Aan ons deur sal die blaam gelê word, ons, wat hom met insig kort moes hou, bedwing en uit geselskap uit moes weer om sy kranksinnigheid. Ons liefde was so groot dat ons nie wou verstaan wat noodsaak eis, soas 'n lyer aan 'n nare kwaal, tot selfs sy murg laat opvreet om die kwaal geheim te hou. Waarheen het hy gegaan?

KONINGIN: Die lyk opsy geneem wat hy gedood het en waaroor sy malheid soas goud tussen onced'le erts hom suiwer afskei; hy beween sy daad.

KONING: O Gertrude, kom hier weg. Die son sal skaars die berge raak, eer ons hom weg van hier verskeep. Die vuige daad moet ons met al ons majesteit en ons bedrewenheid eers toelaat en daarna verskoon. Ho! Guildenstern!

(GUILDENSTERN en ROSENCRANTZ kom weer binne.)

My vriende, u gesamentlik moet my nog verder help. In raserny het Hamlet vir Polonius gedood en hom toe weggesleep vanuit sy moeder se vertrek. Gaan soek hom op, praat mooi met hom en bring die lyk na die kapél. Ek smEEK u maak tog gou hiermee.

[*Exeunt* ROSENCRANTZ en GUILDENSTERN.

Kom, Gertrude, ons verstandigste en beste vriende moet ons nou gaan wek om hul van die ontydige gebeure te verwittig en

te sê wat ons wil doen. Op die manier kan laster se gefluister (wat sy giftig skote oor die diameter van die wêreld net so reguit dra, as 'n kanon se koeël presies en reguit op die skyfkol vuur) ons naam dalk mis en die onkwesbaar lug gaan tref. Kom weg van hier. Ek voel onthuts en ek gewaar 'n wanklank in my siel.

TWEEDE TONEEL.

HAMLET: Veilig weggebêre.

ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN: Hamlet, lord Hamlet!

HAMLET: Wat vir lawaai hoor ek? Wie roep na Hamlet? O hier kom hulle.

(ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN *kom binne*.)

ROSENCRANTZ: Wat het u met die lyk gemaak, my heer?

HAMLET: Dit gemeng met sy verwant, die stof.

ROSENCRANTZ: Sê vir ons, waar dit is sodat ons dit na die kapél kan dra.

HAMLET: Moet dit nie glo nie.

ROSENCRANTZ: Glo wat?

HAMLET: Dat, as ek na julle luister, ek nie ook my eie oordeel vir myself kan hou en volg nie. En daarby, hoe durf 'n spons van my iets eis? Wat behoort 'n koningseun daarop te antwoord?

ROSENCRANTZ: Is ek 'n spons vir u, my heer?

HAMLET: Ja, meneer, een wat die koning se gesig droog dweil, sy belonings en sy magtigings. Uit sulke amptenare

kry die koning tog die beste diens. Soos 'n aap hou hy hulle in sy mond om hulle daarna in te sluk. As hy behoefte het aan u ontdekkings, pers hy u, en—spons u is weer droog.

ROSENCRANTZ: Ek begryp u nie, my heer.

HAMLET: Dit verheug my: 'n skurketoespraak is verlore in 'n dwaas se oor.

ROSENCRANTZ: My heer, u moet ons sê wat van die lyk geword hét en met ons meegaan na die koning toe.

HAMLET: Die lyk is by die koning, maar die koning nog nie by die lyk nie. 'n Koning is 'n ding—

GULDENSTERN: —'n Ding, my heer?

HAMLET: —van nietigheid. Neem my, ek kom. Koes, vos, koes, want almal soek na hom.

[*Exeunt.*

DERDE TONEEL.

'n Ander kamer in die kasteel.

(KONING met bediendes kom binne.)

KONING: Ek het gestuur om hom te soek en om die lyk te kry. Hoe gevaarlik is dié man op vrye voet. En tog, ons kan hom nie na strenge reg behandel nie. Hy word bemin deur die so onnadenkende gepeupel, wat voorkeur vestig, nie op oordeel maar op wat hul sien. Deur sulkes word die straf geweeg, maar nooit die misdaad nie. Om alles onopsigtelik en glad te doen moet hierdie haas by sy verbanning lyk na voorbedagte rade. Kwale kwaai

gewortel word genees deur harde hande of gladnie.

(ROSENCRANTZ *kom binne.*)

En nou, vertel wat het gebeur?

ROSENCRANTZ: My heer, waar hy die lyk versteek het, kan ons nie uit hom kry nie.

KONING: Maar waar is hy nou?

ROSENCRANTZ: Hier buitekant, my heer, u welbehae word daar afgewag.

KONING: Laat hom voor ons verskyn.

ROSENCRANTZ: Ho, Guildenstern, laat my heer maar binne kom.

(HAMLET *en* GULDENSTERN *kom binne.*)

KONING: Nou Hamlet, waar is Polonius?

HAMLET: By die aand-ete.

KONING: By die aand-ete? Waar?

HAMLET: Nie waar hy eet nie, maar waar hy geëet word. 'n Sekere konvokasie van politieke wurms het hom nou voor stok. 'n Wurm is die diët se baas. Ons maak alle kreature vet om ons mee vet te maak. Ons maak onself vir maaiers vet. 'n Vet koning en 'n maer bedelaar is slegs verandering van spyse—twee geregte by dieselfde dis: dis die einde.

KONING: Helaas, helaas.

HAMLET: Iemand kan met 'n wurm gaan vis, wat aan 'n koning gekou het en van die vis eet wat aan die wurm gevreet het.

KONING: Wat bedoel jy nou hiermee?

HAMLET: Niks, behalwe om aan te toon hoe 'n koning deur 'n bedelaar op reis kan gaan.

KONING: Waar is Polonius?

HAMLET: Hy's in die hemel. Stuur daarheen om te gaan verneem. Indien u boodskapper hom daar nie vind nie, gaan soek hom dan self in die ander plek. Indien u daar nie in mag slaag om hom in hierdie maand te vind nie, sal u wel in die neus iets kry, as u na die voorportaal met die trap opgaan.

KONING (*aan bediendes*): Gaan soek hom daar.

HAMLET: Hy sal daar wag tot julle kom. [*Exeunt bediendes.*]

KONING: Hamlet, hierdie daad en spesiaal jou veiligheid—waaroor ons erg besorgd is soos ons innig treur oor dit wat jy gedoen het—eis dat jy van hier blits-snel moet weg. Gaan maak jou klaar. Die wind staan reg, die boot reeds daar, die seelui ingeskeep en alles is gereed om te vertrek na Engeland.

HAMLET: Na Engeland!

KONING: Ja Hamlet.

HAMLET: Goed.

KONING: So sy dit, as jy van ons planne ken.

HAMLET: Ek sien 'n engel wat die planne ken. Maar kom, na Engeland. Vaarwel, my liewe moeder.

KONING: Nee, jou liewe vader, Hamlet.

HAMLET: Nee, my liewe moeder: vader en moeder is man en vrou; man en vrou is een; en so is dit my moeder. Kom na Engeland.

[*Exit HAMLET.*]

KONING: Volg hom op sy hakke; lok hom snel aanboord. Versuim tog niks: hy moet vannag nog voort en weg, want alles is verseël en klaar gemaak wat hierdie saak betref; ek smeek u maak nou gou. En Engeland as jy

my liefde iets werd ag—soos jy sal doen
 want my groot mag sal jou die insig gee
 omdat jou littekens, gemaak deur Deense
 swaard, nog rou en rooi daaruit sien en
 jou onbeheerste vrese hulde aan
 my bring—mag jy ons koninklike op-
 drag nooit nie veronagsaam nie. En dit
 bedui—in briewe is dit passend neer-
 gelê—die vroeë dood van Hamlet. Doen
 dit Engeland; hy tier soas my bloed se teringkoors
 en jy moet my van hom genees;
 maar wat ook oor my loopbaan gaan
 vir my sal daar nooit vreugde wees
 totdat ek weet dit is gedaan.

[*Exit.*

VIERDE TONEEL.

'n Vlakke in Denemarke.

(FORTINBRAS, 'n kaptein en soldate op mars, kom binne.)

FORTINBRAS: Kaptein, gaan groet die Deense koning na-
 mens my en sê aan hom dat Fortinbras,
 met sy verlof, nou die beloofde deur-
 tog oor sy koninkryk kom vra. Jy weet
 waar my kwartiere is; indien sy ma-
 jesteit dalk iets van ons verlang, sal ons
 ons plig in sy teenwoordigheid persoon-
 lik gaan vervul. Gee dit aan hom te ken-
 ne.

KAPTEIN: Goed, ek sal, my heer.

FORTINBRAS:

Gaan langsaam voort.

[*Exeunt FORTINBRAS en soldate.*

(HAMLET, ROSENCRANTZ *en* GULDENSTERN *kom binne.*)

HAMLET: My goeie man, wie se magte is dit die?

KAPTEIN: Hulle kom van Noorweë, meneer.

HAMLET: Met welke doel, meneer, ek smeek u?

KAPTEIN: Teen 'n deel van Pole.

HAMLET: Wie voer die bevel, meneer?

KAPTEIN: 'n Neef van die Noorse koning, Fortinbras.

HAMLET: Is dit gerig teen Pole as geheel, of teen 'n grensgebied?

KAPTEIN: Meneer, ek praat die waarheid sonder enige oordrywing as ek sê, ons gaan

'n lappie grond verower wat geen wins sal lewer nie, behalwe vir die naam.

Vir vyf dukate, vyf, sal ek dit nie wil huur nie. Nóg sal dit aan Noorweë of Pole ooit 'n hoër opbrengs lewer as dit onbeswaard verkoop sou word.

HAMLET: Maar die Pole sal dit nooit verdedig nie!

KAPTEIN: Troepe het dit reeds beset.

HAMLET: Tweeduisend siele en nog twintigduisend dukate sal oor die kwessie van die strooi nie debatteer nie. Dis die opgeblasenheid (wat op groot rykdom en lang vrede volg) wat na die binnekant toe oopbreek sonder om na buite iets te toon waarom die pasiënt gaan sterf. Ek dank u nederig, meneer.

KAPTEIN: God sy met u, meneer.

ROSENCRANTZ: Sal u nou voortgaan asseblief, my heer?

HAMLET: Gaan julle maar vooruit, ek kom aanstons.

[*Exeunt almal behalwe* HAMLET.]

Hoe klae elke aangeleentheid my

tog aan, getuig teen my en spoor my aan tot wraak! Wat is 'n man, as sy vernaamste bate en die voordeel van sy tyd bestaan uit een en slaap? 'n Bees, niks meer. Ons Maker wat ons met bevoegdheid om te redeneer en om 'n saak van alle hoeke te beskou, bedeel het, het dit nie verleen om in ons ongebruik te roes nie. Of dit nou die dierlike vergetelheid dan wel lafhartige gewentenswroeging is, wat ons 'n punt presies sorgvuldig op die keper laat beskou—'n gedagte wat in vier verdeel is, het slegs een deel wysheid en die ander drie lafhartigheit—ek weet dit nie waarom ek leef om nog te sê, „Die ding moet nog gedoen word.” En daarby het ek voldoende rede, wilskrag, sterkte om dit mee te doen. Deur voorvalle wat in die oog spring, soos 'n berg, word ek steeds aangespoor. Kyk nou na hierdie leer. So talryk en so sterk, met aanvoerder 'n tenger jonge prins met gees gevul met godlike ambisie en wat absoluut geen flenter vir die onbekende omgee nie, terwyl hy alles wat onseker is en sterflik waag, vir wat geluk, gevaar en dood hom uitdaag, ja selfs vir 'n leë eierdop. Om groot te wees lê heel tereg nie in om rusie om geringe rede te begin nie, maar om uit 'n bakkatel die rusie op te stook, as eer dit eis. En hoe kom ek nou uit waar ek 'n vader kwyt is, 'n bevlekte moeder het, as prikkels vir

my rede en my drif en ek nog alles stil laat lê, terwyl ek tot my skande waarneem hoe die dood 'n twintigduisend man genaak, wat vir 'n skim en vir 'n poets gebak deur roem na hulle graf toe gaan, soas na bed: gaan veg vir 'n perseel so klein dat almal daar nie op kan kom nie om die kwessie uit te maak en wat te klein is om as kerkhof die gedodes te bevat. Van nou af aan is my gedagtes vol bloeddors of waardeeloos.

VYFDE TONEEL.

Elsinore; 'n kamer in die kasteel.

(KONINGIN, HORATIO en 'n heer kom binne.)

KONINGIN: Ek verkies om nie met haar te praat nie.

HEER: Sy's dringerig kranksinnig en haar toestand moet u medelye wek.

KONINGIN: Wat wil sy hê?

HEER: Sy praat veel van haar vader en sy sê die wêreld is vol skelmstreke; sy maak haar keel voortdurend skoon; slaan op haar bors; skop strooitjies met veragting weg; maak opmerkings van twyfelagtige betekenis, wat halfpad sin inhou, maar wat sy sê is niks en sonder samehang, en tog probeer haar toehoorders betekenis daaruit te haal. Hul streef daarna om met gekonkel met haar woor-

de, hul gedagtes in haar mond te lê.
Haar woorde wat gepaard gaan met geba-
re, hoofgeskud en knik, kan mens laat dink
daar is iets in. Maar dis onseker. Daar
is egter veel wat ongelukkig is.

HORATIO: Dit sal verstandig wees as iemand met
haar praat, want dis heel moontlik dat sy by
kwaaddenkendes gevaarlike gevolg-
trekkings kan laat ontstaan.

KONINGIN: Laat haar dan maar
na binne kom. [Exit HORATIO.]

Soas dit by die wa-
re aard van sonde pas, lyk die gering-
ste voorval vir my sieke siel soas
'n voorspoeksel van iets wat erg verkeerd
gaan loop. Die skuldige gewete is
so onnadenkend vol van agterdog
dat dit sigself vernietig by verwag-
tings van vernietiging.

(HORATIO kom weer binne met OPHELIA.)

OPHELIA: Waar is die wonderlike mooie majesteit van Dene-
marke?

KONINGIN: Hoe so, Ophelia?

OPHELIA (*Sing*): „Hoe sal ek jou minnaar ken
tussen al die res?
Aan sy wandelstok, skulphoed
en sy sandale.”

KONINGIN: Helaas, my liewe meisie, wat bedui die lied?

OPHELIA: Sê u, nee meer, bid u, gee ag.

(*Sy sing weer*): „Hy's dood en weg, mevrou
Hy's dood en weg
Aan sy hoof 'n groengrasperk,
Aan sy voet 'n steen.”

KONINGIN: Nee, maar, Ophelia—

OPHELIA: Ek soebat u, gee ag.

(*Sy sing weer*): „Sy lykekleed as die bergsneeu wit—”

(KONING *kom binne.*)

KONINGIN: My heer, ag foei tog, kyk tog hier.

OPHELIA (*Sing weer*): „Met mooi blomme versier
Wat beweën na die graft-toe gaan
In tere liefde.”

KONING: Hoe gaan dit met u, mooi nooi?

OPHELIA: Wel, God seën u. Hulle sê die uil was 'n bakker se
dogter. Here! ons weet wat ons is, maar ons weet nie
wat ons kan word nie. Mag God aan u tafel wees.

KONING: Maal sy oor haar vader?

OPHELIA: Laat ons asseblief hieroor geen woorde hê nie, maar
indien gevra word wat dit bedui, dan sê u die vol-
gende:

(*Sy sing weer*): „Dis môre St. Valentyn-dag
En alles môre betyds
Staan ek by jou venster op wag
As Valentyn vir jou.”

KONING: Mooi Ophelia! Hoe lank is sy al so?

OPHELIA: Ek hoop alles sal regkom. Ons moet geduld beoefen;
maar ek kan my tranes nie weerhou nie; om te dink
dat hulle hom in die koue grond gelê het. My broer
sal dit moet weet en so dank ek u vir u goeie raad.
Kom, waar is my wa? Goeie nag dames, goeie nag my
liewe dames, goeie nag, goeie nag. [*Exit OPHELIA.*]

KONING: Agtervolg haar pal. Hou haar asseblief goed dop.

[*Exit HORATIO.*]

O, dis die gif van diepe droefheid wat
ontstaan deurdat haar vader dood is.

O Gertrude, Gertrude as die moeilikhe-
de kom, kom hulle nooit nie enkele

verkenners nie, maar by die battaljon-
ne. Eers haar vader dood; daarna jou seun
ook weg; (en hy met sy geweld die oor-
saak van sy welverdiende wegvoering):
die volk vertroebel, ongesond in sy
gedagtes en sy fluisterings omtrent
Polonius se dood; daarby het ons
maar sleg gevaar met ons gekonkel en
ons donkerwerk by sy begrafnis;
en nou Ophelia van haar verstand
geskei, waarsonder ons of beelde is
of beste slegs; tenslot (en dis belang-
riker as alles wat ek opgenoem
het), het haar broer uit Frankryk heimelik
teruggekeer. Hy leef van sy verba-
sing en geheimvol hou by hom eenkant waar
hy geen gebrek het aan dié wat met hul
gefluister van hul pestelike re-
des oor sy vaders dood, sy oor besmet
nie. By gebrek aan ware kennis stuit
die fluisteraars vir niks om ons persoon-
lik te beklad met hoor en sê. Ai, lie-
we Gertrude, dis soos skroot wat my oorfloe-
dig dood'lik wond. [*'n Lawaai binne.*]

KONINGIN: Maar hoor wat se lawaai is dit?

KONING: Waar's my Switsers. Laat hulle die deur oppas.

(*'n Heer kom in.*)

Wat is daar gaande?

HEER: Red uself my heer!

Indien die oseaan sy grens oorskry
vreet hy die vlaktes nie met meer onstui-
migheid as jong Laertes in 'n op-
roerbui, u wagte onderdruk. Die skor-

riemorrie noem hom „heer” en net asof die wêreld pas begin het, grys verlede gans vergeet is en tradisie nooit bestaan het nie—die fondament en steunpilaar van elke woord—skree hul, „Ons kies Laertes as ons koning.” Hoede, hande, luide tonge juig dit toe en prys dit hemelhoog. „Laertes moet ons koning wees, Laertes koning!”

KONINGIN: Maar, hoe vrolik blaf hul op ’n dwaalspoor. Julle sny reg teen die goeie in, jul valse Deense honde.

KONING: A, die deure is kapot.

(*Lawaai binne, LAERTES gewapend, gevolg Dene kom binne.*)

LAERTES: Waar is dit wat hom die koning noem?

Menere, staan buitekant asseblief.

DENE: Nee, ons wil ook na binne kom.

LAERTES: Ek versoek u, laat my alleen.

DENE: Ons sal, ons sal. [*Dene gaan na buite.*]

LAERTES: Ek dank u. Bewaak die deur.

Jou lae koning, gee my my vader weer.

KONINGIN: Wees kalm, Laertes!

LAERTES: Die druppel bloed wat kalm is, verkondig openlik dat ek verwek is buite eg, sê van my vader dat sy nes koekoek-besoek gekry het, brand nou hier ’n slet se kenmerk op die onbevleete kuise voorhoof van my ware moeder!

KONING: Maar om welke rede dan, Laertes, lyk jou opstand so reusagtig? Wag, laat hom begaan. Omtrent myself

hoef u geen vrees te koester, Gertrude. Sulke goddelike dekking kom aan konings toe, dat die verraad maar net kan loer na wat hy wil en weinig kan verrig. Sê my Laertes, waarom so gebelgd? Laat staan maar, Gertrude. Praat kêrel!

LAERTES: Waar is my vader?

KONING: Dood.

KONINGIN: Maar nie deur hom nie.

KONING: Laat hom vra tot hy versadig is.

LAERTES: Hoe kom hy aan sy dood? Moet niks verdooel, want bedot wil ek nie wees nie. Na die hel met trouverhoudings, en met troubeloftes na die swartste duiwel. Met gewete en genade na die diepste put. Ja die verdoemenis die daag ek uit. Op hierdie stuk staan ek standvastig sodat nóg die hede, nóg die hernaams, my iets kan skeel. Laat kom wat wil, ek moet my vader wreek en dit terdeë.

KONING: Maar wie sal u weerhou?

LAERTES: Wat my betref: niks ter wêreld. My middele? Dié sal ek so aanwend, dat bietjie baie ver sal gaan.

KONING: Laertes, goeie man, indien u wens om sekerheid omtrent die sterwe van u vader, is dit dan ook nog geskryf in u program van wraak, dat u as dobbelaar, 'n vriend sowel as vyand opstryk; wins, sowel as u verlies?

LAERTES: Slegs sy vyande.

KONING: Wil u hul dan soms ken?

LAERTES: Vir sy opreg-

te vriende, open ek my arms so wyd
en soos die lewe-brengend pelikaan
sal ek hul spysig met my bloed.

KONING: Maar nou
praat soas 'n goeie seun en wa-
re heer. Dat ek onskuldig aan jou va-
ders dood is en gevoelvol daaroor treur,
sal tot u insig deurdring, net soas
die dag u oog.

DENE (*binne*): Laat haar binnekom.

LAERTES: Wat nou, wat se lawaai is dit?

(OPHELIA *getooi in strooi en blomme kom binne.*)

O koors, brand droog my brein; my trane se-
we keer so sout, vernietig nou my oog
se aard en krag. Die hemel hoor my as
ek sê, vir jou kranksinnigheid moet met
gewig betaal word tot die skaalbalk buig.
O voorjaarsroos, lief kind, my gawe sus-
ter, soet Ophelia! O hemel is
dit moontlik dat 'n jonge meisie se
verstand dan net so sterflik is soas
die lewe van 'n grysaard? Teer is die
natuur in liefde en in teerheid word
'n kosbaar deel van haar gestuur na dít
wat sy bemin.

OPHELIA (*Sing*): „Blootshoofd is hy grafwaarts gedra
Hey non nonnie nonnie hey nonnie
Veel trane't in sy graf gereën.”

Vaarwel, my duif.

LAERTES: Indien jy geestelik gesond sou wees
en my tot wraak probeer aanspoor, sou jy
my nie so diep kan roer as hiermee nie.



*Daar is 'n wilgerboom wat skuins
groeï oor 'n spruit en wat sy grou-grys blare in
die water spieël. Daarnatoe het sy gegaan . . .*

OPHELIA (*Sing weer*): „Jy moet sing daar-ver daar-ver
En jy roep hom ver-weg-ver.”

O! hoe pas die wiel daarby. Dit was die valse rent-
meester, wat sy heer se dogter weggevoer het.

LAERTES: Die onsin tref veel meer as sin.

OPHELIA: Daar's roosmaryn, dis vir herinnering; ek smeeek u
liefde wees getrou. En daar's gesiggies vir gedagtes.

LAERTES: Daar is lering in kranksinnigheid, gedagtes en herin-
nering wat pas.

OPHELIA (*aan die koning*): En u moet vinkel kry, sowel as
akelei; (*Aan die koningin*): Vir u wynruit en ook vir
my. Ons noem dit ook genadekruid vir Sondag. Dit
bedui berou, maar u moet dit wel anders dra; (*Aan
Horatio*): Daar's madeliefies. Ek sou u viooltjies graag
wou gee, maar hulle het verwelk net toe my vader dood
is. Hulle sê sy end was goed.

(*Sy sing weer*): „Want hupse lief Robin is nog my vreug.”

LAERTES: Uit droefheid, kwellings, drif en hel maak sy iets
aangenaams en moois.

OPHELIA (*Sing*): „Sal hy nooit terugkeer nie?
Sal hy nooit terugkeer nie?
Nee, nee hy is dood.
Besoek jou sterfbed.
Nooit sal hy terugkeer nie.

Sy baard was so wit as sneeu

Geheel ligblond sy hoof.

Hy is weg, hy is weg.

Ons verwerp die wee-klag.

God sy sy siel genadig.”

En alle Christelike siele, smeeek ek. God sy met u.

[*Exit* OPHELIA.]

LAERTES: Het u dit gesien, O God?

KONING: Laertes!

Ek deel met u u smart, tensy u my

die reg ontsê. Kom saam met my en kies u beste vriend in u diskresie om te oordeel tussen u en my. Indien ek enigsins direk of sydelings met skuld besmet geoordeel word, sal u van ons, ons koninkryk, ons kroon, ons lewe, alles wat ons het kan kry en delging van ons skuld. Maar hoor, indien die oordeel anders uitval, dan moet u tevrede wees om met geduld na ons te luister. Saam met u sal ons dan swoeg om vir sielstevredenheid te sorg.

LAERTES : Dit sy so.

Die wyse van sy dood, die duisterheid aangaande sy begrafnis—nie die minste eretekens, swaard of wapenbord oor sy gebeente, nóg die so gebruikelike begrafnisplegtigheid, nóg enigsins formeel vertoon—dit alles roep as 't ware van die hemel tot die aarde om verduid'liking en noop my tot 'n ondersoek.

KONING : En dit sal ook geskied; en waar die misdaad is, laat daar die groot byl val. Kom asseblief nou met my saam.

[*Exeunt.*

SESDE TONEEL.

'n Ander kamer in die kasteel.

(HORATIO en 'n bediende kom binne.)

HORATIO : Wie en wat is hulle wat met my wil praat?

BEDIENDE : Meneer, matrose. Hulle sê dat hulle briewe vir u het.

HORATIO: Laat hulle binnekom. Indien lord Hamlet nie die groete stuur nie, weet ek nie uit watter wêrelddeel vir my daar groete kom nie. *[Exit bediende.*

(Matrose kom binne.)

EERSTE MATROOS: God seën u, meneer.

HORATIO: Mag Hy u ook seën.

EERSTE MATROOS: Hy sal, meneer, as dit Hom behaag. Daar is 'n brief vir u, meneer; dit kom van die gesant wat op weg na Engeland was, indien u naam Horatio is, soos ek my laat vertel het.

HORATIO (*lees*): „Horatio! Na jy hierdie skrywe deurgekyk het, sien toe dat hierdie kêrels by die koning uitkom; hulle het briewe vir hom. Voordat ons twee dae oud op see was, het 'n seerower, goed vir oorlog toegerus, ons agtervolg. Daar ons vaart te langsaam was, het ons ons dapper verweer en tydens die aanklamping, het ek by hulle aanboord gegaan, maar op daardie oomblik het hulle van ons skip los gekom en slegs ek was hulle gevangene. Hulle het my soos genadige diewe behandel: maar hulle het geweet wat hulle doen; ek moet hulle 'n diens bewys. Laat die koning die briewe kry, wat ek gestuur het en kom jy na my so gou soos jy vir die dood kan vlug. Ek het woorde om in jou oor te fluister wat jou stom sal maak en tog is hulle nog te lig vir die geleentheid. Hierdie goeie kêrels, sal jou bring waar ek is. Rosencrantz en Guildenstern stuur nog steeds af op Engeland. Van hulle het ek veel om jou te vertel.

Vaarwel,

Hy wat jou ken,
Jou Hamlet.”

Kom, ek gaan dit vir u maklik maak om hierdie briewe af te lewer en ek gaan my haas, dat u aan my die pad kan wys na hom, van wie die briewe kom. *[Exeunt.*

SEWENDE TONEEL.

'n Ander kamer in die kasteel.

(KONING en LAERTES kom binne.)

KONING: Verseël met u gewete nou my kwyt-skelding en neem my in u hart as vriend, noudat u reeds verneem het met u oor wat weet, dat dié man wat u eed'le vader doodgeslaan het, ook my dood gesoek het.

LAERTES: Dit is alles goed en wel, maar sê my tog waarom u dan nie opgetree het teen die bose dinge wat so halsmisdadig is en wat u veiligheid, u insig en wat nog, u immers kragtig moes geroer het?

KONING: Hiervoor is daar twee oorwegings, heel besonder, wat miskien vir u van geen betekenis mag wees, maar tog vir my van groot gewig. Die koningin, sy moeder, leef om so te sê van sy aanwesigheid en ek vir my—my deug of kruis, dis my dieselfde water een—sy is so erg verbonde aan my lewe en my siel, dat ek soas 'n ster, wat nie beweeg, behalwe in sy baan, nie sonder haar kan roer nie. En die rede nommer twee, waarom ek nie

'n openbare aksie teen hom instel nie, lê in die liefde wat die volk teenoor hom koester en wat al sy foute in hul toegeneentheid doop, sy boei-e tot vereringsvoorwerpe verhef, soas 'n bron wat hout tot steen herlei. En die gevolg is dat my pyl te swak gemaak vir so 'n sterke wind, terug sou kom tot by my boog en nie waar ek gemik het nie.

LAERTES: En so is ek 'n eed'-le vader kwyt, 'n suster voortgedryf tot wanhoop en daarby 'n suster wat as sy geprys sou word soas sy was, haar waarde op 'n hoë berg die eeu-e uit kon daag vir haar volmaaktheid, maar my wraak sal kom.

KONING: A! slapelose nagte hoef u nie daaroor te hê nie. Moe-nie dink dat ons gemaak is van stoffasie wat so laf en stomp is dat gevaar ons baard kan trek en ons dit ag as tyd-verdryf. Ja weldra, sal u nog meer hoor. Ek het u vader liefgehad en ons bemin ons self en dit, hoop ek, sal u oortuig dat . . .

(Kom binne 'n boodskapper.)

Wat nou. Watter nuus bring jy?

BOODSKAPPER: My heer, daar's briewe van lord Hamlet. Dít vir u, u majesteit; en díe vir haar, die koningin.

KONING: Van Hamlet? Wie het dit gebring?

BOODSKAPPER: My heer, matrose. So word daar vertel. Ek het hulle nie gesien nie.

Die briewe het ek van Claudio ontvang, wat hulle van die draers daarvan ontvang het.

KONING: Laertes, u moet dit hoor. Verlaat ons.

[*Exit boodskapper.*

(*Die koning lees*): „Hoog en Magtig, U moet weet dat ons nakend op u koninkryk afgelaai is. Móre sal ek verlof kom vra om u koninklike oë te sien te kry, wanneer ek ook u pardon sal vra vir my onverwagte en nog vreemder terugkoms.—Hamlet.”

En wat moet dit bedui? Is almal weer terug? Of is dit net bedrog en niks meer nie.

LAERTES: Ken u die handskrif?

KONING: Dis sy hand. „Nakend” en in ’n naskrif sê hy „alleen.” Kan u my raad gee?

LAERTES: Daarvan begryp ek niks, my heer. Maar laat hom kom. Die droefheid in my hart vind troos by die gedagte dat ek hom kan sê: „Dis jou dade.”

KONING: Indien daar waarheid in die briewe steek—hoe kan dit waarheid wees? Hoe kan dit onwaar wees?—sal u my volg waarheen ek lei?

LAERTES: Ja, my heer, solank u my net nie tot vrede voer nie.

KONING: Net u eie sielevrede. Kyk, as hy nou regtig t’ruggekeer het, steeks om weer op reis te gaan en planne het om hier te bly, sal ek hom aanhits om iets heel kordaats te doen, wat ek met lis bedenk het. Dáárin sal hy wel geen ander keuse hê, as om te sneuwel nie. Geen luggie van verdenking sal daar trek nie. Selfs sy moeder sal verplig wees om die besigheid die naam van ongeluk te gee.

LAERTES: My heer, u kan my lei,
en liefs nog so, dat ek die middel is
waarmee hy val.

KONING: Dit sal kom.
Kyk, sedert u op reis gegaan het, is
daar veel oor u gepraat en dit waar Ham-
let dit kan hoor. U is geprys vir al's
waarin—so word gesê—u uit sou blink.
Die som van u voortrefflikhede het
hom nie so erg vervul met afguns as
die eienskap wat ek die minste skat.

LAERTES: En wat is dit, my heer?

KONING: Dis eintlik eg
'n pluimpie aan die jeug—een wat gerus
gegee kan word. Die jeug se vlugtigheid
en sorgelose drag pas hom mos net
so goed as deftigheid en bont by eer-
biedwaardigheid wat volg op hoër ou-
derdom, wat aan gesondheid aandag skenk
en waardigheid betrag. 'n Maand of twee
gelede, het by ons 'n heer, afkom-
stig uit Normandië hier aangeland. Baasrui-
ters is die Franse—vaak het ek dit self
gesien toe ek teen hul moes veg. Maar hier-
die een kon toor met perdry. Dit was asof
hy aan die saal geanker is en sul-
ke wonderlike toere het hy met
sy perd verrig asof hy en die fiere dier
in aard en lyf dieselfde was. Ja meer
het hy gedoen as my verbeelding tuis
kan bring.

LAERTES: Het u gesê „Normandiër”?

KONING: Ek het.

LAERTES: So by my siel, Lamond.

KONING: Net hy.

LAERTES: Ek ken hom goed. Hy is 'n sieraad regtig; 'n juweel is hy vir gans sy volk.

KONING: Hy het van u gepraat; u lis en ratsheid by verdediging geprys. Maar die behendigheid met die rapier, het hy veral geloof en uitgeroep dat die gesig die moeite werd sou wees, wanneer u teen 'n opponent, wat u gelyke is te staan sou kom. Met nadruk het die Fransman ons vertel hoe skermhere van sy volk nóg oog, nóg hoede nog beweging het met u as opponent. Die lofbetuigings was vir Hamlet in sy afguns bitter gal; so erg was dit dat hy voortdurend net gebid en slegs gewens het, dat u koms tog gou moet wees, sodat u twee kan speel. Nou hier uit—

LAERTES: Wat, hier uit, my heer?

KONING: Laertes!

Seer dierbaar was u vader tog vir u, nie waar? Of is u soos 'n skildery waarin die skilder droefheid uit wou beeld—net 'n gesig en sonder hart—

LAERTES: Maar waarom vra u dit?

KONING: Ek vra dit nie omdat ek dink u het u vader nie bemin nie, maar omdat ek weet dat liefde deur die tyd begin word en—gebeurtenisse bring bewys daarvan—die vuur en vonk van liefde word deur tyd gewysig. Ja, daar is in elke liefdesvlam se pit 'n snuitsel, wat die vlam sal laat bedaar. Daarby bly niks vir altyd ewe goed nie, want die goedheid, as dit groei tot oor-

vloed, sterf aan oordaad: tog wat ons wou doen moes ons gedoen het toe ons wou, want hierdie „wou” het net soveel bedarings en ook uitstel as daar tonge, hande en daar ongelukke is. Die „moes” is weer soos ’n verkwisterige sug wat by die slaking pynig. Maar ons moet gou terug na die verswering—Hamlet kom weer tuis. Wat sou u wil onderneem, as u wil toon met dade, pleks van woorde, dat ú die seun van u oorlede vader is?

LAERTES: Binne in die kerk sy keel afsny.

KONING: Geen plek behoort ’n toevlugsoord vir moord te wees nie, maar die wraak ken ook geen perke nie. En nou, my goeie man, sal u as volg optree: bly rustig in u kamer. Hamlet sal by sy terugkoms hoor dat u tans tuis is. Ons sal dié wat u voortreflikheid kan prys, na hom toe stuur. Aan die vermaardheid wat die Fransman aan u toegeskryf het sal ons tweekeer so veel glans verleen; daarna laat ons u twee mekaar ontmoet en wed ons wie van u sy kop sal hou. Hy sorgeloos en vol van edelmoedigheid en vry van agterdog, sal nie die skermsabels ondersoek nie. So kan u maklik met ’n bietjie skuifel ene kies wat nie ’n knoop het nie. Dan kan u met ’n oefenstoot hom dan en daar betaal-sit vir u vader.

LAERTES: Dít sal ek graag doen. En met die oog hierop sal ek my swaard ’n bietjie dokter met ’n kwalksalf, wat ek by ’n pillesmous gekoop het, wat so gif-

tig is, dat as 'n mes, daarin gedoop,
'n bloeduitskrapie maak, dan sal geen pleis-
ter wat berei is, selfs van alle krui-
e wat geneeskrag het en in die maan-
skyn bymekaar gemaak, al is dit ook
hoe seldsaam, ooit die ding wat skaars gekrap
is, van die dood kan red nie. Nou sal ek
met die besmetlikheid my swaard se punt
belaaï, sodat as ek hom net 'n rap-
sie gee, dít sy end beteken.

KONING: Laat ons nog verder hieroor dink en die
geleë tyd en middele oorweeg
wat ons sal pas in wat ons wil. As dit
misluk en ons motief deur slegte uit-
voering deursigtelik gaan word, dan sou
dit beter wees dat ons dit nooit gaan waag nie;
en daarom moet u plan 'n stut of 'n
versterking hê om op te steun as dit
op proef ontplof. Wag laat ek dink. Ons sal
heel plegtig op u vaardigheid gaan wed . . .
Ek het dit.

As u twee warm en dors is van die wors-
teling—en met die oog hierop moet u
hom opdraand gee—en hy om iets te drink-
e vra, sal ek aan hom 'n beker gee
wat ek vir die geleentheid spesiaal
vir hom sal toeberei, waarvan 'n teug,
as hy van u vergifte steek ontkom,
ons doel sal tref.

(KONINGIN *kom binne.*)

Wat nou, my liewe koningin?

KONINGIN: Die een ramp trap die ander op die hak,
so snel volg hulle op mekaar. U sus-
ter het verdrink, Laertes.

LAERTES :

Wat! verdrink!

O waar?

KONINGIN :

Daar is 'n wilgerboom wat skuins groei oor 'n spruit en wat sy grou-grys blare in die water spieël. Daarnatoe het sy gegaan, versier met sonderlinge kransies van ranonkels, nekels, madeliefies en van jakkalskos, waaraan onnette herders ook 'n growwer naam gegee het, maar wat ons nooiens dooimansvingers noem; terwyl sy op die takke wat so afhang klouter om haar onkruidkransekroon daaraan te hang, het daar 'n tak gebreek en toe het sy met onkruid-eretekentjies en al so in die triesterige spruit geval. Haar klere het wyd uitgesprei en haar soas 'n meermin opgehou, terwyl sy brokkies van ou wysies sing soos een wat haar ellende nie besef het nie, of soos 'n skepsel wat gebo-re en geskik is om in daardie element te lewe. Lang kon dit nie duur nie voor haar klere, swaar gedrenk met water, haar, armsalig skepsel van die sang-erige lêplek na 'n modderdood getrek het.

LAERTES :

Ag, helaas. Is sy verdrink?

KONINGIN : Verdrink! verdrink!

LAERTES :

Armsalige Ophelia,

jy ly reeds aan 'n oormaat water. Dus verbied ek my om nog te ween. Maar tog, dit is ons aard. Natuur bly wat dit is. Laat skaamkry ook maar praat. Sodra die tranevloed verby is, sal weekhartigheid ook wyk. Adieu, my heer. My tong

is vol van vuur, wat graag wil vlam, maar hier-
die dwaasheid blus uit. *[Exit LAERTES.]*

KONING: Gertrude, ons volg hom.

Hoe swaar het ek gewerk om hierdie toorn
bedaar te kry. Nou vrees ek dit gaan weer
in ligtelaaie staan.

Laat ons probeer om dit te keer. Ons gaan.

[Exeunt.]

VYFDE BEDRYF

EERSTE TONEEL.

*'n Kerkhof.**(Twee Hansworste kom binne.)*

EERSTE HANSWORS: Moet sy die begrafnis van 'n Christin kry, wat opsetlik na haar redding soek?

TWEEDE HANSWORS: Ek sê jou mos sy moet. Maak dadelik haar graf. Die magistraat wat haar lyk geskou het, het beslis dit moet 'n Christelike begrafnis wees.

EERSTE HANSWORS: Hoe kan dit wees, tensy sy haar in nood-weer self verdrink het?

TWEEDE HANSWORS: Hoekom? Maar dis mos so beslis!

EERSTE HANSWORS: Dit moet wees, „se offendendo.” Dit kan nie anders wees nie. Kyk, hier is 'n punt. As ek my met voorbedagte rade sou verdrink, dui dit 'n handeling aan; 'n handeling het drie sytakke; dit is om te handel, te doen, en te verrig: argal, sy het haar met voorbedagte rade self verdrink.

TWEEDE HANSWORS: Nee, maar luister nou, my goeie grawer—

EERSTE HANSWORS: Laat ek eers klaar praat. Kyk, hier staan die water, reg: hier staan die man; weer reg: as die man nou na die water gaan en homself verdrink, dan of hy nou wil of nie, dan gaan hy—verstaan jy? Maar, as die water na hom toe kom en hom verdrink, dan verdrink hy hom nie self nie, argal, hy wat aan sy eie dood onskuldig is, verkort nie self sy lewe nie.

TWEEDE HANSWORS: Maar is dit die reg?

EERSTE HANSWORS: A, gedoriewaar, dit is; dis die reg by 'n lykskouing.

TWEEDE HANSWORS: Wil jy nou die waarheid hoor? As hierdie dame nie een van die hoë mense was nie, dan sou hulle haar nie as Christin begrawe het nie.

EERSTE HANSWORS: Maar nou praat jy mos. Dis al te jammer dat die hoë mense meer verlof in hierdie wêreld het om hulle te verdrink of hulle op te hang as hulle mede-Christene. Waar's my graaf? Daar is geen hoë lui behalwe tuinmans, slootgrawers en grafmakers; hulle hou vir Adam hoog.

TWEEDE HANSWORS: Het Adam dan ook tot die hoë lui behoort?

EERSTE HANSWORS: Wel, hy was die eerste ene wat 'n wapen soos 'n graaf gedra het.

TWEEDE HANSWORS: Wel, dit kan ek nou gladnie glo nie.

EERSTE HANSWORS: Wat? Is jy 'n heiden? Hoe verstaan jy die Skrif? Die Skrif sê, „Adam het gespit.” Wel, hoe kon hy gespit het, as hy nie met 'n graaf gewapen was nie? Ek sal jou 'n ander vraag vra en as jy my nie raak kan antwoord nie, gaan bieg en pleeg . . .

TWEEDE HANSWORS: Aag! Gaan na die hoenders!

EERSTE HANSWORS: Wie is hy wat sterker bou as 'n messelaar, 'n skeepsbouer, of 'n skrynwerker?

TWEEDE HANSWORS: Die galgebouer, want sy bouwerk oorleef 'n duisendtal bewoners.

EERSTE HANSWORS: Ek hou van jou skerpsinnigheid. Dis goed, die galg. Maar hoe is die galg goed? Dis goed vir wat kwaad doen. Jy doen kwaad as jy sê die galg is sterker as 'n kerk gebou, argal, die galg is goed vir jou. Toe probeer nou weer.

TWEEDE HANSWORS: Wie is hy, wat sterker bou as 'n messelaar, skeepsbouer of 'n skrynwerker?

EERSTE HANSWORS: Ja, vertel my dit en dan kan jy maar uitspan vir vandag.

TWEEDE HANSWORS: Gedorie, hoe moet ek dit weet?

EERSTE HANSWORS: Toe jong!

TWEEDE HANSWORS: By die mis, ek weet nie.

(HORATIO en HAMLET kom in die verte binne.)

EERSTE HANSWORS: Steek nou nie meer jou harsings hieroor onder die karwats nie, want onder slae sal jou domme donkie selfs nie eens sy pas versnel nie. As hulle jou ooit hierdie vraag weer vra, dan sê jy „'n grafgrawer!” Die huise wat hy maak, hou tot die oordeelsdag. Dè, loop versit jouself tot daar by Yaughan en kry vir my 'n kruik vol wyn. [Exit Tweede Hanswors.

(Die Eerste Hanswors neem sy graaf en spit terwyl hy sing):

„In jeug het ek gevry, gevry

En gedink dis baie soet

A, die tyd om my soetlief by my te kry

My dunk, dit was toe niks as goed.

HAMLET: Het hierdie vent dan geen gevoel dat hy kan sing, terwyl hy graftes graaf nie?

HORATIO: Gewoonte het by hom gerustheid aangekweek.

HAMLET: Dis waar, die hande wat weinig werk se voelkrag is ook fyner.

EERSTE HANSWORS (sing):

„Maar ouderdom met stille tred

Het my met klou gegryp,

En my toe grondwaarts ingeskeep

[Hy gooi 'n kopbeen uit.

Asof daar nooit iets was as ek.”

HAMLET: In daardie kopbeen was daar eens 'n tong en dit kon sing; hoe smyt die vent dit op die grond asof dit die kakebeen van Kain is, die eerste moordenaar. Altemit is dit die harspan van 'n politikus, wat nou deur daardie esel uitoorlê word, een van die wat 'n kronkel-draai om God sou gooi; of hoe?

HORATIO: Dis moontlik, my heer.

HAMLET: Of die van 'n howeling, wat kon sê, „Goeiemôre,

my goeie lord. Hoe gaan dit met my gawe lord." Dit mag ook lord so of so gewees het, wat my lord so-of-so se perd geprys het omdat hy dit wou leen—of hoe?

HORATIO: Ja, my heer.

HAMLET: Presies so; en daar's Mevrou de Wurm s'n, sonder kakebeen en op die skedel rondgeslaan met 'n grafgrawer se graaf. Hier is nou vir jou 'n ommekeer en ons het die geluk om dit te sien. Is die bene dan om geen ander rede voortgebring as om jukskei daarmee te gooi nie? Ek ys by die gedagte.

EERSTE HANSWORS (*sing*):

„'n Kielhouer en nog 'n graaf,
'n Doodshemp wat sal pas
'n Gat gemaak met 'n ysterstaaf,
Is goed vir so 'n gas."

[*Hy gooi nog 'n kopbeen uit.*

HAMLET: Daar's nog een! Waarom kan dit nie een van 'n regsgeleerde wees nie? Wat het nou van sy haar-klowery, sy spitsvondigheid geword? Waar is sy presidente, sy reg op grond en sy streke? Waarom verdra hy nou dat hierdie ruwe kêrel hom so op sy dop met 'n vuil graaf klop, sonder om te praat van 'n eis weens sware aanranding? Hierdie vent kon in sy tyd 'n groot grondeienaar gewees het met sy wette, sy skulderkenning, sy afkopings, sy dubbele getuienisse, sy invorderings; is dit die end van sy afkopings, is dit die herstel van sy invorderings, as sy fyn harspan so vol fyn grond gemaak is? Sal sy bewyse meer van sy aankopinge kan getuig, selfs die dubbeles, as die lengte en breedte van 'n paar geskeurde perkamentvelle? Die transporte sal nie eens in hierdie kis kan kom nie; en moet die besitter dan nog iets meer hê? Ha!

HORATIO: Geen jota meer nie, my heer.

HAMLET: Word perkament dan nie uit skaapsleer vervaardig nie?

HORATIO: Ja, my heer, en ook van kalfsleer.

HAMLET: Dié wat sekerheid in perkament gaan soek, is skape en kalwers. Ek wil met hierdie vent praat. Sê my, kêrel, wie se graf is dit?

EERSTE HANSWORS: Myne, meneer. (*Sing weer*):
„'n Gat gemaak met 'n ysterstaaf
Is goed vir so 'n gas.”

HAMLET: Joue inderdaad, terwyl jy daar binne-in staan en leuens verkoop.

EERSTE HANSWORS: U staan daar buite en verkoop leuens, en daarom is dit nie van u nie. Wat my betref, daar binne sal ek nie lê of lieg nie, maar tog is dit myne.

HAMLET: Jy lieg daar uit as jy daarin staan en sê dis joue. Dis vir die dooies en nie vir lewendiges nie. Daarom is jy 'n leuenaar.

EERSTE HANSWORS: Meneer, dit lyk vir my hier is twee leuenaars. Ons vertel dit vir mekaar.

HAMLET: Vir watter man graaf jy die graf?

EERSTE HANSWORS: Nie vir 'n man nie, meneer.

HAMLET: Vir watter vrou dan?

EERSTE HANSWORS: Ook nie vir 'n vrou nie.

HAMLET: Wie moet dan daarin begrawe word?

EERSTE HANSWORS: Een wat 'n vrou gewees het, meneer, maar sy's dood. Mag haar siel in vrede rus.

HAMLET: Hoe letterlik is die vent! Ek moet nou presies wees, want dubbelsinnigheid sal my onklaar laat trap. Magtig, Horatio, gedurende die afgelope drie jaar het dit my opgeval dat die mindere klas so puntenerig en oorpresies geword het, dat hulle toon so na aan die van 'n howenier kom, dat hulle hom op sy tone trap. Hoe lank is u al 'n grafgrawer?

EERSTE HANSWORS: Van al die dae van die jaar het ek op daardie einste dag waarop ons oorlede koning, Hamlet, vir Fortinbras oorwin het, met my grafgrawery begin.

HAMLET: Hoe lank is dit gelede?

EERSTE HANSWORS: Weet u dit nie? Elke gek weet dit. Dit was dieselfde dag waarop jong Hamlet gebore is—u weet die een wat mal is en na Engeland gestuur is.

HAMLET: Gedorie, ja. Hoekom het hulle hom na Engeland gestuur?

EERSTE HANSWORS: Hoekom? Omdat hy mal is. Daar sal hy weer reg word; so nie sal dit daar ook nie veel saak maak nie.

HAMLET: Hoekom nie?

EERSTE HANSWORS: Hulle sal dit in Engeland nie opmerk nie. Al die mense daar is net so mal soos hy.

HAMLET: Hoe het hy nou eintlik mal geword?

EERSTE HANSWORS: Baie eienaardig, so word gesê.

HAMLET: Hoe eienaardig?

EERSTE HANSWORS: Gits, man, deur sy varkies kwyt te raak.

HAMLET: Op watter gronde?

EERSTE HANSWORS: Maar hoe dan? Op hierdie Deense grond. Ek is koster hier vir dertig jaar—seun en man.

HAMLET: Hoe lank sal 'n man in die grond lê voordat hy sleg word?

EERSTE HANSWORS: Gits as hy nie reeds voor sy dood al sleg is nie—en ons kry teenswoordig baie lyke wat kwalik tot die begrafnis hou—dan neem dit so agt tot nege jaar: 'n looier sal nege jaar neem.

HAMLET: Hoekom neem hy langer as die ander?

EERSTE HANSWORS: Wel, meneer, sy vel is deur sy ambag so gelooi dat dit vir 'n lang tyd die water van hom sal weghou en water is vir jou die ding om 'n lyk te laat vergaan. Kyk hier is nou vir u 'n kopbeen. Hierdie kopbeen het in die aarde gelê—drie-en-twintig jaar.

HAMLET: Wie s'n is dit?

EERSTE HANSWORS: 'n Optelkind, 'n mal man s'n. Hoe dink u wie s'n is dit?

HAMLET: Nee, hoe sal ek weet?

EERSTE HANSWORS: Mag hy die pes kry, die malle duiwel. Hy

het eenkeer 'n fles Rynse wyn op my kop omgekeer. Hierdie kopbeen, meneer, was Yorick se kopbeen, die koning se harlekyn.

HAMLET: Dit?

EERSTE HANSWORS: Ja dit.

HAMLET: Laat ek 'n bietjie kyk. Helaas, arme Yorick. Ek het hom geken, Horatio; 'n vent met 'n onbeperkte geestigheid en eersteklas verbeelding: 'n duisend keer het hy my rond geabba; hoe afskuwelik is dit nou in my verbeelding! Ek word daar mislik van. Hier het die lippe gehang wat ek gesoen het—ek weet nie hoeveel keer nie. Waar is u skimpe nou, u liedjies, u bokkespronge, u dartelende geestigheid wat vaak 'n skaterlag aan tafel uitgelok het. Daar is nou gewis niemand wat om u gryns kan lag nie. Jy lyk heeltemal beteuterd. Loop nou na my vrou se kamer toe en sê aan haar dat sy haar verflaag minstens 'n duim dik moet smeer; haar gesig moet sy daartoe bring; laat haar dááror lag. Ek bid u, Horatio, kan u my oor iets inlig?

HORATIO: Wat is dit, my heer?

HAMLET: Dink jy Alexander het ook so daaruit gesien na hy in die grond gelê het?

HORATIO: Ja, net so.

HAMLET: Het hy ook so geruik? Ga!

HORATIO: Ja, net so, my heer.

HAMLET: Vir welke onwaardige doeleindes kan ons nog bruikbaar word! Waarom sal ons nie in ons verbeelding, die edel stof van Alexander volg nie, tot ons dit vind waar dit 'n sponsgat toestop nie?

HORATIO: Om so daaroor te dink, is om seer eienaardig daaroor te dink.

HAMLET: Nee, maskas, gladnie in die minste nie; laat ons hom sedig volg, waarheen waarskynlikheid ons lei. So: Alexander is oorlede; Alexander is begrawe; Alexander het tot stof gekeer; stof is aarde; van aarde maak ons

klei; waarom sal hulle nie van daardie klei, waarin hy verander is, gebruik om 'n biervat mee toe te smeer nie?

„Koninklike Cæsar dood, tot klei geknee
Vul 'n gat om wind geen deurwaai kans te gee.
Ai, dat aarde wat met luister almal kon verblind,
Daartoe kan kom om 'n muur te lap teen winter-
wind.”

Maar wag, saggies, gee pad, hier kom die koning,

(*Priesters, die lyk van OPHELIA, LAERTES, Roudraers, KONING, KONINGIN en gevolg kom binne.*)

die koningin, die howeniers: vir wie volg hul. Die plegtigheid so afgekort? Dit dui daarop dat daardie dooie aan sy lewe, die eie woeste hand geslaan het. Dis iemand van betekenis. Laat ons 'n bietjie skuil en kyk.

[HAMLET en HORATIO staan terug.

LAERTES: Is die plegtigheid hiermee voltooi?

HAMLET: Dis Laertes daardie, 'n edel jonge man. Kyk net.

LAERTES: Is die plegtigheid hiermee voltooi?

EERSTE PRIESTER: Haar lykdienis is so uitgebrei sover as ons geoorloof is: haar dood wek twyfel en as owerheidsbevel nie sterker as die kerk se voorskrif was, sou sy in ongewyde grond moes lê tot aan die jongste dag; in stede van welwiltende gebede moes vuurklippers, kieselsteen en skerwe haar gevolg het in haar graf en tog kry sy as maagd haar krans, as meisie kry sy blomme en word sy met

gelui van doodsklok op haar laaste rus-
plek tuis gebring.

LAERTES: Moet daar nou niks meer volg
nie?

EERSTE PRIESTER: Niks meer volg nie. Ons sal die begraf-
nisdiens ontheilig as 'n sielmis nou
vir haar gesing sou word en ons aan haar
die rus toewens soos aan die siele wat
in vrede heengegaan het.

LAERTES: Lê haar in
haar graf en mag haar rein en onbevlek-
te vlees viooltjies voortbring.
Vir jou, jou onbeskofte priester
sê ek, my suster sal 'n liefdery-
ke engel wees as jy jou tande kners.

HAMLET: Wat, die mooi Ophelia?

KONINGIN (*Strooi blomme in die graf*):

Lieflikheid vir die lieflikes, vaarwel.
Dit was my hoop dat jy my Hamlet nog
tot vrou sou wees en ek 'n bruid se bed
sou tooi, in stede van jou graf, lief kind,
met blomme strooi.

LAERTES: Drievoudig smart, daal tien-
keer drievoud neer op die vervloekte hoof,
wat jou vernuftige verstand van jou
geroof het met sy snode daad. Hou t'rug
die grond dat ek haar nog eens in my arms
kan hou. Hoop nou die aarde op die dooi-
[Hy spring in die graf.]
e en die lewende en maak 'n berg
op die gelykte hier, so hoog dat dit
ver bo ou Pelion of bo die he-
melhoof van blou Olympus uitsteek.

HAMLET: Wat
is hy wat sy smart so benadruk, wie

se rouklag die planete, met verwondering gekwes, laat staan en luister?

Dit is ek, Hamlet, die Deen. [*Spring ook in die graf.*

LAERTES: Mag die duiwel jou siel beetkry.

[*Hulle pak mekaar.*

HAMLET: Jy bid onpaslik. Ek versoek dat u u vingers van my keel afneem. Ek is nie roekeloos, nog loop daar oor my lewer iets, maar in my binneste is daar tog iets, wat u verstandigheid gerus kan vrees. Neem weg u hand.

KONING: Ruk hulle van mekaar.

KONINGIN: Ag Hamlet, Hamlet!

ALMAL: Menere!

HORATIO: Bedaar, my goeie heer.

[*Die bediendes trek hulle van mekaar en hulle kom uit die graf.*

HAMLET: Nou toe! Ek sal met hom oor hierdie tema veg, totdat my ooglid ophou knip.

KONINGIN: My seun en watter tema dan?

HAMLET: Ek het

Ophelia bemin; ja, veertigduisend broers kan nie met hul hoeveelheid liefde myne ewenaar nie. Wat sal u vir haar wil doen?

KONING: O hy is mal, Laertes.

KONINGIN: Om godesliefde wees verdraagsaam teenoor hom.

HAMLET: By al die wonde van 'n Christus, sê wat u sal doen? Sou u kan ween, kan veg, kan vas, uself verskeur, asyn opdrink, 'n krokodil opvreet? Ek sal. Kom u hier tjank? Kom u my van my wysie bring, deur in haar graf te spring en lewendig met haar begrawe te wil word? Dit kan

ek ook. En as u hier oor berge klets
laat hul miljoene morge op ons gooi,
totdat ons hoop sy harspan teen die vuur-
bol skroei en Ossa soos 'n vratjie lyk.
As u die mond vol het, ek kan ook klets
so goed as u.

KONINGIN: Dis louter waansin. En so
bly dit solank die toeval duur. Maar wel-
dra sal soos by 'n duif, wanneer haar gou-
e kleintjies uitgebroei is, stilte hom
oorval.

HAMLET: Maar luister hier, meneer. Waarom
behandel u my so? Ek het u altyd hoog
waardeer. Maar dit traak my nou nie meer nie.
Laat Hercules verrig wat hy vermag.
'n Kat moet miaau en net so kry 'n hond sy dag.

[Exit HAMLET.]

KONING: Horatio, my goeie man, ek smeeek u volg hom.

[Exit HORATIO.]

(Die KONING vervolg teenoor LAERTES.)

Vermeerder u geduld met ons gedag-
tes van gistraand. Met hierdie saak sal ons
onmiddellik gaan deurtas. Gertrude lief,
laat tog u seun 'n bietjie dophou. Hier-
die graf sal sekerlik 'n duursaam mo-
nument gaan kry. Eerlang sal daar vir ons
'n uur van welverdiende rus aanbreek.
Tot dan moet ons geduldig planne kweek.

[Exeunt.]

TWEEDE TONEEL.

'n Saal in die kasteel.

(HAMLET en HORATIO kom binne.)

HAMLET: Genoeg hiervan. Nou sal u van die ander hoor. Onthou u die omstandighe-
de nog?

HORATIO: Onthou, my heer!

HAMLET: In my gemoed,
meneer, was daar 'n soort strydlustigheid
wat my nie wou laat slaap het nie. Dit het
vir my gevoel asof ek slegter lê
as muiters in hul boeie. Roekeloos
—en laat ons roekeloosheid daarom loof
opdat ons weet hoe onbesonnenheid
ons goed te staan kan kom, as ons geheim-
ste planne skipbreuk ly; dit leer ons weer
dat daar 'n godheid is wat oor ons doelstellings
beskik, hoe ons ook wik—

HORATIO: Dis al te waar.

HAMLET: —het ek
uit my kajuit gesluip, my seehemp om my heen
geswagtel; in die donkerte gestrom-
pel om hul lêplek te ontdek: my wens
vervul: met langvingers hul pakkie aan-
geraak; tenslot terug na my kajuit:
maniere glad vergeet; deur vrees was ek
toe so vermetel om die seëls te breek
van hulle grootse hoë opdrag waar
geskrywe staan, Horatio—o ko-

ninklike skurkery—'n duidelike opdrag, volgelaai met 'n verskeidenheid van redes oor ons Deense koning se gesondheid en van die van Engeland, met ho! ou blinkoog en kabouters in my lewe, dat as dit bekend is moet daar nie gewag word nie, nee, nie eens te talm totdat 'n byl geslyp is nie, maar dadelik my kop moet afslaan.

HORATIO: Wat
vertel u my!

HAMLET: Hier is die opdrag. Later kan jy dit gaan lees op jou gemak. Maar wil jy verder hoor wat ek gedoen het?

HORATIO: Al te graag, my heer.

HAMLET: Terwyl ek so met skurkery omspan is—voordat ek die saak kon voorlê aan my brein het dit die spel begin—het ek gaan sit, 'n nuwe opdrag opgestel, dit mooi geskryf: ek het dit voorheen, soos ons staatslui, erg verag om mooi te skryf, en ook gesukkel om dit af te leer, maar nou, meneer, was dit 'n redding uit my nood. Wil u soms weet wat ek geskryf het?

HORATIO: Asseblief
my goeie heer.

HAMLET: In erns 'n lang beswering van die koning. Aangesien dat Engeland sy trou skatpligtige tans is en aangesien die liefde tussen hul soos palms mag gedy, en aangesien die vrede reeds haar tarwekrans behoort te dra en ook die skakel tussen hul-

le vriendskap sal bly wees en nog met baie aangesiens en nademaals van groot gewig—DAT sodra die inhoud hiervan waargeneem en dit bekend is, hy, die toonders van die stukke sonder meer moet dood, ja selfs 'n oomblik om te bieë moet nie gegun word nie.

HORATIO: Hoe het u dit verseël?

HAMLET: Maar kyk, selfs dit was deur die hemel klaar gereël. Die seëling van my vader wat gedien het as model vir daardie Deense seël, het ek juis in my beurs gehad; die geskrif het ek presies soas die ander een gevou, geteken en verseël, dit veilig weggeberg, die wisselkind steeds onbekend. Die dag daarop was ons geveg; wat daarna volg is reeds aan jou bekend.

HORATIO: Maar dan ry Guildenstern en Rosencrantz mos aan die pen.

HAMLET: Maar man, dis hulle wat na hierdie werk gevry het. Naby my gewete kom hul nie. Hul neerlaag groei uit hulle indringing. Gevaarlik is dit vir die mindere natuur om tussen stoot en felverwoede sabelpunt, van magtige bevegters te beland.

HORATIO: Maar watter koning is dit die?

HAMLET: En dink u nie dis nou my plig om hom—hy wat my koning doodgemaak, my moeder so bevlek het, tussen die verkieping en my hoop hom ingewip het, ja gehengel na my ware lewe met geveinsdheid sonder weerga—is dit dan geen rein gewete om met hierdie arm hom

betaal te sit nie? Is dit nie om verdoem te wees om hierdie kanker in ons midde toe te laat om verder kwaad te stig nie?

HORATIO: Binnekort moet hy berig ontvang uit Engeland omtrent die uitslag van die sake daar.

HAMLET: Voor kort. Die interim behoort aan my. 'n Man se lewe niks meer as net sê „mes.” Horatio, dit spyt my seer, dat ek myself teenoor Laertes so vergeet het, want my saak se beeltenis toon my die afbeelding van syne. By hom sal ek gaan witvoet soek, dis net sy snoewery met droefheid wat my briesend kwaad gemaak het.

HORATIO: Vrede, wie is daar?

(OSRIC kom binne.)

OSRIC: U heerskap is seer welkom t'rug in Denemarke.

HAMLET: Ek bedank u nederig, meneer. (*Tersy aan Horatio*): Ken jy hierdie malby?

HORATIO (*tersy aan Hamlet*): Nee, my goeie heer.

HAMLET (*tersy aan Horatio*): U toestand is soveel te meer be-
haaglik, want om hom te ken is sonde. Hy besit groot en vrugbaar grond: laat 'n bees die heer van beste wees, sy krip sal aan die tafel van die koning staan; hy's 'n pappegaai, maar ryk in die besit van vullis.

OSRIC: My goeie heer, indien dit gerieflik vir u is, sal ek aan u iets oordra van sy majesteit.

HAMLET: Dit sal ek ontvang met al die ywer van my gees. Gebruik u hoed waarvoor dit bestem is. Dis vir die hoof bedoel.

OSRIC: Ek bedank u heerskap. Dis erg warm.

HAMLET: Nee, glo my, dis baie koud. Die wind waai noord.

OSRIC: Ja my heer, dis regtig taamlik koud.

HAMLET: Nee, dit skyn my dis benoud en warm, of my gevoelens—

OSRIC: Uitermate, my heer, dis baie benoud—soos dit is—hoe sal ek sê? Maar my heer, sy majesteit het my beveel om aan u bekend te maak dat hy 'n groot weddenskap op u hoof gemaak het: meneer, die saak sit so—

HAMLET: Ek soebat u, onthou— (*Hamlet oorreed hom om die hoed op te sit.*)

OSRIC: Nee regtig liewers nie, liewers nie, regtig nie. Meneer, daar het so pas aan die hof hier aangekom, Laertes; glo my 'n ware heer, gedistingeerd, meneer, innemend en van gawe voorkoms; inderdaad, om met oordeel oor sy eienskappe uit te wei, hy is die ware prent en beeltenis van adellui; in hom vind u die verpersoonliking van alles wat 'n heer sou wens te wees.

HAMLET: Meneer, in u is daar geen tekort aan sy omlyning nie, hoewel ek my daarvan bewus is dat om hom by wyse van 'n inventaris op te som, die rekenkunde van geheue duiselig sal maak; en tog sal dit na alles slinger as gevolg van snelle seil. Maar in die waarheid van sy ophemeling, glo ek dat hy 'n siel is van groot betekenis en sy eienskappe so kosbaar en so seldsaam, dat—om van hom iets te sê wat sy eer sal ewenaar—sy gelyke in sy spieël te vinde is, en wie hom ook wil teken, gee slegs sy skaduwee, niks meer.

OSRIC: U heerskap spreek seer onfeilbaar van hom.

HAMLET: Die beduidenis, meneer? Waarom die heer so in ons ongepoetste asem toedraai?

OSRIC: Meneer?

HORATIO: En toe? Is dit onmoontlik om iets in 'n ander styl te verstaan? Jy kan tog seker?

HAMLET: Wat bedui die voorstelling van die heer?

OSRIC: Van Laertes?

HORATIO: Sy beurs is leeg; sy goue woorde is daar uit.

HAMLET: Ja, hy meneer.

OSRIC: Ek weet u is nie onkundig—

HAMLET: Ek wou dat u dit wis, en tog, so waar, as u dit wis sou dit vir my geen getuigskrif wees nie. Nou toe, meneer.

OSRIC: Nie onkundig hoe voortreflik Laertes is nie—

HAMLET: Beken durf ek dit nie, tensy ek my voortreflikheid met syne vergelyk; maar om 'n man te ken is om jouself te ken.

OSRIC: Ek bedoel, meneer, sy voortreflikheid met die wapen; in die skatting van hom, sê hulle is sy gelyke nie te vinde nie.

HAMLET: Wat is sy wapens?

OSRIC: Dolk en sabel.

HAMLET: Dis twee van sy wapens; en nou?

OSRIC: Die koning, meneer, het 'n weddenskap met hom gemaak en ses perde uit Barbarye ingesit; hierteen het hy, na ek verstaan, ses Franse swaarde en ponjaarde met al hulle toebehore, soos gordels, hangers en so aan ingestek: drie van die karre, glo my, is hoogs smaakvol, seer gehoorsaam aan die hef, seer delikate karre van 'n uitvoerige ontwerp en fraai versier.

HAMLET: Wat is die karre waarvan u praat?

HORATIO: Ek wis dat kant-aantekenings u nog sou moes verduidelik voordat u klaar is.

OSRIC: Die karre, meneer, is die hangers.

HAMLET: Die uitdrukking sou nader aan die saak verwant gewees het as ons aan ons sy 'n stuk grofgeskut gedra het; tot dan sou ek dit die hangers noem. Maar, toe nou: ses Barbaryse perde, teen ses Franse swaarde, met

hulle toebehore en drie karre van uitvoerige ontwerp en fraai versier; dis 'n Franse weddenskap teen 'n Deense. Waarom is dit *ingesteek* soos u dit noem?

OSRIC: Die koning, meneer, het gewed dat in 'n tweeveg van twaalf rondtes, tussen u en hom sy aantal treffers die van u met hoogstens drie sal kan oorskry. Hy het gewed vir twaalf teen nege. Die kragmeting sal onmiddellik begin—indien u so goed wil wees om my 'n antwoord te vergun.

HAMLET: En wat as ek sê, „Nee”?

OSRIC: My heer, ek bedoel indien u u persoon in die kragmeting sal wil stel.

HAMLET: Meneer, ek sal in hierdie saal rondwandel: as dit sy majesteit behaag—dis my uur om oefening te neem. Laat die skermsabels kom; as die heer gewillig is en die koning dit verlang, sal ek vir hom wen wat ek kan; so nie, wen ek niks as my skande en 'n paar orige skrape.

OSRIC: Moet ek die boodskap net so aflewer?

HAMLET: Van dieselfde strekking, meneer, met tierlantyne ooreenkomstig u natuur.

OSRIC: My plig beveel ek by u aan.

HAMLET: Die uwe, geheel die uwe. [Exit OSRIC.

Dis gaaf dat hy dit aanbeveel; veel tonge is daar nie wat dit sal doen nie.

HORATIO: Die kiewiet loop weg met die kous op die kop.

HAMLET: As kind het hy die tepel seker met seremonie aangepak voordat hy daaraan gedrink het. So ken hy—en baie van die trop, waarop (soos my bekend) die skuimerige hede skoon versot is—slegs die liedjie van die dag; hulle het 'n bietjie vernis, net aan die buitekant; 'n versameling van 'n winderige aard, wat hulle dwarsdeur dra, met hulle opinies gelyk aan uitgewaaide kaf: maar stel hulle op die proef en die lugbel bars.

('n Heer kom binne.)

HEER: My heer, sy majesteit wat met die jonge Osric sy groete aan u gestuur het, het van hom verneem dat u in hierdie saal sal wag. Hy het my gestuur om van u te hoor of dit u behaag om nou met Laertes te speel, en of u dit later sal wil doen?

HAMLET: Ek bly standvastig in my voornemens; hulle volg die wense van die koning. As sy kondisie praat, myne is reg vir hom; nou, of later as ek dan so reg as tans is.

HEER: Die koning, die koningin, en almal kom hierheen.

HAMLET: Op die gepaste tyd.

HEER: Die koningin versoek dat u 'n bietjie vriendskap moet betoon teenoor Laertes, voordat die spel begin.

HAMLET: Sy gee my goeie raad. [Exit heer.]

HORATIO: Hierdie weddenskap gaan u verloor, my heer.

HAMLET: Ek glo nie. Sedert hy na Frankryk afgereis het, het ek gereeld geoefen. Ek sal met die voorgee wen. Maar jy kan nie glo hoe sleg ek hier binne voel nie; maar dit maak geen saak nie.

HORATIO: Ag nee, my goeie heer.

HAMLET: Dis dwaasheid; 'n soort besorgdheid wat 'n vrou miskien sou hinder.

HORATIO: Wees gehoorsaam aan u voorgevoel, as dit iets wantrou. Hulle koms hierheen sal ek voorkóm deur te gaan sê dat u nie gesond voel nie.

HAMLET: Volstrek nie; ons trotseer voorbodes; geen mossie val sonder die wil van die Vader nie. As dit nou is, hoef dit nie nog te kom nie; as dit nie nog moet kom nie, dan is dit nou; as dit nie nou is nie, sal dit tog moet kom; om gereed te wees is alles: aangesien 'n mens tog niks het aan wat hy verlaat nie, waarom sal hy dit dan nie betyds verlaat nie.

(*Die KONING, KONINGIN, LAERTES, here, OSRIC en bediendes met sabels, kom binne.*)

KONING: Kom Hamlet, kom, ontvang die hand van my.

[*Die koning plaas LAERTES se hand in die van HAMLET.*

HAMLET:

Skenk

my u pardon, meneer. Veronreg het ek u. Verskoon my maar; u is 'n heer. Wel seker het u tog verneem hoe ek gebuk gaan onder kwaai kranksinnigheid. Wat ek gedoen het wat u aard, u eer en u verset in heftig opstand bring, verklaar ek hier was malheid. Was dit Hamlet wat Laertes onreg aangedoen het? Nooit nie Hamlet nie. As Hamlet dan sy positiewe kwyt is en hy hom te buite gaan en vir Laertes krenk—dis dan nie Hamlet nie. Hy, Hamlet, pleit onskuldig. Wie doen dit dan? Sy malheid. As dit dan so is behoort hy tot die seksie wat veronreg is. Sy malheid is die vyand van die arme Hamlet. In teenwoordigheid van die gehoor, meneer, laat my ontkenning van opsetlik kwaad my in u edelmoedige gedagtes kwyt; dat ek die pyl bo oor die huis geskiet het en my broer geraak het.

LAERTES: Wat my natuur, die dryfkrag van my wraak, betref, is ek tevrede, maar in terme van my eer gereken staan ek nog opsy en dink nie aan versoening nie, totdat 'n paar alom geëerde meesters my verseker dat die stem en president van vrede wel my naam gans onbevlek kan hou. Tot dan sal ek u aan-

gebode liefde aksepteer as liefde en sal ek dit nie veronreg nie.

HAMLET: Ek omhels dit sonder voorbehoud en om die weddenskap van broers sal ek heelhartig speel. Gee ons die skermsabels. Kom aan!

LAERTES: Vir my ook een om mee te skerm.

HAMLET: Ek sal vir jou tot skerm dien, Laertes; in my onbedrewenheid sal ek vir jou behendigheid as raam kan dien waarin jou knapheid, skerp geteken, soos 'n ster (sowaar) in donker nag, kan afsteek.

LAERTES: Nee, u hoon my, meneer.

HAMLET: So op my woord.

KONING: Gee hul die skermsabels, Osric. Hamlet, neef, die weddenskap is u bekend.

HAMLET: Seer seker, eed'le heer, u het die swakste voorgegee.

KONING: Ek is vol moed. Ek ken u albei en omdat hy beter is, het ons u voorgegee.

LAERTES: Te swaar is dit, gee my 'n ander een.

HAMLET: Dit pas my goed. Is almal van dieselfde lengte?

OSRIC: Ja, my goeie heer.

[Hulle maak hulle klaar om te skerm.]

KONING: Sit nou vir my die kruike met die wyn op daardie tafel en as Hamlet dan die eerste of die tweede raakskoot gee of as hy hom

sal kwyd in rondte nommer drie, laat dan die grofgeskutte op die vestingsmu-
re losbrand. Ja, dan drink die koning wyn
op Hamlet en sy brandasem. 'n Pê-
rel sal hy in die beker gooi, meer seld-
saam as vier Deense konings na mekaar
in hulle kroon gedra het. Skink die wyn
en laat tamboer aan die trompet en die
trompet weer aan die kanonnier daar bui-
tekant, kanon dan aan die hemel, wat
weer aan die aarde kan verkondig dat
die koning nou op Hamlet drink. Begin!
En julle daar, beoordelaars, kyk wak-
ker uit julle oë.

HAMLET: Kom, meneer!

LAERTES: Toe nou
my heer! [*Hulle skerm.*]

HAMLET: Een!

LAERTES: Nee!

HAMLET: Hoe's dit?

OSRIC: Dis raak, ja on-
miskenbaar raak.

LAERTES: Nou weer.
[*Trompetgeskal en kanongebulder.*]

KONING: Wag, gee hier 'n beker drank. Die pêrel, Hamlet,
is tans
jonne. Hier gaan jou gesondheid. Gee hom nou die
beker aan.

HAMLET: Nog eers die rondte speel. Sit dit tot dan
opsy. Kom! Raak! (*Hulle skerm.*) Weer raak, of hoe?

LAERTES: 'n Tikkie ja, dit word erken.

KONING: Ons seun,
sal wen.

KONINGIN: Hy's vet; sy wind is op. Ham-
let, hier's my sakdoek. Vee jou wenkbrou af.

Die koningin fuif reeds jou vorspoed.

HAMLET: Goed,
mevrou.

KONING: Moet dit nie drink nie, Gertrude.

KONINGIN: Ek sal, my heer, verskoon my asseblief. [*Sy drink.*]

KONING (*tersy*): Dit is die beker met die gif, te laat!

HAMLET: Mevrou, ek durf nou nog nie drink nie. Strak-
kies wel.

KONINGIN: Kom laat ek jou gesig afvee.

LAERTES: My heer, ek sal hom netnou tref.

KONING: Dit betwyfel
ek.

LAERTES: En tog dis amper teen my rein
gewete.

HAMLET: Toe, Laertes nou vir tref-
fer nummer drie. U talm slegs, stoot met al
u beste krag. Ek vrees u hou my vir
die gek. [*Hulle skerm.*]

LAERTES: Bedoel u dit? Kom aan!

OSRIC: Aan al-
bei kante, niks.

LAERTES: Die hou het hy nou weg.

(*LAERTES wond vir HAMLET en in 'n geharwar kry HAMLET
LAERTES se degen in die hande en LAERTES dié van HAMLET.*

HAMLET wond vir LAERTES met die vergiftigde degen.)

KONING: Maak hulle uitmekaar. Hulle is vertoornd.

HAMLET: Toe, kom weer.

OSRIC: Hei, daar, let op die koningin!

HORATIO: Albei bloei. Hoe gaan dit my heer?

OSRIC: Hoe gaan dit Laertes?

LAERTES: Soas 'n houtsnip in my eie strik, Osric, tereg ge-
dood deur my verraad.

HAMLET: Hoe gaan dit met die koningin?

KONING: Sy kry
'n floute as gevolg van hulle bloed.

KONINGIN: Nee, nee, die drank, die drank, my liewe Hamlet, gif in daardie wyn. Ek is vergiftig. [*Sy sterf.*]

HAMLET: O skurkery! Sluit toe die deur! Verraad!

Ontdek dit nou. [LAERTES *val.*]

LAERTES: Dis hier, hier Hamlet, jy's 'n kind des dood: geen medisyn ter wêreld kan jou red nie. Skaars 'n halfuur het jy nog te leef. Die valse instrument, vergiftig, sonder knoop, lê in jou hand. My snode daad, het teen myself gekeer. Ek lê om nooit weer op te staan. Jou moeder is vergewe. Meer kan ek nie doen nie. Dis die koning wat die skuld hiervan moet dra.

HAMLET: Die punt ook nog vergiftig! Gif doen dan jou werk. [*Hy steek die koning.*]

ALMAL: Verraad, verraad.

KONING: Verde- dig my, my vriende. Ek is slegs beseer.

HAMLET: Bloedskandige, moorddadige, vervloekte Deen, drink op die brousel. Is jou kosbaarheid ook hier in? Volg my moeder!

[*Koning sterwe.*]

LAERTES: Dis sy verdiende loon. Die gif het hy met sy eie hand gemeng. Laat ons mekaar vergifnis skenk. Onskuldig is jy aan ons dood, myne en my vader s'n. Joue rus ook nie op my nie.

HAMLET: Genadig sy die hemel jou. Ek kom. Ek sterf, Horatio. Armsalig koningin, adieu. En julle wat verbleek, verstom, oor die gebeure ys, is figurante of gehoor by 'n toneel— as ek net tyd had, (maar die dood, 'n streng balju, vang raak) kon ek vertel, maar laat

dit daar. Horatio, ek sterf. Jy leef.
Verkondig tog my strewe en my reg
aan die wat ontevrede is.

HORATIO: Nie ek
nie. Ek is meer 'n ou Romein as Deen.
Die beker het nog gif in.

HAMLET: Nee, as man
moet jy dit aan my gee. Laat los! Dis ék
wat dit sowaar moet hê! My vriend Horatio,
wat 'n gekweste naam met al die on-
bekende dinge moet my nou oorleef!
Indien jy ooit my in jou hart gekoes-
ter het, onthou jou van die saligheid
voorlopig, skeep in pyn in hierdie ru-
we wêreld asem en vertel my treu-
rige geskiedenis. Maar watter krygs-
rumoer is dit?

[*Marsmusiek in die verte en kanon-gebulder.*

OSRIC: Jong Fortinbras, oorwin-
naar van die Pole, gee aan die gesan-
te vanuit Engeland die salvo wat
so klink na oorlog.

HAMLET: O! Ek sterf. Hora-
tio, reeds triomfeer die sterk vergif
oor my gemoed. Ek kan nie lewe om
die nuus uit Engeland te hoor nie, maar
ek sê vooruit die keuse val op For-
tinbras. Terwyl ek sterf, stem ek vir hom.
Vertel hom tog van die gebeurtenis-
se groot en klein wat my beïnvloed het—
'n sluier oor die res. [HAMLET sterf.]

HORATIO: Daar gaan 'n e-
del hart nou staan; vaarwel, my dierbaar prins,
en mag 'n skaar van engele jou na

jou rusplek sing. Maar waarom kom die trommel hierheen?

(FORTINBRAS en gesante van Engeland kom binne.)

FORTINBRAS: Wat! wat sien ek hier?

HORATIO: Wat is

dit wat u sou wou sien? Indien iets vir verbasing of vir smart, hou op met soek.

FORTINBRAS: Die wild roep luid om wraak. En watter fees, of fiere dood, berei u in die ewigheid dat u so baie prinse in een slag, so bloedig neergeslaan het?

EERSTE GESANT: Ai,

'n aaklige gesig is dit. Ons sake vanuit Engeland kom laat; die ore wat moes hoor dat sy gebod gehoorsaam is, dat Rosencrantz en Guildenstern die dood gesterf het, is nou doof. By wie moet ons ons dank ontvang?

HORATIO: Uit sy mond nie, al het dit lewe om te dank gehad.

Hul dood het hy nog nooit beveel nie, maar terwyl u nou so juis op hierdie bloedbad afgekom het, u van Engeland en u van Poolse oorloë, beveel dan dat die lyke op 'n steier, hoog vertoon word en laat my dan praat met 'n oningeligte wêreld oor hoe hierdie dinge voorgeval het. Dan sal u verneem van sinnelike, bloedige en onnatuurlike bedrywe, van toevallige veroordelings, terloopse slagtings, moorde slu gepleeg, om redes vér gesog en as gevolg hiervan, meer planne, wat toe misgeloop het en

